# MALEÁGI SE BOODSKAP

## Aan die Kerk van God Vandag

GERALD FLURRY

# MALEÁGI SE BOODSKAP

## Aan die Kerk van God Vandag

DEUR GERALD FLURRY

**Hierdie boek mag nie verkoop word nie.**
Dit is ‘n gratis opvoedkundige diens in die openbare belang en word deur die Filadelfia Kerk van God.

© 1990, 1995, 1999, 2004, 2008
Filadelfia Kerk van God
*Alle regte voorbehou*

Gedruk in die Verenigde State van Amerika
Skrifgedeeltes in hierdie publikasie word vanuit die 1953 Afrikaanse Vertaling aangehaal, tensy andersins vermeld.

# *Inhoudsopgawe*

**Voorwoord** ........ ix

**Inleiding** ........ xi

1 **‘n Oproep ter Herinnering** ........ 1

2 **Hou Vas** ........ 20

3 **Era van die Laodicense** ........ 34

4 **Volg Elía** ........ 52

5 **Eindtyd Josua in Gevangenskap ................................68**

6 **“Mens van Sonde”......................................................81**

7 **“Julle Mag nie Profeteer nie”....................................108**

8 **Kerkverdeeldheid.....................................................121**

9 **Maleági se Boodskap................................................140**

**Naskrif......................................................................156**

# Voorwoord

Hierdie is 'n verhaal oor God se Kerk wat die spoor byster geraak het en wat God gedoen het om hierdie tragedie te verander.

Die Wêreldwye Kerk van God (WKG) is in 1934 deur Herbert W. Armstrong gestig (alhoewel onder 'n ander naam) en is deur hom vir meer as 51 jaar gelei, om ten tye van sy dood in 1986, die hoogste ledetal, inkomste en globale impak te hê. Joseph Tkach, die opvolger wat hy gekies het, het as Pastoor-generaal met die verklaarde doel om "sy voorbeeld te volg," begin.

Verontrustende en veelseggende wysigings in Kerkleerstellings, word egter kort daarna ingevoer. Hierdie veranderinge het 'n afwyking in die rigting van die Kerk openbaar, wat uiteindelik tot verwoesting sou lei.

*Maleági se Boodskap* was oorspronklik in 1989 geskryf, toe die nuwe rigting in God se Kerk, nie eintlik opmerkbaar was nie. Die boek was hoofsaaklik daarop gemik om die bediening van die WKG op hul hoede te stel oor wat regtig besig was om te gebeur en terselfdertyd die lidmate se aandag daarop te vestig. Toe daar 'n vroeëre proefskrif van die boek onder die aandag van die WKG leiers in Pasadena, Kalifornië gebring was, is Gerald Flurry en John Amos, sy assistent, as leraars van die

WKG ontslaan. Soos in hierdie boek verduidelik word, is die Filadelfia Kerk van God (FKG) onmiddellik daarna gestig.

Sedert die boek vir die eerste keer in 1990 gedruk was, is meer as 100,000 kopieë van *Maleági se Boodskap* uitgereik. In vroeëre herdrukke van die boek het die FKG gepoog om tred te hou met die gewysigde leerstellings wat vanuit die WKG te voorskyn gekom het. Die wysigings het vinnig toegeneem en dit het vir mense binne en buite die Kerk in toenemende mate duidelik geword.

Gedurende die laat 90's egter, het so baie verander en was die vooruitsigte van die nou verbrokkelende Kerk van God so anders, dat ons besluit het om die boek hoofsaaklik soos dit te midde van die WKG se doktrinale gedaanteverwisseling was, te behou. Tans kan die WKG, skaars herken word as die Kerk wat deur Herbert Armstrong gestig was. Verskeie ander kerke is gevorm nadat hulle die WKG verlaat het, elkeen met 'n wisselende mate van die waarheid wat deur mnr. Armstrong daargestel was. Hierdie groepe gaan onafgebroke teen 'n vinnige pas voort om te verbrokkel. Liewer as om klein wysigings dwarsdeur die hoofinhoud van *Maleági se Boodskap* aan te bring, het ons besluit om die leser op hoogte te hou, deur ernstige verwikkelinge, wat sedert 1995 gebeur het, in 'n naskrif te vervat.

# *Inleiding*

In Ruth Tucker se boek "*Another Gospel*," het sy vir Joseph W. Tkach geluk gewens met "die rigting" waarin hy die Wêreldwye Kerk van God (WKG) gelei het—weg van die ontslape Herbert W. Armstrong se mees fundamentele leerstellings.

"Dit is duidelik dat die WKG sy denke in verband met Herbert W. Armstrong verander het" (uit 'n geestelike radio onderhoud oor "*Truths that Transform*").

Sedert die afsterwe van Herbert W. Armstrong, is ontsaglike veranderinge in die WKG teweeggebring. Indien u die leerstellings wat deur mnr. Armstrong verkondig was verstaan, kan u sien waarom die Kerk fundamenteel van bo-af verander word. Selfs ander gelowe, kan duidelik sien dat die WKG "sy denke in verband met Herbert W. Armstrong verander het." Is dit egter vir lede van die WKG duidelik? AL DIE BELANGRIKE BOEKE EN BOEKIES VAN MNR. ARMSTRONG, IS MEE WEGGEDOEN!

Verskeie groepe het die WKG verlaat sedert mnr. Armstrong se afsterwe. Ooreenkomstig die Bybel kan NET EEN van daardie groepe God se Werk doen. Dit beteken dat daar net een Kerk is, wat werklik mnr. Armstrong navolg. Indien u 'n verkeerde keuse maak, sal dit beslis fisiese- en geestelike *vervloeking* meebring. 'n Regte keuse egter, sal ongelooflike fisiese- en

geestelike *seën* tot gevolg hê. Derhalwe, is dit noodsaaklik dat die Kerk wat God se finale waarskuwing uitdra, gevind word.

Tot vandag toe, kan geleerdes nie bepaal waar profete soos Nahum en Maleági vandaan gekom het nie. Hierdie manne het egter steeds God se BOODSKAP gehad! Die FKG het tans toegang tot soveel as 300 miljoen mense, via televisie. Dit is 'n deur wat deur God oopgemaak word sodat sy BOODSKAP uitgedra kan word.

Neem kennis, wat 'n leier van een groep wat die WKG verlaat het, te sê gehad het oor wat sou gebeur, indien mnr. Armstrong uit die dood sou herrys, (Ek het die name waarna verwys word, uitgelaat): "Hy [mnr. Armstrong], sou vir [evangelis een] en vir [evangelis twee] gesoek het, en sou hy kon waarneem dat, alhoewel nie perfek nie, daar wel 'n werk gedoen word. Hy sou dan sê, 'Nouja, [evangelis twee], ek het nie gedink dat jy so 'n goeie radio-stem het nie, maar jy maak 'n uitsending, jy weet'. Hy sal miskien dan wonder en sê, 'Wel, jy is nog besig om die waarheid te verkondig. En [evangelis een] jou voorste redakteur en skrywer, is ook nog daar, en hy verkondig ook die waarheid. En nou ['n ander leraar], hy is daar—o, dit is wonderlik.' Hy sou dan dink, 'Wel ja, ek het geweet [evangelis drie] is 'n goeie man en ek is nou bly dat [hy] saam met jou is,' sou hy sê. 'En ek is dankbaar dat sommige van my luitenante die werk van God gedoen het en dat dit nog steeds gedoen word.' En hy sal baie dankbaar wees. En ek bedoel dit."

Hy het die name van drie evangeliste en een leraar wat uit die WKG gekom het, genoem. Daar is egter nog vier of vyf maal soveel hoogaangeskrewe evangeliste, wat *steeds* in die WKG is. Moet ons nou, as gevolg daarvan, teruggaan na die WKG toe? Dit sal onsinnig wees! Satan het hierdie man se gedagtes OP MENSE GEFOKUS—*NIE OP DIE BOODSKAP VAN CHRISTUS NIE!* Soos een van ons lede gesê het, "Dit maak nie saak wie die posbode is nie, solank hy die regte pos aflewer!"

Indien u hierdie man se beredenering biddend oorweeg, kan u sien dat hy nie 'n helder fokus op God se BOODSKAP het nie. Mnr. Armstrong het gedurende die laaste maande van sy lewe, vir lede van die WKG gesê, "Die meerderheid van julle en selfs

baie van julle leraars self, snap dit nie!" Wat mnr. Armstrong na verwys het, was dat mense besig was om hul fokus op die BOODSKAP van God, te verloor.

God sê dat Hy, in hierdie tyd van die einde, 'n BOODSKAPPER na ons sal stuur, "Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk Hy kom, sê die HERE van die leërskare" (Maleági 3:1). Jesus Christus is die boodskapper van die verbond. Die ander boodskapper het die weg vir Christus se Wederkoms voorberei. Hy was die eindtyd *tipe* van Johannes die Doper, wat die weg vir Christus se Wederkoms voorberei het. "Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers" (vers 2). Dit is 'n duidelike verwysing na Christus se Tweede koms. Sy eerste verskyning was beslis nie soos "die vuur van die smelter" nie.

Mnr. Armstrong het vir jare herhaaldelik gesê dat hy hierdie amp beklee het en dat hy 'n eindtyd *tipe* van Johannes die Doper was. Dit is egter vandag, *net* die FKG wat met mnr. Armstrong se leerstelling, van hierdie vers, akkoord gaan. Al—*en ek bedoel al*—die kerke van die Laodiceërs—verklaar *deur hul leerstellings* dat mnr. Armstrong hierdie besondere vers "verdraai en misbruik" het—insluitende baie ander profesieë, wat na sy eindtyd werk verwys. Hulle glo nie dat mnr. Armstrong hierdie amp vervul het nie, alhoewel daar oorvloedige bewyse bestaan dat dit *werklik so* was.

Hoekom bly die Laodiceërs in gebreke om te sien dat mnr. Armstrong al die belangrike profesieë van hierdie eindtyd, vervul het? Omdat hulle fokus, te veel op die man gekonsentreer is—en nie op God en sy BOODSKAP nie!

Daar is drie dele in hierdie vergelyking 1) God, 2) sy boodskap en 3) die menslike boodskapper. Die enigste wyse om die regte boodskapper te volg, is om op God en sy boodskap te konsentreer. DIE GROOTSTE GEESTELIKE GEBREK VAN DIE MENS, WAS NOG ALTYD OM GOD EN SY BOODSKAP UIT DIE OOG TE VERLOOR!

Christus het gesê, dat daar net voor sy Wederkoms, 'n groot wegval van *God se waarheid* sou wees (2 Thessalonicense 2:3-4). Satan sou die mag agter hierdie opstand wees (verse 8-9). Waarom het hulle in opstand gekom? "En met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat *verlore* gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie" (vers 10). God se eie Laodicense Kerk is besig om te vergaan! Waarom? Omdat hulle nie die waarheid—God se BOODSKAP—liefhet nie!

"En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo" (vers 11), God sal die "*KRAG VAN DIE DWALING*" aan sy eie Kerk stuur. Wat is die *krag van die dwaling?* DIT KOM VAN LEIERS BINNE-IN GOD SE EIE KERK, WAT MISLEI IS! KRAG VAN DIE DWALING, INDERDAAD! Die groot tragedie hiervan is dat hulle volgelinge kry, wat na mense opsien en nie na God nie. Hierdie is vandag God se *vernaamste toets,* om te BEPAAL OF SY MENSE DIT "REGTIG SNAP" EN HOM EN SY BOODSKAP WERKLIK LIEFHET.

God het wonderlike lof vir sy UITVERKORENES. "As iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! Of Daar!—moet dit nie glo nie" (Matthéüs 24:23). God is besig om sy eie mense hier aan te spreek. Valse Christendom het nog altyd 'n valse Christus aanbid. HIER PRAAT GOD EGTER MET MENSE WAT DIE WARE CHRISTUS AANBID. En dan versaak baie van hulle die ware Christus en sy boodskap en volg hulle 'n man

Hierdie boodskap is regstreeks tot ons gerig!

Hier is die sleutel om misleiding te vermy. Sodra u 'n deel word van God se waarheid en Werk, moet u daaraan, soos 'n drenkeling aan 'n helpende hand, vasklou. Neem egter kennis, "Indien enige mens" sou poog om u na 'n valse werk van "Christus" te lei, moet u hom nie glo nie. Dit is vandag die monumentale sonde van al die kerke van die Laodicense—wat die Werk van Christus versaak het om 'n mens te volg! Verskeie Laodicese leiers poog om aandag op mense te vestig! Maar die uitverkorenes se fokus is op Christus en sy boodskap gerig en kan hulle nie deur een man of verskeie mense van aansien, mislei word nie. Sodra jy deel is van Christus en sy Werk, moet

jy nooit toelaat dat enige mens, soos wat tans met duisende—*baie* duisende van God se mense gebeur, jou daarvan laat weglei nie!

Binnekort sal dit vir almal duidelik wees uit watter groep, die uitverkorenes bestaan. Dan, sal almal ook besef waarom dit onmoontlik was om hulle te mislei, hulle het nooit die *boodskap* van Christus uit die oog verloor nie.

Dit is die boodskap wat die FKG van alle ander kerke onderskei! "Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei" (vers 24). Die uitverkorenes *kan nie* mislei word nie, omdat hulle fokus *altyd* op die boodskap gevestig is! Nie eers groot tekens en wonders kan hulle mislei nie.

Ek kan vir u hierdie wonderlike belofte van God gee. Moet nooit die boodskap uit die oog verloor nie en u sal *nooit* mislei word nie. Dan sal u toekoms verseker en wonderbaar wees!

Wat beteken dit alles? Is u daarvan bewus dat al hierdie veranderinge van die Laodiceërs geprofeteer was? Baie van die dinge wat sedert mnr. Armstrong se afsterwe gebeur het, word in die boek van Maleági geopenbaar. Indien u *Maleági Se Boodskap,* biddend bestudeer, sal u die menige dringende geskilpunte wat God se mense huidiglik konfronteer, begryp. Ondersoek die Skrifte soos wat die mense van Beréa, dit gedoen het (Handelinge 17:11) en beproef alle dinge (1 Thessalonicense 5:21). Glo dan jou Bybel—nie mense nie!

'n Christen is 'n volgeling van Christus. Sal Christus sy Kerk in 'n verkeerde rigting lei? Nee, Hy sal dit nooit doen nie. Wanneer God se Kerk afdwaal, word dit deur Christus bestraf. Indien hulle nalaat om hulle te bekeer, verwyder Hy die lamp en word 'n ander Kerk of werk opgerig. Dit is wat Hy die meeste van die tyd in die verlede gedoen het (Openbaring 2 en 3). Christus sê, "…sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie" (Matthéüs 16:18). Dus weet ons dat die Kerk wat deur Christus gelei word, êrens op die aarde is en het ons as Christene, die verantwoordelikheid om in daardie Kerk te wees en Christus te volg—nie 'n mens,

of kerk of enige organisasie nie. Is u ‘n ware Christen? Volg u, Jesus Christus? Hierdie is ‘n verskriklike belangrike onderwerp. Ons durf dit nie aan die toeval oorlaat nie, ons saligheid is op die spel!

# 1

# ’n Oproep ter Herinnering

“TOE HET DIE WAT DIE HERE VREES MET mekaar gespreek, en die Here het dit opgemerk en gehoor, en daar is ‘n *gedenkboek* voor sy aangesig geskrywe vir die wat die Here vrees en sy Naam eer” (Maleági 3:16). ‘n Gedenkboek, hoekom? Hierdie is nie die boek van die lewe nie. Dit is ‘n *spesiale* boek, vir ‘n unieke groep mense wat die Here vrees en baie met mekaar in gemeenskap verkeer.

Hierdie is die Filadelfiërs wat *onthou* het. Ons word VERMAAN, OM TE ONTHOU wat ons geleer was (Maleági 4:4-6). Talle profesieë oor die eindtyd bespeek ‘n afvalligheid van opdragte uit die verlede (2 Thessalonicense 2:1-3, 15, Openbaring 3:7-21). DIT IS ‘N GEDENKBOEK, OMDAT HULLE ONTHOU WAT HULLE GELEER HET! Dit is waarom God hulle uit die Groot Verdrukking red (Maleági 3:17, Matthéüs 24:21-22, Openbaring 3:10) en hulle vir ewig, ‘n hoofkantoor amp in sy Koninkryk gee (Openbaring 3:12).

Die Laodiceërs ontsnap nie, omdat hulle *vergeet*—en terugkeer na ‘n Laodicese (louwarm) boodskap. God *onthou* die Filadelfiërgroep, omdat *hulle Hom onthou* het.

“Dan sal julle weer die onderskeid *sien* tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie

dien nie" (Maleági 3:18). As ons wil onderskei wie God dien en wie Hom nie dien nie," sal dit net wees omdat ons DIT, WAT ONS GELEER WAS, ONTHOU HET. Sonder daardie God-geïnspireerde kennis, SAL SATAN DAARIN SLAAG OM ONS TE MISLEI! Dit is 'n baie ernstige bewering—wat op die Bybel gegrond is.

Hierdie is egter meer as net 'n "gedenkboek." Dit is 'n boodskap van Christus, aan diegene wat die opdragte van die verlede onthou. Dit is 'n wonderlike boodskap van bemoediging.

GOD NOEM DINGE WAT HULLE IS! Hierdie dinge draai alles om, *oor te onthou*—deur Filadelfiërs *asook* God self. Baie van ons herinneringe draai om 'n "Elía" en die dinge wat God ons deur hom, geleer het. Dan onthou God die Filadelfiërs en bewaar Hy hulle en sal Hy hulle in die toekoms beloon.

Die hele boek van Maleági, wentel om twee groepe—diegene wat vergeet (die meerderheid) en diegene wat onthou (die minderheid). Is u in daardie gedenkboek? Almal wat nie daarin is nie, is bestem vir die Groot Verdrukking. En 50 persent van die afvalliges sal in die poel van vuur gewerp word. Hierdie is 'n waarskuwing wat ernstig *opgeneem* moet word.

## ***DIE TEMPELPROFETE***

Ongeveer 515 v.C. het Juda vanuit Babiloniese ballingskap teruggekeer om die tempel te restoureer. Na voltooiing van die tempel, het dit net 40 of 50 jaar geneem vir hulle om heeltemal van God se Woord af te dwaal.

Die boek van Maleági is om en by 450 v.C. geskryf.

Haggai, Sagaría en Maleági word as die "tempelprofete" deur die meeste Bybel kommentators bestempel en vir 'n baie goeie rede. Destyds het Haggai en Sagaría na Serubbábel se restourasie van die tempel, wat *toe* nog in aanbou was, gekom. Maleági het nie gekom, tot *jare later, nadat* die tempel herbou was—en die priesters reeds God se weg bederf het.

Haggai maak sewe keer melding van Serubbábel—wat God se nommer van *volmaaktheid* is. Serubbábel het die tempel KLAARGEMAAK of VOLTOOI (Sagaría 4:9). Hierdie profetiese

boeke is presies gestruktureer—net soos wat die Bybel is. Hulle was nie maar net op 'n bloot toevallige wyse saamgevoeg nie.

Fisiese Israel was deur die profesieë van Haggai en Sagaría gekorrigeer *terwyl* die tempel in aanbou was.

Ons wil nie die bedoeling van die tempelprofete se skrywes vir ons, huidiglik oor die hoof sien nie. Ons weet dat meeste profesieë tweeledig is en dat die hoof vervulling daarvan, vir hierdie eindtyd bestem is. Indien Maleági in daardie tyd *na* die voltooiing van die tempel gekom het, wat is sy boodskap vir ons, vandag? In hoe 'n mate is sy boodskap JUIS NOU, op ons van toepassing?

Verskeie kommentators beweer dat Serubbábel 'n ou man was toe hy gesterf het. Die Jode het daarna die spoor byster geraak. Maleági is deur God gestuur om eerstens, die bediening te berispe en tweedens, die mense. Dit was die werklike doel van sy besoek.

Daar is geen verse in Maleági, wat aandui dat die tempel in aanbou was, soos wat daar in Haggai en Sagaría is nie. Die tempel was reeds deur Serubbábel voltooi. Mnr. Armstrong het beweer, dat hy 'n tipe van Serubbábel was. Ons sal sien dat mnr. Armstrong ook 'n werk voltooi het en dat die boek van Maleági, hoofsaaklik *na* sy afsterwe, in vervulling sou gaan.

MALEÁGI, HET OOR DIE OORDEEL VAN NASIES, NIKS TE SÊ GEHAD NIE. Let op: Sy VERNAAMSTE besorgdheid en hooftaak was om die vrees van God in die bediening, lewendig te hou (Maleági 2:1-8). Daar was 'n krisis in die bediening.

Maleági, se gaan na die tempelpriesters, was net 'n *tipe* van wat huidiglik, in God se Kerk, sou gebeur.

In Maleági 1:6 tot 3:3, sal ons sien dat elke vers, spesifiek tot die bediening gerig is. God gaan heel eerste sy leraars suiwer. Sommige leraars het 'n innige liefde vir God (Maleági 3:16), terwyl daar andere is wat God se naam "verag" (Maleági 1:6).

"Smeek dan nou tog die aangesig van God, dat Hy ons genadig kan wees! SULKE DINGE IS DEUR JULLE GEDOEN—sal Hy dan om julle ontwil goedgesind wees? Sê die HERE van die leërskare" (Maleági 1:9). God bestempel die bediening as skuldig. Dit is die hoof *oorsaak* van die Kerk krisis in hierdie eindtyd)."

[J]ulle het baie deur *jul* onderrig *laat* struikel." (Maleági 2:8). Daarna suiwer God die bediening (Maleági 3:3; 4:6). Onthou nou, dat hierdie alles in die eindtyd—net voor Christus se Wederkoms vervul word.

Die gesindheid wat sommige leraars teenoor God openbaar, is vol veragting. "En julle verag dit." (Maleági 1:13). Dit beteken letterlik, "Julle trek julle neuse vir My op." Die "*Soncino*" uitleg sê, die verandering van die voornaamwoord "My" na "dit" was 'n opsetlike wysiging deur die skrifgeleerdes, om die hardheid van die uitdrukking te versag.

Daar is sekerlik nie 'n groter eer as om in die bediening te wees nie. Ook is daar nie 'n groter verantwoordelikheid nie. Die bediening moet altyd geestelik waaksaam wees. Die geskiedenis van die Kerk van God, is met rampe deurspek, wanneer die bediening hul plig versuim.

## ***KERKERAS***

In 1982, was 'n preek deur Dr. Herman Hoeh, 'n WKG evangelis van baie jare, gegee. Dit was gekopieer en aan die lidmate wat swaar van gehoor was, gestuur. Die titel was "Kerkeras" (Openbaring 2:3). In daardie boodskap het hy gesê, "Die gemeente van Éfese het 'n groot verantwoordelikheid gehad. Hulle was gemaan om 'n liefde, wat by die liefde van God pas en wat in broederlike liefde weerspieël word, te verkry. 'n Liefde wat so belangrik is, dat al sou hulle al die ander Werk doen, maar nie die liefde het, dat God gesê het, *Ek sal kom en* JULLE KANDELAAR *van sy staanplek af, verwyder, tensy, julle tot bekering kom.* In werklikheid, het dit beteken, dat PLEKS DAARVAN DAT DAARDIE GEMEENTES, AS 'N GEHEEL AANGEGAAN HET OM DIE WERK TE DOEN, MOES MENSE DAARDIE GEMEENTES VERLAAT EN 'N HELE NUWE ORGANISASIE HET ONTSTAAN. Daardie gemeentes wat, toe die lamp uitgedoof is, nie liefde gehad het nie, het die basis van die Grieks Ortodokse Kerk, in die Griekse wêreld geword." (Beklemtoning myne).

Dr. Hoeh het gesê dat "mense daardie gemeentes moes *verlaat* en dat 'n hele nuwe organisasie ontstaan het." Wat

sou gebeur het, indien hulle by die leierskap en die Kerk van daardie era, gebly het? Dr. Hoeh het gesê dat hulle uiteindelik die “basis van die Grieks Ortodokse Kerk in die Griekse wêreld sou word!” ‘n Ooreenstemmende scenario, het ook in ander eras voorgekom.

Ongetwyfeld, het die leiers en lede van die Éfese era, diegene wat hulle verlaat het, veroordeel as ontrou teenoor Christus. Ongetwyfeld, het die Kerk van Éfese opreg geglo dat hulle reg was, maar hulle was tragies VERKEERD. Christus het op een of ander manier ‘n groep van sy innige bekeerlinge gelei, om ‘N NUWE organisasie TE STIG WAT AAN DIE WAARHEID WAT HY IN die Éfese Kerk DAARGESTEL HET, VAS TE KLEEF. Daarna het God nie langer die Kerk van Éfese gebruik om sy Werk te doen nie. Christus het sy kandelaar verwyder.

Die Apostel Johannes vertel ons, “Ek het aan die gemeente geskrywe, maar Diótrephes, wat onder hulle die eerste wil wees, steur hom nie aan ons nie. Daarom, as ek kom sal ek hom herinner aan die werke wat hy doen deur met slegte woorde teen ons uit te vaar; en hiermee nie tevrede nie, ontvang hy nie alleen, self die broeders nie gasvry nie, maar verhinder ook die wat dit wil doen en WERP HULLE UIT DIE GEMEENTE” (3 Johannes 9-10). Johannes het hierdie brief etlike jare voor sy dood, geskryf. Die *geringe paar,* getroue broeders wat oorgebly het, word “uitgewerp” of uit die plaaslike samekoms UITGESIT.

Was hierdie lede wat “uitgewerp” was, nog steeds in God se Kerk? In werklikheid was hulle die *enigste* wat die *ware* Kerk van God uitgemaak het! Hulle *was* dié Kerk, omrede hulle deur God se Heilige Gees aan Christus verbind was.

Nou hoe het die mense die Éfese-era organisasie verlaat en ‘n hele nuwe organisasie ontwikkel? Sekere lede was “uitgewerp.” Waarskynlik was dit die wyse waarop die lojale mense van God, ‘n nuwe Kerk in die Éfese-era tot stand gebring het. Dit wil voorkom, asof baie, indien nie *almal,* wat lojaal teenoor Christus en Johannes was, “uitgewerp” was.

Die punt is, DIEGENE NABY AAN GOD, het Jesus Christus gevolg—*nie* die leiers in God se Kerk, wat mislei was nie!

Johannes het in GELOOF, reguit gepraat! Gedurende die 70's was een van mnr. Armstrong se *hoof* klagtes, TEEN LERAARS WAT GEWEET HET WAT AANGAAN, MAAR VERSUIM HET OM HULLE DAARTEEN UIT TE SPREEK. Paulus het vir Petrus openlik gekonfronteer (Galásiërs 2:11). Somtyds moet dit gedoen word, sodat die gees van God se Woord behoue bly!

Dikwels vra gemeentelede, "is hy uit die Kerk?" Dit is egter *nie* die MEES BELANGRIKE VRAAG NIE. Dit *is nie* die vraag waaroor die Apostel Johannes, die meeste besorg was nie. Sy volgelinge was uit die Éfese Kerk "GEWERP"—omrede hulle werklik Christus GEVOLG HET! Hulle was uit die Éfese Kerk geskop, maar het steeds God gevolg. Talle lede wat Christus gevolg het, is al uit 'n *Kerkera* geskop—wanneer daardie Kerke op die verkeerde pad gegaan het. 'N CHRISTEN IS IEMAND WAT CHRISTUS VOLG—*nie* 'n man of 'n kerklike organisasie nie.

Natuurlik is dit 'n kolossale besluit om so 'n standpunt te huldig, wat sekerlik nie ligtelik geneem kan word nie, vanweë die drastiese gevolge daarvan. ALLES WAT HIERUIT VOORTSPRUIT, *moet* ONDERSOEK word, om te bepaal waar CHRISTUS lei.

Het u geweet dat histories, MEESTE van God se Kerke, of Kerkeras, die pad byster geraak het? (Lees Openbaring 2 en 3 vir meer hieroor). Hoekom was hulle mislei? Omdat mense BLINDELINGS *menslike* regerings gevolg het—*nie* Jesus Christus se regering nie!

Ons het gedurende Januarie 1990, begin om *Maleági se Boodskap* te pos. Sedert daardie beskeie begin, het God die FKG op die been gebring met duisende ondersteuners en lesers wêreldwyd. Met die verloop van tyd, word baie meer lidmate van die WKG, diep verontrus, omdat die Kerk besig is om weg te beweeg van die onderwysing wat Jesus Christus deur mnr. Armstrong geleer het.

Baie verskillende kerke is deur vorige leraars van die WKG, tot stand gebring. Al hierdie kerke—insluitende die WKG—is tans louwarm, met een uitsondering. U Bybel sê so! NET EEN Kerk het God se lamp. Weet u waar daardie lamp is?

God is nie die skepper van verwarring, nie. U kan *seker maak* watter groep deur Jesus Christus gelei word—vanuit u

eie Bybel. U hoef nie te vrees om hierdie boodskap te lees nie. Maar u het alle rede tot vrees, indien u MISLEI word. U FISIESE EN GEESTELIKE HEIL HANG DAARVAN AF!

Talle lede van die FKG, het die WKG verlaat of is uitgewerp—ONS HET NOG NOOIT OPGEHOU OM CHRISTUS TE VOLG NIE. Tog, so 'n stelling moet egter met ruim Bybelse bewyse gestaaf word. Om Christus te volg is presies, waaroor *Maleági se Boodskap* handel.

Beide John Amos en ek is in laat 1989, ons lidmaatskap ontneem omdat ons die WKG leierskap se leerstellings, wat afgewyk het van dit wat mnr. Armstrong geleer het, ernstig bevraagteken het en omdat ons dit, wat later as *Maleági se Boodskap,* gedruk sou word, geglo het. Ons het NOOIT teen Pasadena gepreek, tot die WKG lidmate, terwyl ons in daardie Kerk was nie. Sou jy, hierdie boek lees, sal jy minstens kan verstaan *waarom* ons en ander lidmate van die FKG, ons lidmaatskap van die WKG, ontneem is.

Laat ons begin om 'n belangrike feit, aangaande die sewe Kerkeras van Openbaring 2 en 3 te verstaan. Dit is baie onthullend. Skynbaar, was *vyf* van die sewe eras tot rampspoed en in vergetelheid, GELEI! Elke Kerkera, uitgesonderd die Filadelfia- en Smirna eras, het leiers gehad wat hulle aan die einde mislei het. *Daarom,* het GOD in die meeste gevalle, NUWE ERAS OP DIE BEEN GEBRING.

Die Sardis era, het God se werk gedoen, *totdat* hulle geestelik gesterf het. Herbert Armstrong is daarna gebruik om 'n nuwe era op die been te bring. 'n *Paa*r van die mense van Sardis het vir God se Koninkryk kwalifiseer, nieteenstaande hulle GEESTELIKE DOOIE LEIERS (Openbaring 3:1-5). Hulle het dit gemaak omdat HULLE NIE HULLE LEIERS GEVOLG HET NIE! God het die leiers beveel om hulle te bekeer. Maar hulle het nie. Sommige van die Sardis lidmate is later deur God in die Filadelfia era, onder die leierskap van mnr. Armstrong, ingelei.

Wanneer geprofeteer was dat vyf van die sewe eras van Christus weggelei sou word, dink u miskien dat dit nie met u kan gebeur nie—SELFS WANNEER DIT GEPROFETEER IS DAT 'N LAODICENSE ERA, SOU VERSKYN?

## *GOD BEVEEL—TOETS JULLE LEIERS*

"Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese: Dít sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars: Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die *proef* gestel het wat SÊ DAT HULLE APOSTELS IS EN DIT NIE IS NIE, EN HULLE LEUENAARS BEVIND HET," (Openbaring 2:1-2). Sommige mans het *gesê* dat hulle apostels was, terwyl HULLE NIE WAS NIE. God het die Éfese Kerk geloof omdat hulle hierdie dwaling uitgewys het. Daardie mans was nie apostels in 'n wêreldse kerk nie. God sou hulle nie geloof het omdat hulle valse apostels in 'n wêreldse kerk, uitgewys het nie. Hierdie valse apostels was *in* God se Kerk—of op een of ander wyse daarmee geafilieer!

"Jy het hulle op dié *proef* gestel," sê God. In "*Thayers Greek-English Lexicon of the New Testament*" word die woord "proef" as volg gedefinieer: "om te toets, onder verhoor te kom, toets: om sy gehalte te bepaal." Klink dit asof ons maar net met die Kerkleierskap akkoord moet gaan? God sê dat hulle *getoets* moet word, anders kan u baie maklik mislei word.

Ons moet *nie* op 'n organisasie of era fokus nie, maar op die verheerlikte Christus wat in die *middel* van daardie eras is. "Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars, en *tussen* die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel" (Openbaring 1:12-13). Die klem val nie op die sewe kandelaars of eras nie—maar op Christus wat *midde in* al sewe eras is—Christus is reg in die *middel*. Hy sal egter toelaat dat sy volgelinge wegdwaal. Waarna Hy gewoonlik 'n nuwe era tot stand moet bring—of werk met diegene wat lojaal teenooor Hom gebly het.

Laat ons aangaan met Christus se beskrywing: "Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters. En in sy regterhand het Hy

sewe sterre gehou, en ‘n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag” (verse 14-16). Hierdie Opperwese word beskryf om die sewe eras van Openbaring 2 en 3 IN TE LEI. Indien ons toelaat dat Christus en sy werk uit die *middel* van die prentjie wegglip, sal net kerke wat MISLEI is, oorbly. Derhalwe is die klem nie so seer om “in die Kerk” te wees nie, MAAR OM HIERDIE GROOTTE GOD TE VOLG! Toe Johannes vir Christus in hierdie visioen sien, “val hy soos ‘n dooie aan sy voete” (vers 17). Tensy dieselfde God die Kerk lei, is ons in ernstige moeilikheid; en indien Christus nie die Kerk lei nie, MOET ONS NIE VOLG NIE!

Indien die Éfese Kerklidmate, met ‘n regte gesindheid, diegene wat sê dat hulle apostels is, getoets het; moet u dit nie ook doen nie? Hierdie was dieselfde Éfese Kerk wat in 3 Johannes 9-10, bespreek word. Was Diótrefes een van daardie valse apostels? Wat het hy gedoen om al die mense hom te laat volg, terwyl hy Johannes se volgelinge uit die Kerk gewerp het. Watter mag het hy gehad? Dit is moeilik om te bepaal. Johannes se volgelinge, wat hom en Christus bygestaan het, was “uitgewerp.” Wat van belang is, is dat Johannes die bose motiewe van Diótrefes onderskei het en hom daaroor aangespreek het.

Ek SAL NOOIT VOORSTEL, DAT ENIGE PERSOON MNR. TKACH TOT ‘N VAL PROBEER BRING NIE. Soos Dawid gesê het, ons mag nie ons hand lig teen die Here se gesalfde nie. Ek sal dit ook nooit durf probeer nie. EK SAL EGTER OOK NIE MNR. TKACH OF ENIGE ANDER LEIER, IN DIE VERDRUKKING, OF IN DIE POEL VAN VUUR, *VOLG* NIE!

Paulus sê “Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is” (1 Korinthiërs 11:1). Volgens Paulus moet DIE LEIER Christus volg. Volg ‘n man *alleenlik* soos hy Christus volg. Ons kan dit egter nie doen tensy ons alles toets en op die proef stel nie. Dit is ‘n Bybelse beginsel.

Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar STEL DIE GEESTE OP DIE PROEF OF HULLE UIT GOD IS, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan” (1 Johannes 4:1). Johannes pleit by God se *geliefde* mense om “die geeste te toets.” Hoekom? Omrede

daar "baie" valse profete en valse leiers is. Dikwels was hierdie verleiers in God se Kerk. Ons moet altyd ons leiers met God se Woord toets. En dit sluit my beslis ook in. U MOET BEPROEF wat ek in hierdie boek sê.

Individue dwaal af. Kerke dwaal af. CHRISTUS, DWAAL NOOIT AF NIE! 'n Man is nie die stam van die boom nie. 'n Organisasie is nie die stam van die boom nie. God se Woord is die stam van die boom. Wat Christus vir meer as 50 jaar deur mnr. Armstrong daargestel het, is 'n groot deel van daardie boomstam.

Enigeen wat reeds vir 'n baie lang tyd lojaal teenoor God se Kerk was, is aan *veranderinge* gewoond. Maar nie alle veranderinge is goed nie. Dit is geprofeteer dat die Kerk van die Laodicense sou verander, maar daardie verandering is WEG VAN DIE FILADELFIA STANDAARD—wat geensins 'n goeie verandering is nie. Dit is geprofeteer dat die Laodiceërs sou wegdwaal van die stam van die boom af. God waarsku ons om waaksaam te wees.

"En hierdie mense (van Beréa) WAS EDELMOEDIGER as dié in Thessalonika; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en *elke dag* die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was" (Handelinge 17:11). Besef u broeders, dat u *benadering* tot Bybelstudie, aan God openbaar hoe *edel* u is? Ondersoek u daagliks die Skrifte "met alle gewilligheid," angstig om te bepaal wat die Bybel sê, sodat u CHRISTUS VOLKOME KAN VOLG? God se *uitverkorenes* is baie *edel* mense, betreffende hul Bybelstudie.

Die woord "ondersoek," ooreenkomstig "*Thayers Lexicon*," word dikwels as die werkwoord vir "oordeel" in die Bybel, gebruik. Die mense van Beréa het hul Bybelstudie benader, deur die getuienis te ondersoek en op die proef te stel. Die ondersoek van ons leiers word ook hierby ingesluit—solank as wat dit met welwillendheid (soos dié mense van Beréa), geskied. God weet wanneer 'n gesindheid na wense is. Dit is goed om 'n "regverdige verontwaardiging," te openbaar, wanneer die *rigting* van God se Kerk, verkeerd is. God doen dit, beslis!

Lukas sê dat hierdie mense meer edelheid besit het, vanweë hierdie gesindheid. Dit beteken 'n groter beloning in God se Koninkryk. Die EDEL UITVERKORENES het God se waarheid liefgekry en het God so lief dat hulle alleen sal staan, of selfs

hul lewens vir Hom sal aflê. Hulle word nie deur "drukkies en soentjies," wat eintlik niks om die lyf het, verlei nie. Hulle word nie deur 'n EINDELOSE GEPRAAT VAN "LIEFDE" verlei nie! Hulle weet wat die waaragtige liefde van God is. Hulle oordeel volgens die "vrugte" (Matthéüs 7:16), *nie* op uiterlike skyn nie.

"En met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle *die krag van die dwaling stuur,* om die leuen te glo," (2 Thessalonicense 2:10-11). GOD SELF, SAL DIE KRAG VAN DIE DWALING STUUR! Maar HOEKOM? Hoekom sal God, DIE KRAG VAN DIE DWALING, aan sy eie mense stuur? Wil Hy hê dat ons moet misluk? Allermins. Dit is God se manier om te toets "wie van hulle die liefde tot die waarheid" nie aangeneem het nie (vers 10). God wil weet in hoe 'n mate ons Hom en sy Woord liefhet. Dit is nie moontlik om God se uitverkorenes te mislei nie (Matthéüs 24:24).

Paulus praat nie van gewone dwaling wat aan God se mense gestuur word nie—hy praat van dié "KRAG VAN DIE DWALING." Ons sal derduisende misleide mense sien, omdat hulle "blind" is vir hul eie geestelike omstandighede (Openbaring 3:17). Hulle, *veronderstel* dat daar veiligheid in getalle is en hulle *veronderstel* dat hulle God se uitverkorenes is wat nie mislei kan word nie. Indien hulle nie versigtig is nie, kan hierdie veronderstellings hulle in die Verdrukking, of selfs in die poel van vuur laat beland!

Almal van ons dink dat ons God liefhet. God vereis dat ons liefde so grondig moet wees dat ons kragtige dwaling kan weerstaan. GOD STUUR "KRAGTIGE DWALING" AAN SY KERK, SODAT HY KAN BEPAAL WIE SY UITVERKORENES IS. God wil weet wie die WAARHEID LIEFHET—en WIE DIT, NET HET. Met 'n verkeerde gesindheid gaan sommige vir ewig sterf! (2 Thessalonicense 2:10). God is doodernstig met betrekking tot ons roeping.

God se Kerk het sy kosbare waarheid in oorvloed, ontvang. Nou sal God kan sien of ons NET PRAAT van geloof, of REGTIG IN GELOOF LEWE—volgens sy Woord. *Onthou* ons wat ons geleer het en lewe ons daarvolgens?

God stuur kragtige dwaling om te bepaal wie van sy mense Filadelfiërs en wie Laodiceërs is. God is besig om Homself te herskep. Ons sal òf GOD WEES, òf NIKS NIE! God wil weet wie vir SY Koninkryk sal kwalifiseer. Dit is tog die hele doel van ons bestaan.

Daar is waarskynlik meer waarskuwings oor valse leraars in die Nuwe Testament as oor enige ander onderwerp.

Kom ons kyk na twee geweldige uiteenlopende leerstellings—een deur Herbert Armstrong en die ander deur Joseph Tkach.

## *MOENIE SKRIFGEDEELTES AAN LEIERS TOEWYS NIE?*

Mnr. Armstrong het Skrifgedeeltes op mense soos homself, toegepas. Mnr. Tkach sê "dit is nie gepas nie." Welke sienswyse is Bybels? (Ek hoop dat u hierdie vraag regdeur *Maleági se Boodskap,* sal beantwoord).

Mnr. Tkach het gesê, "dit is nie gepas om verskeie Skrifgedeeltes aan mnr. Armstrong of aan my persoonlik, toe te wys nie, asof ons leierskap spesifiek in die Bybel geprofeteer word. Behalwe dat dit *verkeerd* en *geestelik verwaand* is, dien hierdie tipe denkwyse om die Kerk van God as 'n valslik kultiese sekte te bestempel, wat hulle menslike leiers vereer." Hierdie is 'n aanhaling uit mnr. Tkach se "Persoonsberig," in die "*Worldwide News*," wat op 9 Januarie 1989, verskyn het. Hy het daardie kerk-vernietigende bewering minder as drie jaar na mnr. Armstrong se afsterwe gemaak.

Mnr. Tkach het mnr. Armstrong sewe jaar lank bygestaan. Mnr. Tkach en die meeste van God se mense het gehoor dat mnr. Armstrong gesê het dat hy Matthéüs 17:10-11, Maleági 4:5-6 en ander Skrifgedeeltes, verwesentlik het. Mnr. Tkach het daarmee saamgestem—selfs *nadat* mnr. Armstrong gesterf het!

God het gesê dat Hy 'n eindtyd Elía sou stuur en dat "hy" (enkelvoud) die harte van die vaders sou terugbring. Die Bybel verklaar duidelik dat *een* man, hierdie amp sou vervul. "Kyk, ek stuur my *boodskapper* wat die weg voor My uit sal baan; dan

sal skielik na sy tempel kom die Here wat julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle ‘n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die Here van die leërskare. Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers” (Maleági 3:1-2). Die onderwerp verwys ooglopend na Jesus Christus se wederkoms. Christus het gesê, dat Hy sy “boodskapper” (enkelvoud) sou stuur en dat “hy” (enkelvoud), die weg vir Hom sou voorberei.

Net soos wat *een* Johannes die Doper die eerste keer die weg vir Christus se koms voorberei het, so sou daar *een* boodskapper (mnr. Armstrong) wees, wat die weg vir Christus se Wederkoms voorberei het. Christus plaas ‘n persoon, in talle Skrifgedeeltes. Wat kan duideliker as dit wees? Hierdie is van die mees VERNAME PROFESIEË in die Bybel. Om nie langer Skrifgedeeltes op leiers van toepassing te maak nie, is nie ‘n geringe verandering nie. Dit is ‘n kolossale verandering!

Was mnr. Armstrong, “verkeerd” en “geestelik verwaand,” omdat hy Skrifgedeeltes op homself van toepassing gemaak het?

## *WYS ‘N NAAM TOE AAN MATTHÉÜS 17?*

“En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dis waar, Elía kom eers en sal alles herstel; maar Ek sê vir julle dat Elía al gekom het, en HULLE HET HOM NIE ERKEN NIE, maar aan hom alles gedoen wat hulle wou. So sal die Seun van die mens ook deur hulle ly. Toe verstaan die *dissipels* dat Hy met hulle van Johannes die Doper gespreek het” (Matthéüs 17:11-13).

Dr. Donald Ward, ‘n eertydse leraar van die WKG, het die volgende gesê, “Laat ons nie ‘n persoon aan die profesieë koppel nie—laat God dit doen.” Die *dissipels* het die geloof gehad om Johannes die Doper (‘n tipe van Elía) as die man wat die weg vir Christus se koms, voorberei het, te bepaal. Die *dissipels* het dit gedoen—God het dit goedgekeur en dit is so gekanoniseer—en huidiglik mag *dissipels* (Kerklidmate), dit ook doen!

Hoe skandelik tragies as die WKG nie besef het dat Herbert Armstrong, in die gees en krag van Elía gekom het om “alles

te herstel nie." Die Skrif sê egter, "EN HULLE HET HOM NIE HERKEN NIE" (Matthéüs 17:12).

Die "*Worldwide News*" van 25 Augustus 1986, het 18 waarhede wat deur mnr. Armstrong herstel is, gelys. Mnr. Tkach het die artikel ingelei. Hier is sy woorde: "Jesus het gesê, Elía kom eers en sal alles herstel" (Matthéüs 17:11). Jesus het na iets verwys wat in die toekoms sou gebeur. Johannes die Doper het reeds gekom en Christus het sy bediening nie begin, voordat Johannes in die tronk opgesluit was nie. Niks, is deur Johannes herstel nie. Jesus het na 'n ANDER *MAN*, as Johannes verwys.

"Kort voor die Groot Verdrukking en die Dag van die Here, sal IEMAND in die krag en gees van Elía en in die krag en gees van Johannes die Doper, kom en alles vir die Kerk herstel" (klem deurgaans myne).

Daarna volg 'n lys van die 18 waarhede. Ten tye, het mnr. Tkach gesê dat dit na mnr. Armstrong verwys. Daarna op 9 Januarie 1989, in die "*Worldwide News*," sê mnr. Tkach, "Dit is nie gepas om verskeie Skrifgedeeltes aan mnr. Armstrong of aan my persoonlik toe te wys nie, asof ons leierskap spesifiek in die Bybel geprofeteer was."

Mnr. Tkach het eenvoudig net gesê, "DIT IS NIE GEPAS NIE." Geen Bybeltekste is as bewyse gegee om hierdie MASSIEWE VERANDERING IN SY DENKE, TE ONDERSTEUN NIE. Dit is 'n beslissende en aardskuddende geskilpunt! Hy is besig om FUNDAMENTELE GELOOFSOORTUIGINGS TE VERANDER!

"Voorwaar Ek sê vir julle daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die Seun van die mens in sy koninkryk sien kom het nie" (Matthéüs 16:28). Hierdie vers hou verband met 'n *visie* van Christus se Wederkoms (Matthéüs 17:9). "En sy dissipels vra Hom en sê: Waarom sê die skrifgeleerdes dan dat Elía eers moet kom? En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dis waar, Elía kom eers en sal alles herstel" (Matthéüs 17:10-11). 'n "Elía" (Herbert Armstrong) *het* gekom—'N BELANGRIKE GEBEURTENIS IN HIERDIE EINDTYD!

Weet die huidige dissipels van God, dat Christus hier praat van 'n eindtyd Elía *tipe* wat die rol van Johannes die Doper

vervul het, om vir die Wederkoms van Christus voor te berei? Weet ons dit deur *geloof,* wat op God se woorde gebasseer is? God se Mense moet in die geloof *van* Christus wandel!

En onthou, die Elía wat in hierdie verse bespreek word, is dieselfde Elía van Maleági 4:5-6.

Mnr. Armstrong het gesê dat hy die rol van Elía vervul het. Meeste lidmate van die WKG, het mnr. Armstrong dit hoor sê. Mnr. Tkach het dit gehoor *en saamgestem*—terwyl mnr. Armstrong nog gelewe het, tot kort na sy afsterwe. Maar nie nou meer nie.

Die Bybel sê dat net *een* man waarhede sou herstel om die weg vir Christus se Wederkoms voor te berei (net soos daar net een Johannes was, wat die weg vir sy Eerste Koms voorberei het).

Die groot geskilpunt in hierdie onderwerp is: Christus het gesê dat ‘n eindtyd Elía sou kom en alle dinge herstel. ‘n “Elía” (Herbert Armstrong), het gekom. SOU ONS DIT ONTKEN, BEWEER ONS DAT CHRISTUS ‘N LEUENAAR IS!

Hierdie is nie ‘n geringe aangeleentheid, wat terloops opsy geskuif kan word, terwyl die leiers in Pasadena voorgee dat hulle *nie* veranderings in fundamentele oortuigings aanbring nie! CHRISTUS SÊ, DAT ONS ‘N PERSOON AAN MATTHÉÜS 17, *MOET* TOEDIG!

## *“VROU VAN JOU JEUG”*

God rig ‘n ernstige WAARSKUWING aan sommige EINDTYD LERAARS. “En nou, priesters, tot julle kom hierdie gebod. As julle nie gehoor gee nie, en as julle dit nie ter harte neem om my Naam eer te bewys nie, sê die HERE van die leërskare, dan sal ek die vloek onder julle stuur en jul seëninge in ‘n vloek verander; ja, Ek het dit alreeds vervloek, omdat julle niks ter harte neem nie” (Maleági 2:1-2). Ons moet ag slaan op hierdie waarskuwing, omdat dit leraars raak wat van die ware weg afgewyk en baie deur hul onderrig in die wet, laat struikel het (vers 8).

Wie, anders is daar, behalwe God se Kerk wat sy wet, huidiglik onderhou?

Die inhoud van Maleági 2 (en die hele boek), het betrekking op 'n bediening wat afgedwaal het. Vers 13 bespreek die *altaar*, wat betrekking tot die bediening en aanbidding binne-in die Kerk het. Dan kom daar 'n vreemde verandering in die onderwerp. Óf is dit 'n verandering?

"En julle vra: Waarom? Omdat die HERE getuie is tussen jou en DIE VROU VAN JOU JEUG aan wie jy ontrou geword het, terwyl sy tog JOU METGESEL is en DIE VROU VAN JOU VERBOND. Het Hy dan nie een mens gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n geslag van God gesoek. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die VROU VAN JOU JEUG nie. Want Ek haat egskeiding, sê die HERE, die God van Israel, en dat 'n mens sy kleed met geweldpleging bedek, sê die HERE van die leërskare. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou" (verse 14-16). Onmiddellik na dié bespreking oor die bediening, word die *huwelik* deur Maleági bespreek. Is dit 'n voortsetting van dieselfde gedagte—óf 'n skielike verandering daarvan? Die *samehang* hier, is besonder belangrik.

*God sê dat Hy 'n* "getuie" was tussen ons en die vrou van ons jeug. Dit kan nie van toepassing wees op baie van ons fisiese huwelike nie. Hy was seer sekerlik nie 'n getuie ten tye van die voltrekking van ons fisiese huwelike, terwyl ons in sonde in die wêreld geleef het en eers later na sy Kerk geroep is nie. In talle van ons huwelike, het ons nie 'n *verbond* met God aangegaan nie. Dikwels het ons God op daardie tydstip nie eens *geken* nie!

Neem kennis dat God sê, sy is "*die* vrou van jou jeug," NIE "*jou* vrou van jou jeug" nie. Hierdie vrou is "jou metgesel," NIE "JOU VROU" nie. Sy is "*die* vrou van jou verbond"—NIE "*jou* vrou van jou verbond" nie. DIT IS OMDAT DIT CHRISTUS SE VROU IS!

Ten tye van u doop-lidmaatskap, het die Kerk "die vrou van jou verbond geword." By ons toetrede tot die Kerk van God, het ons 'n verbond met God aangegaan. Ons het 'n deel van Christus se vrou geword (Openbaring 19:7). SELFS SOMMIGE KOMMENTARE sê dat hierdie "vrou" van Maleági 2, op God se Kerk van toepassing is. "*The International Critical Commentary,*" meld dat die uitdrukking "vrou van jou jeug," die Yahweh geloof aandui.

Die tweede hoofstuk van Maleági word aan die priesters gerig—MEERVOUD—óf *leraars* (vers 1). Vers 13 bespreek die *altaar,* waar die priesters dien. Dan in vers 14 word ‘n vrou bespreek—EEN vrou. Indien die bespreking hier oor fisiese huwelike was, sou die woorde “priesters” en “vrouens” (beide meervoud) gebruik word, stede van die meervoud van “priesters” en die enkelvoud van “vrou,” wat op dié Kerk betrekking het. Christus het net een vrou, wat die onderwerp van die hele boek van Maleági, is. ERNSTIGE ONHEIL, BETREFFENDE CHRISTUS SE VROU, IS BESIG OM TE GEBEUR!

Christus bespreek sy VROU—en ons metgesel. Die Kerk word ons liefdevolle metgesel, familie en lewe.

Die hele boek van Maleági en hierdie hoofstuk in besonder, getuig dat die BEDIENING VERRADERLIK TEEN CHRISTUS SE VROU OPTREE. Dit is ‘n direkte verwysing na dié Elía, of mnr. Armstrong, se leerstellings van die begin af—reg van die vroegste dae van die WKG, toe hy “alle dinge herstel het.” Dit is die Kerk waarin baie van ons geestelik opgegroei het (die vrou van ons jeug).

Sommige, WKG leraars mag dink, dat hulle maar net mnr. Armstrong se leringe opsy stoot. MAAR CHRISTUS NEEM DIT PERSOONLIK! Christus sê, dat HY DIE WAARHEID DEUR “ELÍA” BEVESTIG HET en dat sommige leraars nou besig is om verradelik met daardie opdragte te handel.

Die hele hoofstuk twee van Maleági is op God se leraars en hul optrede in die Kerk, gemik. Sommige vername leraars is verraderlik teenoor die Kerk (vers 14) en hul mede-leraars (vers 10)—waarvan beide deel is van Christus se vrou, die Kerk. Die primêre fokus hier is ‘N GEESTELIKE HUWELIK—*NIE* ‘N VLEESLIKE HUWELIK NIE.

Paulus het die huwelik tussen fisiese mense in Éfesiërs 5:21-33, bespreek. Hy het nog gesê, “Die verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeentes” (vers 32). Die *vernaamste* onderwerp hier is Christus en die Kerk, selfs hier waar hy die geestelike verhouding in ‘n *fisiese huwelik* bespreek. Let op die voorbeeld, “aan mekaar onderdanig wees in die vrees van God” (vers 21). Almal van ons in die Liggaam van Christus

(die Kerk) moet aan mekaar onderdanig wees IN DIE VREES VAN GOD—nie net teenoor mekaar in 'n fisiese huweliksverhouding nie. So lei Jesus Christus ELKEEN VAN ONS—Hy is die Baas—NIE enige man nie. Elke familielid, onderwerp hom aan ons Leier, Jesus Christus—wie ook onderworpe is aan God sy Vader.

Elke ander vers in Éfesiërs 5, is op daardie wyse van toepassing op Christus en die Kerk. Indien Éfesiërs 5, waar die onderwerp die huwelik tussen twee mense is, op Christus en die Kerk van toepassing is, dan is dit sekerlik met Maleági 2 ook dié geval.

## *EEN JOHANNES, EEN ELÍA*

"'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God! Elke dal moet opgevul en elke berg en heuwel klein gemaak word; en die bult moet 'n gelykte en die rotsagtige plekke 'n laagte word" (Jesaja 40:3-4). *Hierdie verse verwys na 'n Johannes die Doper,* maar dit is egter nooit deur Johannes vervul voor Christus se eerste koms nie. Dit is vir 'n EINDTYD WERK (verse 9-10). Daar was *een* Johannes wat die weg voorberei het vir Christus se eerste koms. Daar was een *Johannes* (Herbert Armstrong) wat die weg voorberei het vir Christus se Wederkoms. Niks kan duideliker as dit wees nie.

"En *hy* sal voor Hom uitgaan in die gees en die krag van Elía, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here 'n toegeruste volk te berei" (Lukas 1:17). Alleenlik *een man* van God is in die kollig, om die Kerk vir Christus se wederkoms, voor te berei.

Johannes die Doper het in die gees van Elía gekom, hy het egter nooit die harte van die vaders tot die kinders teruggebring nie. Die mense wat Johannes gevolg het, het nog nie God se Heilige Gees, gehad nie. Sonder die Heilige Gees sou dit geestelik, onmoontlik gewees het. Dit sê "hy," ('n eindtyd Johannes) sou die harte van die vaders tot die kinders terugbring en die weg vir die Wederkoms van Jesus Christus, voorberei.

Mr. Armstrong het duidelik die werk van Johannes die Doper uitgevoer. Teen die einde van die Kerk se tweede 19-jaarsiklus het die werk verdiep. Dit was in die tyd dat mnr. Armstrong begin het met wêreldreise, waartydens hy wêreldleiers ontmoet het en die Evangelie van die Koninkryk van God verkondig het.

Leiers van die WKG sê egter nou dat Skrifgedeeltes nooit op mnre. Armstrong en Tkach toegepas moet word nie. Dit het hulle nie van mnr. Armstrong geleer nie. Hulle verwerp meeste van wat mnr. Armstrong geleer het—en daardie leerstellings is eg bybels. In so ‘n kort tydjie na sy afsterwe, het ONS GROOT VERANDERINGE IN DIE WYSE WAAROP DIE WKG PROFESIEË BESKOU, gesien. In ander areas is daar ook groot veranderinge aangebring. Elke boek deur mnr. Armstrong is HERROEP! Dit wil voorkom asof mnr. Armstrong, sy LIDMAATSKAP, NADOODS ONTNEEM IS!

# 2

# Hou Vas

Die Bybel waarsku ons herhaaldelik om aan voorskrifte vas te hou. "So dan broeders, staan vas en hou julle aan die voorskrifte wat julle geleer is òf deur 'n woord òf deur 'n brief van ons" (2 Thessalonicense 2:15). So, God waarsku ons, om aan sy vorige voorskrifte vas te hou. Ons geestelike welvaart hang daarvan af! God waarsku ons om nie so 'n "groot saligheid," wat deur Christus aan ons oorgedra is, te verontagsaam nie (Hebreërs 2:3). Die regverdiges in 2 Thessalonicense 2:3, het van God se waarheid begin afdwaal. Hulle het nagelaat om vas te hou. Paulus het hulle die oplossing vir die problem gegee, as hulle dit maar net wou aanvaar.

Sou ons nalaat om aan God se vorige voorskrifte, vas te hou, sal ons maklik mislei word—soos wat met daardie Christene gebeur het. Sedert die afsterwe van Herbert Armstrong, het talle veranderinge binne die WKG plaasgevind. Vandag is hierdie veranderinge blatant en sigbaar. Kom ons ondersoek hoe sommige van hierdie verontrustende veranderinge begin het.

## *GEHEIMENIS VAN DIE EEUE*

Die volgende is 'n aanhaling van mnr. Tkach, oor *Geheimenis van die Eeue*—dit is uit die November/Desember 1986,

*"Plain Truth"* ontleen: "Met hierdie oplaag voltooi ons die in afleweringe, publikasie van *Geheimenis van die Eeue,* deur mnr. Herbert W. Armstrong. Nieteenstaande gesondheid wat agteruitgaan en vir alle praktiese doeleindes feiltik blind, het mnr. Armstrong gedurende die laaste jaar van sy lewe volhard om hierdie, sy laaste boek, te voltooi. Een van sy laaste openbare optredes was om hierdie boek aan die studente van *'Ambassador College',* te oorhandig.

Hy wou dit egter ook AAN 'N BAIE WYER GEHOOR beskikbaar stel. Hy het besluit dat *Geheimenis van die Eeue*, in afleweringe in die *'Plain Truth'* gepubliseer moet word—as 'n afskeidsgeskenk, vir die miljoene mense wat hy deur radio, televisie en die geskrewe woord, gedurende sy lang lewe, gedien het.

Herbert W. Armstrong het dikwels begrip van die Bybel, vergelyk met die samestelling van 'n legkaart. Eers is daar 'n deurmekaarspul van nie-verwante stukke. Maar soos wat hulle inmekaar gelas word, begin 'n duidelike prentjie na vore kom. Oor die jare heen, het God aan hom al meer stukke van die legkaart gegee en het hy nooit opgehou leer nie. KORT VOOR SY AFSTERWE HET HY GESÊ, DAT HY IN DIE LAASTE 10 JAAR VAN SY LANG LEWE MEER VERSTAAN HET AS IN AL DIE VORIGE DEKADES.

*Geheimenis van die Eeue,* IS DIE PRODUK VAN DAARDIE DIEPERE BEGRIP. Mnr. Armstrong het nie die belangrikheid van hierdie laaste werk van hom onderskat nie, omdat dit *lewensbelangrike* sleutels, om die plan van God te verstaan, soos in die Bybel geopenbaar word, bevat het. *Geheimenis Van die Eeue,* is derhalwe in die ware sin, 'n *LAASTE WIL EN TESTAMENT*, OM AAN DIEGENE WIE *DIT SAL WAARDEER*, GEGEE TE WORD. Soos wat ons nou by die laaste hoofstuk van hierdie merkwaardige boek kom, is ons dank verskuldig en erkentlik teenoor Herbert W. Armstrong vir sy vasberade soeke na die waarheid. Hy het vrylik sy begrip met ons gedeel en ons is bevoorreg om dit aan u beskikbaar te stel. Hy het sy lesers gerespekteer en liefgehad, en op 'n FIGUURLIKE WYSE HET HY U IN SY TESTAMENT ONTHOU" (klem deurgaans myne).

Op 16 Januarie 1986—die dag van mnr. Armstrong se afsterwe—het mnr. Tkach die volgende kommentaar aan lede

en medewerkers geskryf: "Selfs in die laaste jaar van sy lewe, met kwynende kragte, het hy met die hulp van God, SY MEES KRAGTIGE EN INVLOEDRYKE BOEK *Geheimenis Van die Eeue, voltooi.*"

Mnr. Tkach het op 19 Januarie 1986, nadat hy van mnr. Armstrong se begrafnis teruggekeer het, aan lede en medewerkers geskryf. Hier volg 'n uittreksel vanuit daardie skrywe: "Ek hoop, dat niemand van julle die beeldsending op 26 Januarie, wat 'n SPESIALE HULDEBLYK aan mnr. Armstrong sal wees, sal misloop nie. Hiertydens, sal daar aan kykers 'n sagteband eksemplaar van mnr. Armstrong se FINALE EN MEES BELANGRIKE BOEK, *Geheimenis Van die Eeue, aangebied word*" (klem deurgaans myne).

Die druk van *Geheimenis Van die Eeue,* is gedurende 1989, gestaak. Ten tye hiervan, het mnr. Tkach erken dat die boek "FUNDAMENTELE WAARHEDE VAN GOD SE WOORD BEVAT," maar "dat marginale of toevallighede … geleentheid aan kritici bied, om die boek in sy geheel as foutief te verklaar." Vrees die WKG die kritici van die wêreld meer as wat hulle God vrees? (Maleági 2:4-8).

Hoekom so 'n radikale verandering in mnr. Tkach se sienswyse van die boek?

Lees mnr. Armstrong se eie woorde toe hy *Geheimenis Van die Eeue,* aan God se mense in 'n skrywe gedateer 12 September 1985, bekend gestel het: "Liewe Broeders en Medewerkers met Christus:

Sedert verlede Desember het ek ywerig aan die GROOTSTE, EN BELANGRIKSTE BOEK VAN MY LEWE GEWERK. INDERWAARHEID VOEL EK DAT EK NIE SELF DIE BOEK GESKRYF HET NIE. Eerder glo ek dat God my gebruik het om dit te skryf. EK VOEL EERLIKWAAR DAT DIT DIE MEES BELANGRIKE BOEK SEDERT DIE BYBEL MAG WEES.

Ons wil die grootste moontlike gehoor met hierdie boek bereik. Ek weet dat u met my sal saamstem, sodra u dit lees.

Hierdie nuwe boek, *Geheimenis Van die Eeue*, ontsluier al die verborgenheid. Dit voeg al die menige dele van die legkaart inmekaar. Dit is trouens 'n samevatting van die hele Bybel. Dit is my bede dat u dit tesame met die Bybel sal lees—dat dit u

Bybel sal verlewendig en verstaanbaar maak. Met die Gees van God in u, glo ek dit sal. EK IS NOU IN MY 94STE JAAR EN VOEL EK DAT HIERDIE BOEK DIE WAARDEVOLSTE GESKENK IS WAT EK AAN U KAN GEE. Hierdie boek is 'n gedeeltelike uitdrukking, van my dank en *waardering* vir u, dat u my medewerkers saam met Jesus Christus is. Met my hele hart waardeer en dank ek God, vir u aandeel in die wonderlike werk, in hierdie dae van die einde" (klem deurgaans myne).

Hier is wat mnr. Armstrong in 'n medewerkersbrief gedateer 25 November 1985, geskryf het: "Met die skryf van die nuwe boek *Geheimenis Van die Eeue,* het God my in hierdie jaar gehelp, om die BESTE WERK VAN MY 93 LEWENSJARE TE DOEN!"

Gedurende die Huttefees van 1985, was mnr. Armstrong ongesteld. 'n Bandopname van sy preek die vorige jaar, is gespeel. Dit was voorafgegaan deur 'n gedeelte van 'n video opname van *Geheimenis Van die Eeue,* waartydens hierdie boek van mnr. Armstrong, die "mees belangrike en betekenisvolle werk," genoem was! Ek herhaal: dit was sy "MEES BELANGRIKE EN BETEKENISVOLLE WERK!" (Dit is ongeveer drie maande voor sy afsterwe, gesê). Minder as DRIE JAAR later, het die leiers van die WKG, DIE KERN VAN CHRISTUS SE WERK WAT DEUR MNR. ARMSTRONG GEDOEN WAS, GESTAAK! Hoe gou vergeet sommiges—minder as drie jaar!

Hierdie video was van mnr. Armstrong waar hy die boek *Geheimenis van die Eeue*, aan 2de jaar studente van die klas in Fundamentele Teologie, by *"Ambassador College,"* oorhandig het. (Nadat die WKG gedurende 1994, erkenning ontvang het, het hulle *"Ambassador College"* se naam verander na *"Ambassador University").* Dit was waarskynlik sy laaste openbare optrede.

Die boek se omslag was koningspers. Daardie kleur was nie kommersieel beskikbaar nie. Dit moes 'n spesiale mengsel wees wat deur R.R. Donnely Drukkers gemaak moes word. Mnr. Armstrong se handtekening was in goud. Die titel was gebosseleer in goue letters. Mnr. Armstrong het 'n persoonlike belangstelling in elke detail van die boek se produksie gehad.

Elke lid en medewerker het 'n harde omslag uitgawe ontvang. Dit het as reeks in die *"Plain Truth,"* verskyn. Advertensies was

in handelstydskrifte regoor die Verenigde State geplaas. Volblad advertensies was in die mees invloedryke besigheidskoerant in Amerika—die "*Wall Street Journal,*" geplaas. Omvattende advertensies was in tydskrifte en koerante geplaas. Eksemplare was selfs in boekwinkels te koop.

Mnr. Armstrong het aanbeveel dat die boek gelees en 'n tweede en derde maal bestudeer word. (Dit is nog steeds goeie advies vir ons vandag.) Dit was verklaar dat hierdie boek, "mag blyk, om een van die belangrikste boeke van ons tyd te wees."

Mnr. Armstrong het baie emosioneel geraak toe hy aan die tweedejaar klas gesê het, "Hierdie is 'n besondere dag in my lewe dat ek vir elkeen van julle hierdie boek kan gee." Hy het die boek aan hulle gegee om dit as 'n kollege handboek te gebruik. Ewenwel het WKG leiers besluit dat die boek te "gebrekkig" was, om met die druk daarvan voort te gaan.

Alle nuwelinge wat tot die WKG toetree, kan nie hierdie herroepte literatuur ontvang nie. Hier is die opdragte van Pasadena: "Dit is onvanpas om verouderde artikels te kopieer en uit te gee. Indien die literatuur nie op ons huidige literêre indeks is nie, BEHOORT DIT NIE GEBRUIK TE WORD NIE." 'n Kragtige besluit met 'n ondertoon van finaliteit.

Mnr. Armstrong het leraars opdrag gegee om daarop aan te dring dat elke dopeling *Geheimenis Van die Eeue,* moes lees. Dit is "vir altyd," gestaak. Die boek word nie meer deur die WKG gedruk nie. Sou hierdie hoogaangeskrewe persone voor 16 Januarie 1986, so iets voorgestel het, sou hulle summier die trekpas gekry het!

Die *eerste* rede, wat Larry Salyer in die *Pastoor-generaal se verslag* in 1989, vir die herroeping van die boek gegee het, was die UITGAWE daaraan verbonde. *Geheimenis Van die Eeue*, is die HOEKSTEEN van al die Kerkliteratuur en hy sê dat hulle nie die druk daarvan kan bekostig nie! God openbaar SULKE KRAGTIGE WAARHEDE—EN DIE WKG SÊ DAT HULLE DIT NIE KAN BEKOSTIG NIE?

Wat 'n drastiese verandering in mnr. Tkach se denke! Wat sal God se mense nou van die boek dink? Sal hulle dit as "*gebrekkig,*" verwerp? Wat, geloofwaardigheid ontbreek?




**'N LEWENSWERK.** Almal is deur die WKG afgeskaf en selfs deur sommiges bespotlik gemaak.

Sommige leraars was krities oor die besluit om *Geheimenis Van die Eeue* te staak, maar mnr. Tkach het gereageer met, "God het ons nie opgedra om elke woord wat mnr. Armstrong geskryf het, as heilige skriftuur te beskou nie." Na al die wonderlike aanmerkings deur mnr. Armstrong en mnr. Tkach oor die boek, sou enige vrae in verband met die beslissing om hierdie *uiters belangrike* boek te verwyder, enigsins onredelik wees? Glo mnr. Tkach werklik dat enigeen wat krities was oor daardie besluit, glo dat elke woord van mnr. Armstrong, heilig was?

Daar is 'n geweldige verskil om besorgd oor die staking van 'n boek te wees en om alles wat mnr. Armstrong sê as "heilig" te beskou.

*Geheimenis Van die Eeue,"* was soos 'n grootse SAMEVATTING van al mnr. Armstrong se werke—DIE VERSAMELDE KENNIS VAN SY TOTALE BEDIENING. Hierdie boek, meer as enige ander stuk literatuur, was wat mnr. Armstrong en God se werk gedurende die Filadelfia era, behels het.

Mnr. Armstrong het gesê, "Ek voel dat ek self nie die boek geskryf het nie. Ek glo dat God my gebruik het om dit te skryf." Wat sou dit beteken? Dit beteken dat, indien mnr. Armstrong reg is, hierdie mense in 'n gevaarlike teenstand met Jesus Christus verkeer! Nieteenstaande, in minder as drie jaar na mnr. Armstrong se afsterwe, is die gebruik van die boek gestaak.

Gedurende die finale ontmoeting tussen John Amos, myself en twee van die hoof leiers te Pasadena, het een van hulle gesê dat mnr. Armstrong die boek saamgeflans het, deur "net baie verskillende artikels te kombineer." Mnr. Armstrong se brief van 12 September 1985, (hierbo aangehaal) weerlê daardie bewering. Joe Tkach Junior, Direkteur van Kerkadministrasie in die WKG, het vroeër gesê dat *Geheimenis Van die Eeue*, deurspek was met "foute"—'n verklaring wat ons uitgedaag het. Hy het later daardie opmerking gewysig na, "baie betekenisvolle foute." Hy het ook van "rassistiese opmerkings" in die boek, gepraat. Ons het ten sterkste verskil met wat beide van hulle gesê het en hulle dit dan ook so meegedeel.

MNR. ARMSTRONG WAS REEDS VIR LANGER AS 20 JAAR IN GOD SE BEDIENING, VOORDAT BEIDE HIERDIE PERSONE GEBORE WAS! Mnr. Armstrong was vir meer as 50 jaar voltyds in die bediening. Joe Tkach Junior, is maar net sedert vroeg 1987 voltyds in die bediening (een jaar *na* mnr. Armstrong se afsterwe).

Lees en bestudeer asseblief weer *Geheimenis Van die Eeue*. Ek het. Ek wou al die "foute" waarvan hulle melding gemaak het, sien. Ek is nou tienvoudig meer daarvan oortuig dat dit 'n tragiese besluit was om hierdie boek te onttrek van publikasie. Bestudeer dit weer, biddend en sê my dan, dat hulle besluit reg was.

## *DIE OUTOBIOGRAFIE*

Die *"Autobiography of Herbert W. Armstrong,"* Volume 1, is ook gestaak. Hierdie is heelwaarskynlik die tweede belangrikste boek wat mnr. Armstrong geskryf het. Dit vertel die *geskiedenis* van die Filadelfia era, BETER AS ENIGE ANDER BOEK. Volume 2

was weens mnr. Armstrong se kwynende gesondheid, nie heeltemal deur hom alleen geskryf nie, maar dit is steeds ‘n baie belangrike boek.

Deur Volume 1 van die *Outobiografie* te verwyder, is net nog ‘n verdere aftakeling van die “tradisies,” of dan die geskiedenis van God se Kerk (2 Thessalonicense 2:15). Nooit vantevore, is ‘n beter boek geskryf OOR HOE OM ‘N LERAAR TE WEES NIE. ONS IS ALMAL geroep om in die Wêreld van Môre, daardie amp te vul. Hierdie is die verhaal oor hoe God die eindtyd “Elía” voorberei het. Dit bevat ‘n groot deel van die geskiedenis van ons hedendaagse “Johannes die Doper,” wat die weg vir Christus se terugkeer voorberei het.

Lukas het die boek Handelinge, oor die geskiedenis van God se Kerk geskryf. God beskou Kerkgeskiedenis as UITERS BELANGRIK.

Die *Outobiografie* is die allerbeste geskiedenisboek wat ons het van God se Werk. Dit is nie net mnr. Armstrong se geskiedenis nie. Hierdie is die ALLERBELANGRIKSTE GESKIEDENIS van die Filadelfia era van God se Kerk, se BEGIN EN GROEI.

## *DIE ONGELOOFLIKE MENSLIKE POTENSIAAL*

Kort voordat mnr. Armstrong oorlede is, is daar ‘n preek op magnetiese band deur die WKG, oor die boek *Die Ongelooflike Menslike Potensiaal,*” uitgestuur. Hierin het die spreker gesê dat hierdie boek “eselsore” behoort te hê, weens Kerklidmate se gebruik daarvan. Mnr. Armstrong het ‘n bandopname van hierdie preek aan al die Kerke van God gestuur. Die WKG het ook hierdie boek ‘n kort rukkie *na* mnr. Armstrong se dood onttrek en niemand het verduidelik *waarom* dit gedoen was nie.

Hoekom dink hierdie WKG leiers so anders, in so ‘n kort tydjie? “*Die Ongelooflike Menslike Potensiaal,*” is een van die MEES GEÏNSPIREERDE BOEKE WAT OOIT DEUR GOD SE KERK UITGEGEE IS. Dit bevat kragtige inspirasie van Christus. Sou u die waarde daarvan betwyfel, lees en bestudeer dit twee of driekeer. Dit is die vuurproef. Leer dan weer of baie dieper,

hoe wonderlik hierdie waarheid is. Ek sal later meer oor mnr. Armstrong se herroepte boeke kommentaar lewer.

## *"WHO WAS JESUS?" BOEKIE*

Terwyl die WKG *Geheimenis Van die Eeue* onttrek het, het hulle *"Who was Jesus?"* uitgegee. Mnr. Armstrong het gesê Protestante se groot probleem was hul verkondiging OOR DIE PERSOON VAN CHRISTUS terwyl hulle *sy boodskap* verwerp. *Geheimenis Van die Eeue*, handel juis oor Christus se BOODSKAP. *Die "Who was Jesus?"* boekie handel meestal oor die persoon van Christus. Dit is egter hierdie boekie se *rigting,* waaroor ons besorgd moet wees.


Mnr. Tkach het van hierdie boekie gesê, ek glo dat hierdie een van ons deurslaggewende en belangrikste stukke literatuur sal wees soos wat ons voortgaan met bedieningswerk en onderwysing in die volle evangelie van Jesus Christus."

Ek kan nie die sogenaamde belangrikheid van hierdie boek insien nie. Wat ek egter wel sien, is 'n VERONTRUSTENDE VERANDERING VAN RIGTING.

Dit is die fokus wat ons moet verontrus. Die WKG HET VAN DIE BOODSKAP VAN CHRISTUS WEGBEWEEG en konsentreer meer en meer op die Boodskapper. Net soos die Protestante dit doen.

Toe hulle *Geheimenis Van die Eeue,* met kritiek onttrek het en *"Who was Jesus?"* met groot toejuiging bekendgestel het, het dit 'n baie GEVAARLIKE RIGTING geopenbaar—weg, van wat God ons deur mnr. Armstrong geleer het. Geliewe beide boeke te lees en hulle met mekaar te vergelyk. Dit behoort vir 'n geestelik, oordeelkundige persoon, voldoende bewys te wees.

Dit is presies dieselfde rigting wat sommige Kerkleiers gedurende die 70's gevolg het. Mnr. Armstrong het in die *"Worldwide News,"* van 24 Junie 1985, geskryf van die moeilike tye toe die vroeë Kerk hul fokus verander het na 'n valse Jesus en 'n valse evangelie. Hier volg wat hy gesê het: "Na Jesus se dood en opstanding het Hy opgevaar, na die hemel, om saam met God op God se troon te sit, waar Hy steeds is. Tien dae na sy hemelvaart—53 dae na sy dood—het die Heilige Gees neergedaal en sy dissipels gevul. Op daardie dag van 'eerstelinge' is die Kerk gebore.



*"Who Was Jesus?"* boekie

Die Kerk het gedy en verbasend gegroei, maar kort daarna het teenstand en vervolging begin. Teen 51 n.C. het baie van die Kerk in Galásië 'n ander evangelie aangehang (Galásiërs 1:6-7). 'N HEWIGE TWIS HET ONTSTAAN OF DIE EVANGELIE WAT UITGEDRA MOES WORD, die evangelie VAN Christus of 'n evangelie OMTRENT Christus moes wees. Laasgenoemde het geseëvier. Daarop het daar 'n 'verlore eeu,' van ongeveer 70 tot 170 n.C. in die geskiedenis van die Kerk gevolg. Die oorspronklike ware Kerk het oorleef, maar geleidelik het baie van Jesus se leerstellings en Bybelse waarhede, tot niet gegaan. In die vroeë gedeelte van die twintigste eeu was baie van God se doel en waarheid reeds verlore—maar die sukkelende ware Kerk het steeds die naam, Kerk van God, die Tien Gebooie, insluitende die Sabbat en dié gee van tiendes behou" (klem deurgaans myne).

Kom ons kyk na 'n verbasende profesieë. "En toe [Jesus] op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van U koms en die voleinding van die wêreld? En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand JULLE mislei nie" (Matthéüs 24:3-4). Hierdie is tweeledig. Dit is aan fisiese *en* geestelike Israel gerig. Christus praat hier met sy eie dissipels. Vir jare het die WKG ons geleer dat wanneer die Bybel praat van "julle" dit God se eie mense aanspreek. Christus het gesê, "Pas op dat niemand JULLE mislei nie." Dit meen *julle* dissipels—of dan, God se mense.

Dus word God se mense GEWAARSKU OM VIR MISLEIDING OP TE PAS, wat hoofsaaklik op die eindtyd gemik is. Hoe sal hierdie

misleiding plaasvind? Hoe kan enige man God se mense mislei? "Want *baie* sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus; EN HULLE SAL BAIE MENSE MISLEI" (vers 5). Baie sal kom en sê JESUS IS CHRISTUS "en hulle sal *baie* mislei." Óf, baie sal kom en oor die PERSOON van Christus leer—nie oor sy BOODSKAP nie. Dit is wat aan die end van die eindtyd, met God se eie mense gaan gebeur. Dit is wat geprofeteer was om te gebeur en dit is WAT HUIDIGLIK in die WKG gebeur! Presies soos Christus gesê het, dit sal. Die boekie *"Who was Jesus?"* help om hierdie profesie te vervul!

"En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die *meeste* verkoel" (vers 12). Die woord "liefde" is van die Griekse woord *agape,* wat *God* se liefde is en nie mense liefde nie. Alleenlik God se ware Kerk het God se liefde. Hierdie is 'n profesie oor wat *binne-in* God se Kerk gaan gebeur. Valse onderwysers veroorsaak dat dit *binne-in* die Kerk gebeur.

Die Kerk is nie geneig om deur mense *van buite* mislei te word nie. Die Bybel dui aan dat die Kerk van God gewoonlik van *binne* mislei, word.

Toe die WKG leiers van *Geheimenis Van die Eeue* (en Christus se boodskap) na *"Who was Jesus"* (en die persoon van Christus) beweeg het, was dit tyd dat daar indringende vrae, oor die *rigting* waarin die WKG beweeg, gevra word. Een benadering is op die persoon van CHRISTUS ingestel—die ander op Christus se BOODSKAP.

Dieselfde fout het gedurende die 70's gebeur. Dit is waarom mnr. Armstrong ons in 1985 gewaarsku het OM NIE TOE TE LAAT DAT DIE GESKIEDENIS HOMSELF HERHAAL NIE!

## *HOREB*

"*Dink aan* die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op *Horeb* vir die hele Israel—insettinge en verordeninge" (Maleági 4:4). *Horeb* is 'n ander naam vir die berg Sinai. Daar is iets in verband met hierdie woord wat ons moet "onthou." Horeb is die plek, waar alles met fisiese Israel *begin* het. Dit is daar waar die Israeliete hulle geestelike lewens begin het (na die letter van

die wet). By Horeb, het hulle God se Tien Gebooie, ontvang. God het hulle gesê om te ONTHOU waar dit alles begin het.

Maleági is 'n eindtyd boek, wat ons aanhoudend na die begin, terugverwys. Nou wat beteken hierdie woord vir ons vandag? "Horeb" is 'n gekodeerde woord, wat essensiële waarheid openbaar. Horeb was 'n *begin.* Ons, moet ook onthou, waar ons geestelike geskiedenis in hierdie eeu begin het—"die vrou van ons jeug." Ons is vandag geestelike Israel, daarom moet ons *onthou* wat "Elía" (mnr. Armstrong) ons van die begin van die Filadelfia era, geleer het. Ons MOET ons name in die "gedenkboek" hê (Maleági 3:16).

Baie mense het boeke en boekies van mnr. Armstrong. Moet nie daarvan ontslae raak nie! Moet nie dit, wat ons geestelik van die begin af geleer het, vergeet nie. Hierdie keer is daar nie 'n Herbert Armstrong wat die Kerk weer "terug op die regte spoor" sal bring nie. Diegene van ons wat nou in die bediening is, moet nou die voortou neem. Dit is deur hierdie stryd dat God, sy "juwele" opmaak (Maleági 3:17) en besluit wie na 'n plek van veiligheid geneem sal word. Dit is die toets wat God tans na sy geestelike leiers geslinger het!

Ons moet *moet* onthou, waar dit alles begin het. Maleági herhaal dit oor en oor. Hy doen dit vir 'n baie kragtige rede. Dis hier WAAR DIE KERK HEEL OP DIE EINDE STRUIKEL en die Laodicense era word. Ons word aangesê om aan ons kroon *vas te hou* (Openbaring 3:11). Dit is deur te *onthou* dat Filadelfiërs vir die plek van veiligheid kwalifiseer en om pilare in die tempel van God te wees, na Christus se Wederkoms.

## *MALEÁGI SE BOODSKAP, GEPROFETEER!*

God het geopenbaar dat daar 'n werk is wat gedoen moet word. Christus se "klop" (Openbaring 3:20), moet aan die Kerk van die Laodicense gebring word.

"En julle sal gewaar word dat Ek julle hierdie gebod gestuur het, dat dit My verbond kan wees met Levi, sê die HERE van die leërskare" (Maleági 2:4). Dit is 'n *spesifieke* profesie omtrent *Maleági se Boodskap.* GOD HET GESÊ *EK HET HIERDIE*

*BOODSKAP AAN JULLE GESTUUR* EN *JULLE SAL WEET* DAT GOD DIT GESTUUR HET! Voor óf gedurende die Groot Verdrukking sal hulle weet dat *Maleági se Boodskap* van God af gekom het.

Die boek van Maleági het 'n opdrag vir die Laodicense Kerk en sy leraars, om te "onthou" wat Christus se leer was en berou te hê (Maleági 4:4). Dit is 'n opdrag om na die wet van God terug te keer. "[J]ulle het baie deur jul onderrig laat struikel," sê dit in Maleági 2:8. Dit is waaroor *Maleági se Boodskap* handel.

God veroordeel hoofsaaklik die bediening! DIE LERAARS WAT WEIER OM NA *Maleági se Boodskap* TE LUISTER, is onder 'n vloek (Maleági 2:2). "As julle nie wil HOOR nie" beteken dat *Maleági se Boodskap* verkondig sal word! Die WKG bediening sal geleentheid hê om te "hoor"—en dan die boodskap te aanvaar of te verwerp. Dit is daardie boodskap. U hou dit nou in u hande. Dit is 'n profesie wat op hierdie einste oomblik vervul word!

"So maak Ek julle dan ook veragtelik en gering, by die hele volk omdat julle my weë nie hou nie en partydig handel by die regspraak" (vers 9). Die "*Revised Standard Version*" verklaar dat hierdie leraars nie "onpartydig [is] in die wet nie!" Dit beteken dat hulle PERSONE RESPEKTEER, eerder as die waarheid. Die uitdrukking *partydig in die regspraak,* beteken letterlik "dat julle mense se aansien verkies óf verhoog het."

Hulle is partydig of bevoordeel diegene wat *wegbeweeg,* van die opdragte wat God deur mnr. Armstrong gegee het. Dit veroorsaak dat mense deur *hulle onderrig struikel* (vers 8). Hulle hou nie op om die gebooie te onderhou nie, hulle STRUIKEL net. Dit lei hulle tot 'n "louwarm" gesindheid.

Baie Laodiceërs onderhou die gebooie (Openbaring 12:17). Hulle *struikel* ook oor die wet. (Hierdie Laodiceërs bestaan uit die WKG en ander groepe wat die WKG verlaat het—*uitgesonderd* die FKG).

God sê dat die bediening "kennis moet bewaar" (Maleági 2:7-8). Die betekenis van die Hebreeuse woord "bewaar," is om te "waak, te beskerm en met spykers vas te pen." Sommige van die WKG se leraars bly vandag in gebreke om die kennis van die verlede te bewaar. Hulle het nagelaat om te "onthou" (Maleági 4:4). Hulle

het in gebreke gebly om vas te klou aan dit wat in dié verlede van God se wet geleer was.

Dit is waarom hulle so *partydig* is. Talle lidmate, wat lojaal is teenoor dit wat God deur mnr. Armstrong geleer het, word al hoe meer, net soos wat in die 70's gebeur het, na die agtergrond gestoot. Maleági 2:9, vertel ons *waarom* dit so is. Dit is omdat die leiers partydig is in die wet. Dit was meer as tweeduisend jaar gelede geprofeteer om te gebeur!

Maleági was 'n hervormer wat gepoog het om die leraars en die mense na die *wet* terug te bring. Priesters was die gewone uitlêers van die wet. Profete het net op spesiale geleenthede hul verskyning gemaak—soos in die geval van Maleági, wat hoofsaaklik gekom het omdat die priesters die mense van God mislei het. DIE MANS AAN DIE STUUR het God se wet—sy REGERING verwerp. Die leraars het die "*heiligdom* van die HERE, ontheilig." (Maleági 2:11). Hulle het God se heiligdom of tempel (God se Kerk vandag) ontheilig. Weereens, gaan dit *nie*, oor fisiese gebrekkige huwelike van sommiges, soos wat ons in die verlede gedink het nie (verse 14-16). Dit handel oor die Kerk, die vrou van Christus, wat verdorwe word! Waar het Maleági begin? Soos Eségiël se beuls (Eségiël 9:6), het Maleági by God se heiligdom begin—die bediening.

# 3

# Era van die Laodicense

ONS PRAAT DIKWELS VAN 'N LOUWARM gesindheid. Die waarheid is, baie mense is verward oor wat dit beteken.

Die Filadelfia era se voorbeeld en werke (gelei deur mnr. Armstrong) het 'n *standaard* vir ons daargestel, wat ons moet volg totdat Christus terugkeer. Ons sal voldoende bewyse daarvoor sien hoe verder ons gaan. Hierdie Filadelfia *standaard* word in belangrike profesieë in Maleági 4, Sagaría 3 en 4, 2 Thessalonicense 2 en Openbaring 3, bespreek.

Die WKG het in 1970, van die Filadelfia standaard afgedwaal. Mnr. Armstrong het hom openlik van sy aandeel daaraan, bekeer en verander. Tans, herhaal die WKG die dinge wat in 1970 gedoen was—deur van die Filadelfia standaard af, weg te beweeg (Maleági 2:14; 2 Thessalonicense 2:15; Openbaring 3:7-20). Terwyl mnr. Armstrong geleef het, was die werke van die WKG van 'n hoë standaard. Na sy afsterwe, het daardie standaard begin verwater.

In die *Pastoor-generaal* se Verslag van 3 Januarie 1989, het mnr. Tkach 'n vreemde stelling, IN TEENSTELLING van dit wat mnr. Armstrong ALTYD VERKONDIG HET, gemaak: "Dit is eenvoudig nie bybels om te sê dat die beste geestelike toestand, dié van 'n Filadelfiër is en dat ons bo ander behoort te streef om 'n Filadelfiër te wees nie."

Hoekom nie? Met 'n Filadelfiese gesindheid, sal so 'n persoon na die plek van veiligheid geneem word (Openbaring 3:10; 12:14) en as 'n regeerder in God se hoofkantoor TEMPEL VIR EWIG, aangestel word (Openbaring 3:12). Die Filadelfia- en Smirna eras, is die enigste Kerkeras, wat nie regstreeks deur God gekritiseer word nie.

Waarom sou mnr. Tkach so 'n stelling wil maak? Dit is weereens 'n poging om die Kerk weg, van mnr. Armstrong en die Filadelfia standaard te laat beweeg. Dit is 'n verdere voorbeeld van "ontrou aan die vrou van jou jeug," te wees!

Die Laodiceërs wil nie die Filadelfiese standaard volg nie. DIT IS PRESIES WAT 'N LAODICEËR IS! 'n Persoon wat teen die Filadelfiese begrip, in opstand kom. Dis omdat *HULLE* DIE STANDAARD WIL WEES! Te dikwels bepaal hulle hul eie standaard. 'n Laodiceër is niks meer as iemand wat poog om die fokus van 'n Filadelfiese gesindheid af te lei nie en dit is wat 'n persoon louwarm maak. Dit is presies en bepaald waaroor Openbaring 3:14-20 handel.

Mnr. Tkach het tydens die 1989, Huttefees, gesê: "'n Filadelfiese gees is een, wat opgewonde oor die werk…en vol energie is. Dié Laodiceër is die teenoorgestelde—geen geesdrif of energie nie."

Klink goed, maar is dit bybels? God sê 'n persoon kan "ywer hê.maar nie ooreenkomstig kennis nie" (Romeine 10:2). 'n Laodiceër kan 'n oorvloed ywer hê. SELFS SATAN IS VOL ENERGIE EN YWER! Dit maak nie Satan of 'n Laodiceër, regverdig nie!

Die Laodiceërs het "aan niks gebrek nie" (Openbaring 3:17). Dit beteken dat hulle 'n nare, EIEGEREGTIGHEIDSPROBLEEM het. Hulle het diepgewortelde geestelike probleme wat hulle nie sien nie. Dit is juis omdat hulle eiegeregtig is. Hulle dink dié eie ek, is reg. Dit is heelwat meer as net 'n tekort aan "ywer en energie." 'n Eiegeregtige persoon het dikwels *meer* "ywer en energie" as ander. Dit kan egter baie misleidend wees—neem Job as 'n voorbeeld.

Wie van ons kan opweeg teen die dade van Job? Tog moes Job bitterlik ly, voordat hy sy eie problem van eiegeregtigheid kon insien. Mense soos Elihu kon hom nie van sy sonde oortuig

nie. God moes dit *persoonlik* doen. So gaan dit ook met die Laodiceërs. Wanneer hulle, hulself in die ergste lyding ooit op dié planeet bevind, sal hulle weet dat God 'n oordeel oor hulle uitgespreek het (Openbaring 3:16-20). Christus *klop* NOU aan hulle deur met hierdie boodskap.

Die Filadelfiërs, wat niemand toelaat om hul kroon te neem nie, word pilare (Openbaring 3:12). In verse 11 en 12 lees dit as volg: "Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie. Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie." Die laaste spesifieke *waarskuwing* aan die Filadelfiërs word gevolg met vermelding van die laaste spesifieke *beloning* wat hulle sal ontvang. Beide die twee stellings is gekoppel omdat die beloning net gegee sal word indien hulle *nie* toelaat dat iemand hulle beloning neem nie.

"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê" (vers 13). Dit is dan ook die laaste algemene waarskuwing aan die Filadelfiërs.

Hoor u wat die Gees sê?

## *"EK KEN JOU WERKE"*

Hier is 'n verdere aanhaling uit dr. Herman Hoeh se 1982 preek oor Kerkeras: "Laodicéa, is die laaste fase van die Kerk en *logies,* geskiedkundig moet ons verwag dat 'n uitgroeisel en uiteindelik, 'n aparte kandelaar, 'n aparte regering, die uitkoms hiervan is" (klem myne).

Sou ons die Kerkera *geskiedenis,* in oënskou neem, sê dr. Hoeh, moet ons, 'n "APARTE REGERING," verwag vir die Kerk van die Laodicense. Sou die Laodiceërs egter in beheer daarvan wees, is dit die FILADELFIËRS wat 'n nuwe organisasie moet stig, of wegbreek en met die "ou" organisasie voortgaan, deur DIE FILADELFIESE STANDAARD HER IN TE STEL.

God se mense vandag, net soos dié van Éfese en ander eras, *MOET* DIE KERK VAN DIE LAODICENSE, VERLAAT ÓF SAAM MET DIE LAODICEËRS IN DIE VERDRUKKING LY!

As 'n Kerkera, het die Laodiceërs werke? Sou die Kerk van die Laodicense begin wanneer die Verdrukking

begin, soos wat die Kerk in dié verlede geglo het, sou die uitverkorenes, nie die boodskap aan die mense kon bring nie. Onder dié omstandighede, sou dit onmoontlik wees. Die Kerk van die Laodicense, moet era "werke" hê, *voordat* die Verdrukking begin.

"En skryf aan die engel [*aggelos:* 'n "boodskapper"] van die Gemeente van die Laodicense. Dit sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God: Ek ken jou werke, dat jy NIE KOUD IS EN OOK NIE WARM NIE. Was jy tog maar koud of warm!" (Openbaring 3:14-15).

As u kyk na elk van die ander eras, het elkeen 'n werk as 'n groep gehad. God sê aan elke gemeente, "Ek ken jou werke" (Openbaring 2:2, 9, 13, 19; 3:1, 8, 15). Elke era het die geleentheid gehad om as 'n gesamentlike liggaam, werke te verrig.

Deur te sê, "Ek ken jou werke" spreek God die gesamentlike liggaam—die era aan. Kan die Laodiceërs as 'n groep, gedurende die Verdrukking "werke" hê? Die Laodiceërs sal in die ergste gevangenskap, in mense heugenis, wees. Watter tipe werk sal hulle as 'n gesamentlike groep gedurende die Verdrukking kan doen? Niks nie. Daarom moet die werke *voor* die Verdrukking gedoen word—dié tydperk, waarin ons NOU is.

## *"RYK EN HET VERRYK GEWORD"*

"Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug. Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie (Openbaring 3:16-17). "Ryk en verryk geword," beteken in Grieks, letterlik "het ryk GEWORD" of "is ryk en het rykdom VERKRY." Sê die Laodiceërs nie dat hulle ryk is en skatryk (fisies) geword het, omdat dit so is nie?

Die woord "goedere" het 'n interessante betekenis. Die eerste definisie in "*Thayer's Lexicon*" is "om ryk te wees, oorvloed te hê," menende "STOFLIKE GOEDERE." Wat fisiese rykdom beteken! Onthou, hierdie is vleeslik-gesinde mense,

wie se gedagtes van nature op fisiese dinge ingestel is. Hulle is geestelik "blind."

Daar is sterk aanduiding dat die era van die Laodicense 'n oorvloed "stoflike goedere" het. Die inkomste van die WKG was omtrent $200 miljoen per jaar voordat mnr. Armstrong oorlede is. Daar is gewaardeerde eiendom, wat miljoene der miljoene dollars werd is. Die huidige administrasie van die WKG, het beslis groot rykdom met mnr. Armstrong se afsterwe, geërf.

Want jy sê: "Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie." (vers 17). Het "hulle aan niks gebrek nie," *omdat* hulle deur fisiese besittings "ryk en verryk is?" Is dit die rede waarom die leraars wat werklik besorgd was oor die rigting waarin die WKG beweeg het, nie gehoor was nie? Is dit nie omdat die WKG leiers dink dat hulle altyd op hul fisiese rykdom kan staat maak, dat hulle hul nie bekommer oor die met bedenkings nie?

Soos wat jy verder lees, sal jy sien dat die eindtyd profesieë al hierdie vrae beantwoord.

Die Kerk van die Laodicense mag in ledetal groei tot Christus se Wederkoms, maar beteken dit, dat hul altyd God se wil, doen? Nee! Ons kan dit nie as 'n vergelykende maatstaf gebruik nie. Ander kerke het miljoene lidmate en is nie God se kerke nie. In werklikheid kan die Werk van God in getalle *afneem,* maar steeds 'n wonderlike werk vir God doen. Dus moet ons veel dieper as net na 'n groeiende ledetal kyk.

Leerstellings van God se Kerk kan maklik deur die Bybel bewys word. 'n Afgewaterde weergawe van die waarheid is meer aanvaarbaar vir diegene in die wêreld en kan dus die WKG se ledetal vermeerder. (Op hierdie tydstip egter, is die ledetal besig om *af te neem*).

Eertyds was die stad Laodicéa beroemd vir sy rykdom. As 'n volk, was hulle trots op hul rykdom. Die stad is deur 'n aardbewing 62 n.C. verwoes en deur die ryk inwoners herbou.

Laodicéa, het herhaalde aardbewings beleef en is 'n groot gedeelte van die stad platgevee, wat baie inwoners vernietig het. Die plek is later finaal verlaat en tans is net ruïnes oor en word



**RYK EN VERRYK.** Moontlik kan geen gebou die rykdom van die WKG beter simboliseer as "Ambassador Auditorium" nie, opgedra aan die grote God deur mnr. Armstrong.

deur die Turke "Eski-hissor" of "Ou Kasteel" genoem. Hierdie is 'n sterk profetiese voorstelling van die Laodiceërs. 'n Groot "aardbewing" (die Groot Verdrukking) gaan hulle tref. Talle van die lede gaan hulle ewige lewe verloor. Matthéüs 25:1-10, dui aan dat dit 50 persent sal wees. Hulle kerk en hul louwarm werke gaan ruïnes word—net soos die stad van ouds.

God beveel hulle om vurig (van die Griekse woord *zeo,* "OM TE KOOK") te wees en om hulle te bekeer. Hulle het hul vurigheid en ywer, verloor.

Historikus Edward Gibbon sê: "Tussen die Griekse kolonies en die kerke van Asië, is 'n Filadelfia suil—'n pilaar wat te midde van die ruïnes staan." God het ons 'n verhewe *standaard* gegee. Die Filadelfiër gees sal nooit vernietig word nie. Hulle sal pilare in God se tempel vir ewig wees.

Die Filadelfia era was 'n kragtige Kerkera onder mnr. Armstrong. 'n Mens sou 'n vreedsame oordra van mag en "goedere" na die Laodiceërs verwag het. Dit is hoe Laodicéa "ryk en verryk" en "aan niks gebrek nie," geword het. Dan,

as ons na Maleági, Sagaría 3 en 4 en 2 Thessalonicense 2 kyk, sien ons 'n groot wegval. Die Laodiceërs het van die waarheid "afvallig" geword en baie Filadelfiërs word uitgewerp of het uitgegaan.

## ***DEEL GOD SE TROON***

Ek was vir jare oor 'n Bybelvers dronkgeslaan, maar nou is die bedoeling daarvan vir my heel duidelik. Die vers is: "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het" (Openbaring 3:21). Waarom word hierdie ontsaglike beloning, *na* die beskrywing van die gedeelte oor Laodicéa, in Openbaring 3 genoem? Die heiliges waarvan hier gepraat word, sal Christus se eie troon met Hom deel, *mits* hulle oorwin *"soos"* wat Christus oorwin het (terwyl die Laodiceërs *faal*). Lees Openbaring 4, waar hierdie wonderlike troon beskryf word. Hierdie beloning word nie aan die Laodiceërs aangebied nie. Nou waarom het God dit dan onmiddellik na die Laodicese verhaal, ingesluit?

"Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie." (Openbaring 3:12). Dit is die beloning van die Filadelfiërs. Hulle ontvlug ook die Groot Verdrukking (verse 10-11). Die lot van die Laodiceërs is om in die Groot Verdrukking te beland. "Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien. Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou" (Openbaring 3:18-19). DIE LAODICEËRS SAL *NIE* IN GOD SE TOEKOMSTIGE HOOFKANTOOR TEMPEL, waar God se troon is, wees nie. Nêrens in die Bybel beloof God hulle hierdie beloning, NIE.

Wie ontvang dan die beloning wat in vers 21, gemeld word? "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur opmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My" (Openbaring 3:20). Dit sê *"as iemand"* of ENIGE INDIVIDU, die KLOP hoor en GEHOOR

GEE, sal hy of sy uit die Kerk van die Laodicense gelei word. Saligheid is nie 'n *groep* geleentheid nie. Elkeen van ons het die *individuele* verantwoordelikheid, om hierop te *reageer*—óf nie! Om Christus te volg, is 'n PERSOONLIKE saak. Sonder hierdie kennis is dit niksseggend om in 'n kerk te wees. Christus klop aan U *geestelike* deur. Hoe gaan u teenoor Christus reageer? Die een wat positief reageer, sal die besondere beloning van vers 21 ontvang! Dit beteken, dat hy of sy 'n Filadelfiër *bly*—DEUR DIE KERK VAN DIE LAODICENSE TE VERLAAT.

Beide verse 12 en 21 van Openbaring 3, is Filadelfiese belonings. Diegene egter, wat die "klop" hoor, *MOET UIT* die Kerk van die Laodicense UITKOM om die beloning van vers 21 te ontvang.

Wanneer die woorde "pilaar," "tempel" (vers 12) of "troon" (vers 21), gebruik word, is dit op dié Filadelfiese beloning, van toepassing.

God is besig om te KLOP—in 'n groot mate deur *Maleági se Boodskap.* Ons moet oorwin *soos* Christus oorwin het (vers 21). Dit beteken dat ons die geloof, *van* Christus in ons moet hê (Galásiërs 2:20). Indien ons daardie soort geloof het, sal ons God uit die "louwarm" Kerk, VOLG. Dit is die *enigste* manier om die beloning van vers 21 te ontvang.

Vers 21, kan op geen manier op die Laodiceërs van toepassing wees nie.

Diegene wat die "klop" hoor, weet hoe om CHRISTUS TE VOLG—ons ware Leier. Hierdie heiliges volg nie 'n *persoon*—of persone nie. Dis dan ook die rede waarom hulle Christus se "klop", hoor. Deur die "klop" te hoor en die deur oop te maak, word die Verdrukking ook vrygespring.

HIERDIE VERSE OP SIGSELF, gee te kenne dat daar 'n SKEURING in God se Kerk *moet* wees. In hierdie twee eras van Openbaring 3, word drie fases bespreek (verse 12, 18-19, 21). Eerstens, was daar die Filadelfia Kerk in die Filadelfia era, (waarvan mnr. Armstrong die leier was). Tweedens, is daar die Kerk van die Laodicense in die Laodicense era (wat na mnr. Armstrong se afsterwe, begin het). Derdens, is daar die Filadelfia Kerk, wat uit die Kerk van die Laodicense, kom—*gedurende* die era van die Laodicense.

Hierdie verse sê vir ons dat die Filadelfia Kerk, lewendig en gesond in die Laodicense era is en die Filadelfiërs maak seker hiervan deur Christus se KLOP te hoor. Hulle reageer daarop DEUR UIT die louwarm Kerk, pad te gee.

Die Filadelfiërs wandel met geloof—dit is waarom hulle die klop hoor. Hulle hoor wat die Gees sê (Openbaring 3:22).

## *DIE BETEKENIS VAN "VERSEËLING"*

"Ewenwel, die fondament van God staan vas met hierdie seël: Die Here ken die wat syne is" (2 Timótheüs 2:19). Ons word verwekte seuns van God tydens ons doop. God "seël" ons. Hy sal nie sy roeping terugtrek nie. Ons is "verseël tot die dag van verlossing" (Efésiërs 4:30). Met die doop, word ons VIR DAARDIE DAG, *verseël*. Die seël kan egter "verbreek" of deur ons optrede in twyfel getrek word. Dit is nie gewaarborg nie—nie nou nie. Ons is "verseël met die heilige Gees van die belofte" (Efésiërs 1:13). Daar is "belofte" tydens ons verseëling, (geen sekerheid nie). God se deel van die *verseëling* is verseker, maar die finale uitkoms sal eers bekend wees wanneer ons *gebore* seuns is—*nie* net *verwekte* seuns nie. Tydens die doop is ons verseël en *as* ons die Gees behoorlik gebruik, is ons so goed as gered, omdat God dit so beskou (Johannes 6:47, "*het die ewige lewe*," sien ook Romeine 4:17, die laaste gedeelte).

In die "*New Bible Dictionary*" word dit gesê dat "verseëling" 'n "ewige waarborg" is. God beskou ons Saligheid as voltooid. Hierdie woordeboek, gee dit drie betekenisse, naamlik—*eienaarskap, egtheid en sekerheid.* Wat God betref, geld hierdie drie woorde reeds met die verseëling tydens die doop. Ons veiligheid is egter nie gewaarborg totdat ons *gebore* seuns van God is nie. Die *verseëling* IS TOT OP DAARDIE TYDSTIP, NIE HEELTEMAL 'N SEKERHEID NIE. Daarna, egter, *besit* God ons, is dit eg en is ons veilig in ewige heerlikheid. Dit is die UITEINDELIKE VERSEËLING—wanneer die verbond deur *beide* partye nagekom word.

## ***WIE IS DIE 144,000?***

Openbaring 6:9-16 bespreek die marteling van die heiliges en die hemelse tekens. Die marteling van die heiliges vind in die Groot Verdrukking plaas. Die hemelse tekens vind onmiddellik na die Verdrukking plaas (Matthéüs 24:29) en net *voor* die groot en verskriklike Dag van die Here (Joël 2:31; Openbaring 6:12-17). Ook, net *na* die Verdrukking en net *voor* die Dag van die Here, word die 144,000 vir altyd *verseël* (Openbaring 7:1-4).

Die Verdrukking eindig na 2½ jaar (Hoséa 6:1-2). Die "Dag van die Here," duur 'n jaar (Jesaja 34:8; 61:2; 63:4; sien ook Eségiël 4:6; Númeri 14:34, 'n dag vir 'n jaar, soos in profesie vervul), wat 'n totaal van 3½ jaar uitmaak. Die Filadelfiërs is vir 3½ jaar lank in 'n plek van veiligheid.

Beide die Verdrukking en die Dag van die Here is in hierdie 3½ jaar periode, wat die Bybel "'n tyd en tye en 'n halwe tyd" noem, ingesluit. (Openbaring 12:14; Daniël 12:7).

Laat ek weereens die presiese tydraamwerk, herhaal: Die 144,000 word vir altyd, ONMIDDELLIK NA die Verdrukking en ONMIDDELLIK VOOR die Dag van die Here *verseël*.

Die boekies, "*The Key to the Book of Revelation*" en "*Revelation Unveiled at Last*" (beide nie meer in druk nie) verduidelik hierdie 3½ jaar periode in groter besonderheid. Die "*Ambassador College Correspondence Course*" het die volgende oor die 144,000 geleer: "Wie sal die 144,000 insluit? Openbaring 7:4. Let op na die woord 'Israel.' KOMMENTAAR: Sommige van hulle sal die hedendaagse afstammelinge van ou Testamentiese Israel wees, WIE, TERWYL IN GEVANGENSKAP, OP GOD SE WAARSKUWINGS AG GEGEE HET." (Les 8, 1966, beklemtoning deurgaans myne)

Alhoewel, die Laodiceërs nie hier genoem word nie, word dit baie duidelik gestel dat die 144,000 IN GEVANGENSKAP GAAN. Dit stem ooreen met dit wat deur die FKG vandag verkondig, word.

Die 144,000 kan net een van drie moontlike groepe wees: die groot menigte, die Filadelfiërs of die Laodiceërs.

Die *groot menigte* van Openbaring 7:9, 13-14, sluit almal in, wat vanweë die Verdrukking, tot bekering kom—wie voorheen nie bekeer was nie. "… Dit is hulle wat uit die groot Verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam" (Openbaring 7:14). Die groot menigte, bestaan uit mense wat nooit voor die Verdrukking in die Kerk, was nie. Hulle is ontelbaar, waarskynlik baie meer as 144,000. *Eerstens*, hulle kom uit die Verdrukking en tweedens, hulle was en maak hulle klere wit, in die bloed van die Lam. Hulle kom tot bekering en aanvaar die bloed van Christus, om vir hulle sondes te betaal.

"En van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed" (Openbaring 1:5). Dit het met die groot menigte gebeur. Christus "het ons gewas"—verlede tyd—"van ons sondes in sy eie bloed." Wanneer? Alle Nuwe Testamentiese bekeerlinge, insluitende, die wat nog geroep en in die sewe eras tot bekering moet kom (Openbaring 2 en 3)—met wie Johannes praat—se sondes is reeds, of sal deur die bloed van die Lam tydens bekering, skoon gewas word. Daarom dat dit nie genoem word, dat dit met die Filadelfiërs of die Laodiceërs gebeur nie, omdat hulle reeds *voor* die Verdrukking tot bekering gekom het. Die groot menigte egter, kom eers tot bekering *nadat* die Verdrukking *begin het*—hulle is nie by die sewe Kerkeras, ingesluit nie. Hierdie menigte het sonder twyfel reeds *voor* die Verdrukking God se Boodskap gehoor, maar nie tot bekering gekom nie. Wanneer hulle egter, die Verdrukking ervaar wat, *voordat* dit gebeur, aan hulle voorspel was, sal hulle berou hê.

Die groot menigte het "uit" die Groot Verdrukking gekom. Die Filadelfiërs, het *nie* uit die Verdrukking gekom nie, omdat hulle *nooit daarin was nie*. Hulle was in 'n plek van veiligheid. Die Laodiceërs het *nie* uit die Verdrukking GEKOM NIE, omdat alles daarop dui dat almal in die Verdrukking gesterf het (Openbaring 6:9-11; 12:11-12). Hierdie martelare en die 144,000 is beide *in* die Verdrukking omdat hulle dieselfde groep is.

Die Filadelfiërs gaan in 'n plek van veiligheid vir 3½ jaar wees (Openbaring 12:14). Dit is dus nie logies dat hulle eers na

2½ jaar, in die plek van veiligheid, verseël sal word nie. Hulle was tydens die doop ook verseël, maar het nie die verseëling, soos die Laodiceërs verbreek deur teen God in opstand te kom nie. Dus kan die Filadelfiërs nie die 144,000 wees nie.

Dit is egter baie logies dat die Laodiceërs na 2½ jaar in die Verdrukking, verseël word. Die rede daarvoor is: ons weet dat die Laodiceërs in die Verdrukking gaan wees (Openbaring 3:14-19). Openbaring 12 bespreek die Filadelfiërs wat na 'n plek van veiligheid gaan (verse 13-14) en die Laodiceërs, wat in die Verdrukking ingaan (vers 17). Dit sê dat, een groep "nie tot die dood toe, hulle lewens liefgehad het nie" (vers 11). Dit kan nie die Filadelfiërs wees nie, daar hulle in die plek van veiligheid is. Hulle hoef nie te sterf, om hul getrouheid teenoor God te bewys nie. Die groot menigte word beskerm teen die Dag van die Here (Openbaring 7:14). Dit is dus net die Laodiceërs wat oorbly. God sê vir ons dat hulle in die Verdrukking ingaan. DIE LAODICEËRS SAL STERF EN OFFISIEEL EN PERMANENT GESEËL WORD NA DIE 2½ JAAR VERDRUKKING. Gevolglik kan ons sien dat 144,000 van God se mense, hulle redding ontvang, deur die Verdrukking ondervinding—en om te sterf.

"Kyk, ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike Dag van die HERE aanbreek" (Maleági 4:5). Hier is nou 'n BAIE BELANGRIKE PUNT. Neem *sorgvuldig* hiervan kennis. Na 2½ jaar van die Verdrukking en net voor die Dag van die Here aanbreek, sal die 144,000 almal deur God se Heilige Gees verseël wees, wanneer hulle sterf (Openbaring 7:3-4).

Waarom word daar nie gesê, dat die Elía-tipe (mnr. Armstrong) voor die Groot Verdrukking kom nie—pleks van die "groot en vreeslike Dag van die HERE" nie? OMDAT DAAR STEEDS BAIE IS WAT ONAFGEHANDEL IS, VAN DIE ELÍA WERK. *AL* die Laodicese kerke verwerp mnr. Armstrong as die eindtyd Elía! WANNEER ONS BY "DIE GROOT EN VREESLIKE DAG VAN DIE HERE" KOM, SAL ALLE OPSTAND VAN GOD SE KERK TEEN DIE ELÍA WERK, UIT DIE WEG GERUIM WEES. In daardie stadium sal al die eerstelinge dit wat God deur mnr. Armstrong *herstel* het, ondersteun, andersins is hulle GEESTELIK *dood!* Selfs al het mnr. Armstrong voor die "groot en vreeslike Dag van die HERE,"

gesterf, is daar nog baie wat, dit wat God deur mnr. Armstrong *herstel* het, nie ondersteun nie. Huidiglik verwerp baie van God se eie mense, daardie dinge wat "Elía" hulle geleer het. Hulle sal in die toekoms gewillig moet wees om te sterf, vir dit wat God hulle deur mnr. Armstrong geleer het, indien hulle in die Koninkryk van God wil wees. Wanneer daardie dag aanbreek, sal ALLE KERKLIDMATE WAT DAN NOG IN OPSTAND TEEN GOD SE REGERING IS, VIR EWIG AFGESNY WORD!

Dit sê, by kragtige implikasie, dat baie van die Laodiceërs berou sal hê oor hulle opstandigheid teenoor die Elía-tipe (mnr. Armstrong) werk. Al die Laodiceërs verwerp tans die regering wat God hulle deur mnr. Armstrong geleer het! (Vir meer inligting, vra vir ons gratis boekie *"God's Family Government").* Hulle het 'n ERNSTIGE REGERINGSPROBLEEM. HULLE SAL VIR DÁÁRDIE SELFDE REDE, IN DIE VERDRUKKING WEES!

Alhoewel die Laodiceërs heelwaarskynlik op verskillende tye gedurende die Verdrukking sterf, is die afsnypunt onmiddellik *voor* die Dag van die Here. Die verseëling is dan afgehandel en offisieel. Op daardie presiese oomblik, sal God beslis *weet* WIE VAN DIE LAODICEËRS GERED MOET WORD EN WIE VIR EWIG VERLORE SAL WEES. Die Filadelfiërs sou reeds hulleself bewys het. God sal dan *weet* wie van die Kerk van die Laodicense, in die EERSTELINGE ROEPING sal wees.

DIEGENE WAT GETROU AAN CHRISTUS IS EN DIT WAT HY DEUR MNR. ARMSTRONG ONDERRIG HET, WORD FILADELFIËRS GENOEM. Diegene wat *ontrou* aan hierdie leerstellings is, word LAODICEËRS genoem. Die Laodiceërs moet erken en berou hê dat hulle *in opstand* was oor dit wat God deur mnr. Armstrong onderrig het—en dan STERF om hulle oortuiging aan God te bewys!

Indien ons Openbaring 7:3-4, van naderby beskou en dit in verband met Maleági 4:5-6 bring, kan ons sien wat die *profetiese gaping* —tussen die afsterwe van "Elía" en "die groot en vreeslike Dag van die HERE," vul. God het vir jare deur Christus en mnr. Armstrong aangedui hoe sy REGERING werk. Daarna het Hy mnr. Armstrong *verwyder* om te bepaal of ons *individueel,* Christus se REGERING sou volg, in AFWESIGHEID

VAN DAARDIE GEESTELIKE STERK, FISIESE LEIER. DIT WAS 'N SORGVULDIG BEPLANDE TOETS VIR GOD SE MENSE.

Indien u die verhaal in meer besonderheid wil lees, lees dan die boek van Maleági (asook 2 Thessalonicense 2 en Openbaring 3:14-20). Dit beskryf wat na mnr. Armstrong se afsterwe gebeur het. Openbaring 7:3-4 sê presies wanneer die Laodicense Kerk eindig.

Herhaaldelik dui die Bybel aan, dat *al* die Laodiceërs wat in die Koninkryk van God sal ingaan, vir God moet STERF (Openbaring 6:9-11; 12:11-12). Hierdie Laodiceërs is ingesluit by die martelare van Openbaring 6:9-11). Lees elke woord. Dit is waarom die Laodiceërs, net *na* die Verdrukking maar voor die Dag van die Here, *verseël* word. Hulle *verseëling* was onder *verdenking* tot en met die Verdrukking. Die Laodiceërs MOET HULLESELF BEWYS, DEUR VIR GOD TE STERF, waarna hulle vir altyd *verseël* word. Volgens "*Thayer's Lexicon,*" is een van die definisies van die woord "verseël," "bo verdenking te plaas!" Ten tye van hulle dood, is hul betrokkenheid by God finaal bekend en word "bo verdenking geplaas." Op hierdie oomblik hang daar egter 'n vraagteken oor die koppe van die Laodiceërs!

DIE VERSEËLING OP HIERDIE TYDSTIP, KAN *NET* OP DIE LAODICEËRS VAN TOEPASSING WEES.

Dit is baie belangrik om te verstaan, dat dit net in die boek van Openbaring is, dat Bybelprofesieë in tydsvolgorde geplaas word.

Let noukeurig op dat Openbaring 12 omtrent die Groot Verdrukking handel (sien verse 11-14, 17). Openbaring 13, is ook oor die Groot Verdrukking (verse 7, 17). Om te kwalifiseer vir die Koninkryk van God, sal God se mense wat in die Verdrukking ingaan, die merk van die dier moet verwerp. Hulle is die martelare wat gedood word, omdat hulle die merk van die dier verwerp (Openbaring 6:9, 11; 13:15, 17). Dan gaan ons na hoofstuk 14 toe.

"En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd-vier-en-veertig-duisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe. En ek het 'n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie

waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van siterspelers wat speel op hulle siters. En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd-vier-en-veertig-duisend wat van die aarde vrygekoop is. Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir God en die Lam" (verse 1-4). Hierdie is dieselfde mense wat die merk van die dier verwerp. Hulle sterf vir God, wat dan hulle toekomstige posisies saam met Christus in die Wêreld van Môre bekend maak. Hierdie Laodiceërs beërwe die Koninkryk na bekering. Alhoewel, die 144,000 Laodiceërs sal nie in God se Tempel of Hoofkantoor, soos die Filadelfiërs, vir ewig, wees nie (Openbaring 3:12). Hulle sal egter, Christus vir ewig behulpsaam wees. God het hierdie verse in Openbaring 14 ingesluit as 'n aanmoediging vir die Laodiceërs wat dit sal lees, tydens hulle beproewinge in die Verdrukking.

Openbaring 14 bespreek die einde van die Verdrukking en die Dag van die Here, wanneer Babilon val (vers 8). Diegene wat die dier aanbid, ontvang God se grimmigheid.

"Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof [van] Jesus bewaar. En ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf, SALIG IS van nou af die DODE WAT IN DIE HERE STERWE: Ja sê die gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid en hulle werke volg met hulle" (verse 12-13). Hier is Heiliges wat die ware geloof van Christus het, wat hulleself bewys, deur vir God te *sterf.*

Twee groepe word in Openbaring 14 bespreek. Dié wat die merk van die dier weier ("martelare" of dié 144,000) en dié wat die merk van die dier aanvaar. Die *konteks* openbaar wie die 144,000 is en die *tydsvolgorde* waarin hulle gesterf het. Die 144,000 is die martelare wat die merk van die dier geweier het. Deur te sterf vir hulle geloof in Christus, word hulle "geseën" en God openbaar ook hul toekomstige werk (verse 1-4).

Die Laodiceërs is mense wie baie van ons ken en liefhet. Die Laodicese tragedie is geen fantasie nie—dit is 'n aaklige

werklikheid! Indien dit nie genoegsame rede vir elkeen van ons is, om 'n deurtastende selfondersoek te doen nie, dan sekerlik, *IS* DAARDIE GESINDHEID, LOUWARM.

God het so baie geestelike kennis aan sy Kerk gegee. Hy sê, dat ons geoordeel word oor wat ons met al daardie kennis doen (Romeine 2:13; Jakobus 4:17). Die Dag van die Here, word derhalwe deur God vertraag, totdat al die Laodiceërs vir altyd verseël is.

Die groot menigte het berou en "kom uit" die Verdrukking (Openbaring 7:14). Die Bybel meld egter nie so iets van die Laodiceërs nie. DIT IS OMDAT DIE LAODICEËRS *IN* DIE VERDRUKKING STERF EN GEVOLGLIK *VERSEËL* WORD. Hulle is dan verseker dat hulle in God se Koninkryk sal wees, maar hulle sal nie 'n Filadelfiese beloning ontvang nie.

Bestudeer die kronologie van Openbaring 6 en 7. Dit openbaar duidelik dat die 144,000 die Laodiceërs is. Openbaring 6 bespreek, die Verdrukking en die MARTELING VAN DIE HEILIGES (of die Laodiceërs). Dan, in Openbaring 7, merk God die tyd, wat baie louwarm eerstelinge in die Verdrukking amptelik gemartel en verseël word, om in die Koninkryk toegelaat te word—en talle ander, wat vir ewig verlore is.

Sommiges mag oor die volgende vers wonder: "En aan hulle is gesê dat hulle nie die aarde, of enige groenigheid of enige boom moet beskadig nie, maar net alleen die mense wat die seël van God nie op hulle voorhoofde het nie" (Openbaring 9:4). Wie is die mense met die seël? Hulle is die Filadelfiërs, die groot menigte en dié mense wat tot bekering kom soos wat die Dag van die Here, vererger.

God belowe nie om almal wat Hy verseël, fisies te beskerm nie. God belowe om die Filadelfiërs teen die Verdrukking te beskerm (Openbaring 12:14) en Hy belowe om die ontelbare menigte teen die Dag van die Here te beskerm (Openbaring 9:4). Al God se heiliges is beskerm, tensy hulle *self hulle seël verbreek*, deur in opstand te kom.

Hierdie is nog 'n teken dat die Laodiceërs die seël, wat tydens hul doop aan hulle gegee is, gebreek het. Hulle word nie gedurende die Verdrukking *beskerm* nie. Hulle word uit God

se mond uitgespuug (Openbaring 3:14-16). Ons geloof kan ons in die steek laat. Verbonde en bevestigings kan deur mense verbreek word, maar God se Woord kan nie verbreek word nie. Hierdie is die karakter wat ons moet bou om lede van God se Familie te word.

## *“’N ANDER EVANGELIE”*

Paulus het hom verwonder dat die Galásiërs so gou ‘n “ander evangelie” kon aanneem (Galásiërs 1:6). Vandag het die Laodiceërs dieselfde sonde gedoen. God dui dit selfs in Openbaring 14:1 aan. Die 144,000 weier die merk van die dier en leer dan blykbaar hul eerste en belangrikste les. DIE VADER SE NAAM WORD *DAN* OP HULLE VOORKOPPE GESKRYWE (vers 1). Hulle vernaamste sonde wentel om hierdie aangeleentheid en hier is die rede.

God se eerste kritiek teen die Laodiceërs in Maleági, handel oor dié sonde dat hulle die Vader nie eer nie. In Maleági 1:6, vra die Vader deur die Woordvoerder, “As Ek dan ‘n Vader is, waar is my eer?” Dit is hier waar die Laodiceërs begin om die spoor byster te raak. Hulle het begin om ‘n ander evangelie te verkondig. Onthou, die boek van Maleági is hoofsaaklik vir die eindtyd. Die ware evangelie is die goeie nuus, oor die komende Koninkryk of Familie van God. Dit is vir jare in die WKG deur mnr. Armstrong verkondig, dat GOD SE REGERING DEUR DIE FAMILIE VAN GOD ADMINISTREER WORD.

Na mnr. Armstrong se afsterwe is daardie leerstelling, verander. Tans leer die WKG dat “Christus die middelpunt van die evangelie is.” Dit is tragies onbybels!

*Evangelie* beteken “goeie nuus.” Dit is die goeie nuus van God se Koninkryk wat gaan kom

Die Koninkryk van God is die FAMILIE van God. Wie dus, is die hoof van die Familie? Christus? Natuurlik nie! Die Vader is die Hoof van die Familie. God die Vader is die sentrale figuur in die evangelie!

Niemand kan na Christus toe kom “as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie” (Johannes 6:44). Die Vader

verwek sy eie kinders. Nie eers Christus kan dit doen nie! Daarom kan ons sien waarom die Vader vra, "Waar is my eer?" Dit is die hart van die evangelie! Die Vader is die vernaamste figuur, maar die WKG, het Hom egter na 'n laer status verskuif. Die WKG het van God se ware evangelie afgewyk en verkondig nou 'n "ander evangelie."

Wanneer die Groot Verdrukking aanbreek, sal almal weet wie Laodiceërs of Filadelfiërs is. Die Laodiceërs sal in die Verdrukking wees. Die Filadelfiërs in 'n plek van veiligheid. *Dan* sal daar nie meer, "geleerde" *beredenering* om God se duidelike waarheid wees nie!

Die slegte nuus is dat baie van God se mense nie na 'n plek van veiligheid gaan nie. Selfs erger, baie sal nie in God se wonderlike Koninkryk wees nie!

Die Evangelie, of "goeie nuus," openbaar dat God binnekort in wêreldsake gaan ingryp sodat Hy kan regeer en die wonderlike nuwe Wêreld van Môre, inlei.

# 4

# Volg Elía

Een oorheersende uitvloeisel, vir die mense van God in hierdie eindtyd, draai om 'n hedendaagse Elía, wat alles herstel het (Matthéüs 17:10-11). Indien ons God en die Bybel ken en weet waar God se Kerk is, dan is dit nie moeilik om hierdie Elía te vind nie.

Dit was geprofeteer, dat hy net voor Christus se Wederkoms sou verskyn. God sou hom gebruik om die fisiese- en geestelike familie te bou (Maleági 4:5-6). Hy sou net voor daardie "groot en vreeslike Dag van die Here" verskyn. God se heiliges behoort maklik in hierdie kort eindtyd periode, so 'n vername leier van God, te kan onderskei.

Versuim om hierdie invloedryke man van God te herken, veroordeel 'n persoon se godsdiens. Hierdie Elía sal 'n groot Werk vir God doen en God se mense sal hom behulpsaam wees om die Werk te voltooi.

Het u hierdie man van God gesien? Het u hierdie Werk van God herken? Vir u fisiese- en geestelike redding, is daar niks wát meer belangrik is nie!

## *WIE IS LEVI*

Daar is min in die Bybel oor Levi. Tog sê die Bybel dat hy 'n groot vrees vir God gehad het (Maleági 2:4-5). God het hom

gebruik om 'n goddelike vrees in die Levitiese priesterskap te simboliseer.

Tans, werk God *geestelik* met ons. In Openbaring 3:9 word melding van "Jode" gemaak, wat deur die Kerk geestelik toegepas word. In Openbaring 3:1 lees ons dat die Sardis Kerk, *geestelik* "dood" was, nie fisies nie. Die Laodiceërs is *geestelik* "blind" en "naak" (Openbaring 3:17). Hierdie woorde is nog altyd geestelik deur ons toegepas.

Dus is dit ook so met Levi wat die vader van die fisiese Leviete (of leraars) was. Die priesters en die Leviete het in die tabernakel en tempel gedien.

Ons weet dat die grootste gedeelte van profesie, tweeledig is. en ons weet ook dat die hoof vervulling van die boek Maleági, in die eindtyd plaasvind (Maleági 4:5-6).

Wat is die betekenis van Levi, wat God ons vandag, probeer meedeel? Vandag, is die Tempel *geestelik*—God se Kerk (Johannes 2:21; 1 Korinthiërs 3:16-17, 6:19; 2 Korinthiërs 6:16). Dus, wie is vandag die geestelike vader van die leraars? By herhaling, het mnr. Armstrong gesê, dat hy *geestelik,* die vader van ons almal was—regstreeks of onregstreeks. Net soos Paulus die vader van almal was, wat hy in die Kerk ingebring het (1 Korinthiërs 4:15).

Tans, werk God *geestelik* met ons (Sagaría 4:6). "Levi" is 'n *kodewoord*, wat ons help om te verstaan—indien ons hierdie verse geestelik toepas. Mnr. Armstrong het dikwels daaroor gepraat dat die Bybel 'n kodeboek is.

Levi was reeds dood toe Maleági sy boodskap gelewer het, soos dit ook vandag is. Hierdie boodskap is hoofsaaklik vir die KERK VAN GOD, *na* mnr. Armstrong se afsterwe. Enige persoon wat mnr. Armstrong geken het, sal weet dat hy priesters, wat baie deur hul "onderrig laat struikel het," (Maleági 2:8)—beslis nie vir baie lank sou duld nie. Nou wil God sien of sy ander leraars dieselfde ywer het. VREES HULLE GOD, SOOS MNR. ARMSTRONG EN LEVI GEDOEN HET?

Indien die priesters, of leraars nie op die boodskap van Maleági ag gee nie, sal hulle deur God vervloek word (Maleági 2:2) en sal "hulle dan ook veragtelik en gering by die hele volk wees" (vers 9).

Dit, is slegs net die begin. Hulle sal die Groot Verdrukking en ook die moontlikheid van die poel van vuur, in die gesig moet staar. Dit is 'n verskriklike manier om goddelike *vrees* te leer—*indien* hulle dit ooit leer.

Die geestelike seuns van Levi sal gereinig word (Maleági 3:3). Leviete van ouds was nooit verlossing aangebied nie. Tog, die Leviete of leraars van Maleági word verlossing aangebied—ÓF, AS! (Maleági 4:1).

God sê dat mis op die skuldiges se gesigte gestrooi sal word (Maleági 2:3). Wrede vernedering—indien hulle nie tot bekering kom nie.

*Baie* is deur Levi van ongeregtigheid teruggebring (Maleági 2:6). Die Laodicese bediening veroorsaak dat baie deur hulle onderrig struikel (Maleági 2:8).

## *SEWE LAMPE*

Daar is 'n betekenisvolle sleutel om Hoofstukke 3 en 4 van Sagaría te kan verstaan. "Want kyk, die steen wat Ek voor Josua neergelê het—op die een steen is daar sewe oë ... [T]erwyl daardie sewe—die oë van die Here wat die ganse aarde deurloop—met blydskap die skietlood aanskou in die hand van Serubbábel" (Sagaría 3:9; 4:10).

Tydens die *"Ministerial Refreshing Program"* in September 1988, het dr. Ward verkondig dat daardie "sewe oë" na die Kerkeras verwys. Dit was die *enigste* vertolking, wat ek ooit te *"Ambassador College,"* gehoor het. Ek glo dat die meeste van God se leraars, daarmee akkoord gaan.

"Die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes" (Openbaring 1:20). Die sewe kandelaars (of lampe) is ook die sewe Kerkeras (sien Openbaring 2 en 3).

"En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: Ek sien daar 'n kandelaar, [lampstaander] heeltemal van goud, en sy oliekan bo-oor hom en sy sewe lampe op hom; telkens

sewe aanvoerpype loop na die lampe wat bo-oor hom is" (Sagaría 4:2). Hierdie kandelaar of lampstaander het SEWE LAMPE, wat weereens na die sewe Kerkeras van Openbaring 2 en 3 verwys.

Lampe gee lig. Oë word gebruik om mee te sien. Hierdie sewe Kerkeras word deur God, geestelike- lig en sig gegee. Hulle sien en verstaan God se pan asook wêreld gebeure, sou hulle God se Heilige Gees gebruik (Sagaría 4:6). God gee aan geen ander groep hierdie begrip nie.

Die sewe oë, word in beide die Josua (Sagaría 3:9) en Serubbábel (Sagaría 4:10) gedeeltes, gelys. Die sewe lampe (of die sewe oë) word ook in Sagaría 4:2 genoem. God benádruk die onderwerp van die Kerkeras omdat die onregverdige Josua en die regverdige Serubbábel albei, in hierdie eindtyd profesie genoem word. Dit is net nog 'n teken dat hierdie profesie vir hierdie tyd—NOU, is. Die sewe eras *begin* met Christus se eerste koms en *eindig* met sy Wederkoms. God wil hê dat ons in terme van KERKERAS moet dink. Dit is deurslaggewend om Sagaría 3 en 4 te kan verstaan, wat dan die hoofstukke maklik maak om te begryp.

Na die afsterwe van Serubbábel begin die era van die Laodicense—wat van die Serubbábel werk weggedraai het (net soos dit in Openbaring 3 gebeur het).

In Sagaría 3 word daar van 'n Josua gepraat wat 'n biskopshoed gehad het of 'n leier was. Dit is 'n profesie van 'n hedendaagse Josua, aan wie die reg gegee was om God se Kerk te regeer. Wanneer God dus van Josua en Serubbábel (in die konteks van Kerkeras praat), is dit twee eras en twee leiers wat bespreek word. Daarom moet elk van hulle 'n Kerkera in hierdie hedendaagse tyd lei. Serubbábel was voor Josua 'n leier en daarom sal ons by hom begin.

## *"DIE HANDE VAN SERUBBÁBEL"*

Wanneer die Bybel direk verwys na Christus wat bou, word dit gewoonlik as, "nie met hande gemaak nie" gestel (2 Korinthiërs 5:1), of iets wat "sonder hande" bewerkstellig was

(Daniël 2:45), of “deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie” (Hebreërs 9:11).

“Die *hande* van Serubbábel het die *fondament* van hierdie huis gelê, en sy *hande* sal dit ook *voltooi.*” (Sagaría 4:9). Dit is duidelik dat daar van ‘n “direkte betrokkenheid” gepraat word.

*Hande* word tweekeer genoem, wat ‘n aanduiding is van die begin en die voltooiing van ‘n projek. Die *“Anchor Bible Commentary”* sê, “hande” is *letterlik* en spreek *van deelneming* in die bou van ‘n tempel. Dus, dit was deur ‘n mens met “hande,” en nie “sonder hande” nie, gebou—soos wat Christus dit doen sonder menslike hulp.

Mnr. Armstrong het, ‘N ERA BEGIN EN VOLTOOI, waarin “alles herstel” is. HY HET DIT BEGIN EN VOLTOOI, met die krag van God se Heilige Gees (Sagaría 4:6), voordat hy gesterf het. Sy *hande* het die fondament gelê en *sy hande* HET DIE HUIS VOLTOOI—die Filadelfia Era.

Hier is ‘n uittreksel uit ‘n skrywe van mnr. Armstrong, wat hy op 19 Maart 1981, aan die Kerk geskryf het: “Serubbábel het die tweede tempel gebou, waarheen Christus die eerste keer, gekom het. Johannes die Doper het die weg vir daardie EERSTE koms voorberei. WIE sou egter die GEESTELIKE tempel, vir Christus se spoedige wederkoms bou? Wie moes die weg vir sy Wederkoms voorberei?

Onthou dat God alles TWEELEDIG doen. Soos wat Serubbábel, die eerste tempel met MATERIËLE klip, hout en ander boustof gebou het, was hy ook die voorloper óf tipe van iemand, deur wie Christus, ‘n GEESTELIKE TEMPEL sou oprig of bou—sy Kerk, van ons tyd, net voor die Dag van die Here en Christus se Wederkoms. Net soos Johannes die Doper in die FISIESE wildernis van die Jordaanrivier die weg voorberei het vir die eerste koms van die MENS Jesus (beide mens en God), wat toe na sy FISIESE tempel en sy FISIESE volk Juda toe sou kom om die Koninkryk van God, wat eers 1900 jaar later tot stand gebring sou word, AAN TE KONDIG, net so, sou God ‘n menslike boodskapper in die GEESTELIKE wildernis van die twintigste eeu se geloofsverwarring bring, om ‘n stem te wees, wat die evangelie van die Koninkryk van God sou UITROEP. Dit, ten

opsigte van 'n GEESTELIKE CHRISTUS wat in ALMAGTIGE KRAG EN GLORIE na sy GEESTELIKE TEMPEL toe kom om inderdaad daardie geestelike KONINKRYK VAN GOD VAS TE STEL.

Broeders, IS DIT DEUR HIERDIE KERK GEDOEN?

Het God 'n eenman LEIERSKAP verwek om deur Hom gebruik te word om die geestelike TEMPEL te bou en na 1900 jaar, die ware EVANGELIE VAN DIE KONINKRYK VAN GOD AAN DIE HELE WÊRELD te verkondig—om selfs na konings en leiers van nasies te gaan (Openbaring 10:11)—om die Kerk terug te bring na die GELOOF wat EENMAAL aan die heiliges OORGELEWER WAS (Judas 3)?

HET DIT IN JULLE DAE GEBEUR EN HET GOD JULLE NIE IN HIERDIE PROFETIESE VERVULLING INGESLUIT OM DEEL DAARVAN TE WEES NIE?

HET ENIGIEMAND ANDERS DIT GEDOEN?" (Beklemtoning syne).

Het mnr. Armstrong gedink dat *een* man, hierdie profesie in vervulling sou laat gaan? Beslis! Hy praat van *"een"* "'n menslike boodskapper," "'n stem" "'n *een*man leierskap"—en dan eindig hy deur te vra, "HET ENIGIEMAND ANDERS DIT GEDOEN?"

Hoekom is die louwarm leiers tans so vasbeslote om die *belangrike* profesie wat mnr. Armstrong, ons geleer het, sonder enige Bybelse ondersteuning of bewyse te verander?

Mnr. Armstrong vervolg: "God het nog nooit 'n man, wat vir 'n spesifieke leierskap of opdrag geroep is verwyder, *alvorens* sy opdrag VOLTOOI was nie." Het mnr. Armstrong sy opdrag voltooi? het hy, "hierdie huis klaargemaak," "alle dinge herstel," en "die harte van die vaders teruggebring?" Hy het baie beslis!

Ons moet nie te vinnig sê, dat ons nie Sagaría kan verstaan nie. Sagaría die profeet is deur die engel van God, oor hierdie gesindheid van hom aangespreek (Sagaría 4:4-5).

"Die hande van Serubbábel het die FONDAMENT van hierdie huis gelê, en sy hande sal dit ook VOLTOOI; dan sal jy weet dat die Here van die leërskare my na julle gestuur het" (Sagaría 4:9). "Huis" is 'n baie algemene woord in die Bybel. In die *"Englishmen's Hebrew and Chaldee Concordance,"* waar die woord "huis" gebruik word, beslaan die Skrifgedeeltes *13* BLADSYE. Die woord "tempel" in dieselfde boek, beslaan net



'n KWART VAN 'N BLADSY. Die woord "Tempel" word nie hier gebruik nie—en "tempel" is nie naastenby so algemeen in die Bybel, as die woord "huis" nie.

Die woord "huis" kan ook "binne gedeelte" beteken—of net 'n gedeelte, van iets wat groter is. Dit is 'n naam toegeken aan 'n menslike liggaam, wat verganklik en kortstondig van aard is (Job 4:19). Dit word ook as "tent" gebruik (Genesis 27:15; 33:17). In Job 8:14 word dit ook as 'n "spinnerak" beskryf. Dit word op rykdom, eiendom en alles wat aan 'n familie behoort, toegepas. Al die gebruike van die woord, is baie *tydelik* (soos Kerkera). Die woord *"tempel"* word in 'n baie meer permanente manier gebruik of om 'n baie lang tydperk aan te dui. As voorbeeld, die woord "tempel" word soms op AL SEWE KERKERAS van toepassing gemaak. Dit is ook op die EWIGE LEWE van toepassing.

Die onderwerp is, "hierdie huis" en dit IS IN DIE KONTEKS VAN DIE SEWE KERKERAS (Sagaría 3:7-8; 4:2, 10; Openbaring 1:20). Sou ons al hierdie Skrifgedeeltes bymekaar voeg—kan dit net sowel "hierdie era" genoem word en Serubbábel het *dit voltooi.* Mnr. Armstrong het nie net die *fondament* gelê, soos wat ons vandag, dikwels sê nie—HY HET DIE HELE HUIS GEBOU. DIE FILADELFIA ERA was met sy afsterwe, heeltemal VOLTOOI. Hy *het alles herstel* (Matthéüs 17:10-11). Dit is nie nodig om enige verdere fundamentele leerstelsels by hierdie huis te voeg nie. AL WAT ONS NODIG HET OM TE DOEN, IS OM IN mnr. Armstrong SE VOETSPORE TE VOLG. DIT IS WAT MNR. TKACH *GESÊ HET*, HY SOU DOEN. Hoofsaak is, dat ons net nodig het om die "huis" te *onderhou* en God se Werk te doen.

Mnr. Armstrong het kort voor sy afsterwe, aan mnr. Tkach gesê, "Ek het na die wêreld leiers toe gegaan, nou moet die Kerk bymekaar gebring word." Dit wil voorkom asof meer deur mnr. Armstrong voltooi was, as wat ons besef.

Dr. Ward, het gesê, "Christus is die uiteindelike vervulling van Serubbábel." Die waarheid van God se Woord word weggeneem deur dit so te vergeestelik. Christus is die

---

**HERBERT W. ARMSTRONG** Die stigter van die Wêreldwye Kerk van God. Hy het op 16 Januarie, 1986, op die ouderdom van 93, gesterf.

uiteindelike vervulling van alles—indien Hy in ons woon (Filippense 2:5). Daar was egter, *'n man* genaamd Serubbábel, wie die gerestoreerde tempel gebou het. Daar was ook 'n spesifieke man wat die Filadelfia era van God se Kerk, gebou het. Mnr. Armstrong was 'n tipe van Serubbábel. Hy het dit geglo en het dit self, TALLE KERE gesê!

Die woord van die HERE IS AAN SERUBBÁBEL (Sagaría 4:6). Dit maak nie sin indien Christus met homself praat nie. Christus praat met *'n man* wat die amp in hierdie eindtyd vervul het. Dan ook verder, Sagaría 4:9 verwys ook nie na Christus wat die huis voltooi het nie, maar na 'n man—*Serubbábel*—wat die huis voltooi het.

Dit is onlogies om te sê dat Serubbábel, Christus is. Is die Elía Christus? Wat van Johannes die Doper? Haggai? Sagaría? Maleági? Natuurlik nie, want God werk deur MENSE!

God voeg die laaste twee eras van sy Kerk, in die sewe eras van Sagaría, hoofstukke 3 en 4. Hierdie hoofstukke gee ons dié *oorsig*. Indien ons die omvattende beeld verstaan, word alles baie duidelik.

## *"DIE DAG VAN KLEIN DINGE"*

Die eerste radioprogram in die Filadelfia era van God se Kerk, is op 9 Oktober 1933, vanuit 'n 100-watt radiostasie, te Eugene, Oregon uitgesaai. Die *"Plain Truth"* tydskrif, per hand gemimeografeer, het in Februarie 1934, met 234 kopieë begin. *"Ambassador College,"* het met vier studente en agt professore in 1947, begin. Dit het alles so *klein* en *onbeduidend* voorgekom. (Net soos wat die FKG se werk, klein begin het). Vanaf daardie klein begin het die WKG egter gegroei en 'n groot en magtige wêreldwye organisasie geword.

"Want wie verag die dag van klein dinge?." (Sagaría 4:10). Is daar vandag sommiges wat "die dag van klein dinge" verag? Dis net 'n ander manier om te sê, dat sommige, "VERRADERLIK TEENOOR DIE VROU VAN HUL JEUG" is.

Die *"Anchor Bible Commentary,"* gebruik die woord *"minagtend"* wat *"verwerping"* beteken. Wat is dit wat, vandag *verwerp* word? Die WKG leiers *verwerp,* wat CHRISTUS deur mnr.

Armstrong gebou het. Hierdie leiers het 'n *gesindheidsprobleem* ten opsigte van dit wat Christus deur mnr. Armstrong herstel het—wat beteken dat hulle dié REGERING VAN GOD verwerp. Dit was nie mnr. Armstrong se werk nie—DIT WAS CHRISTUS SE WERK. Hierdie veragters is in gebreke om God se Gees (Sagaría 4:6) in CHRISTUS SE WERK, wat deur mnr. Armstrong tot stand gebring is, raak te sien. Dit is God se Gees en die REGERING van God, wat hulle verwerp!

Miskien is die Kerk se grootste probleem vandag, dat hulle "die dag van klein dinge," verag. Verandering beteken nie altyd dat daar in goddelike karakter gegroei word nie. DIE KERK SE FILADELFIESE STANDAARD HET VERANDER NA 'N LAODICESE STANDAARD, soos wat daar in Openbaring 3 aangedui word. Dus is veranderings NIE *altyd* ten goede nie.

## *DIE SERUBBÁBEL INSETSEL*

Die storielyn van Sagaría 3 en 4, handel oor Josua en die laaste twee eras van God se eie Kerk. Serubbábel is nie 'n aktiewe deel hierin nie. Sou die insetsel, wat verse 6-9 en twee-derdes van vers 10 (Sagaría 4) insluit, uitgelaat word, vloei die verhaal beter. 'n Insetsel is 'n invoeging wat *later,* nadat die oorspronklike verhaal geskryf is, deur die redakteure, *bygevoeg* word. Die *"Critical International Commentary,"* (en andere) het selfs hierdie insetsel in 'n ander gedeelte van Sagaría, geplaas.

Waarom, 'n insetsel byvoeg? Die insetsel is ingelas *nadat* die Josua verhaal geboekstaaf was deur diegene wat die Bybel gekanoniseer het. Verwyder dit en ons het in hoofsaak 'n opstandige Josua en die laaste era van God se Kerk net voor Christus se Wederkoms (Sagaría 3:8). Dit is ook die *tydvak.*

Josua en sy vriende is besig om die sonde van die 70's te herhaal. Hulle maak te veel staat op eie krag—en nie op die krag van God se Heilige Gees, nie (Sagaría 4:6). VERS 6 IS 'N GEDEELTE VAN DIE SERUBBÁBEL INSETSEL. God sê, dat Serubbábel (mnr. Armstrong) het met die Heilige Gees van God, die huis gebou, maar die Laodiceërs WEIER OM TE VOLG. Hulle het 'n besondere voorbeeld om te volg, maar hulle

WEIER om dit te doen. God beskou dit as 'n verwerping van SY OUTORITEIT EN REGERING!

Met verwysing na *Geheimenis Van die Eeue,* het mnr. Armstrong gesê dat "ek voel dat ekself dit nie geskryf het nie." Hy was van mening dat God se Heilige Gees, hom beweeg en aangespoor het, soos wat God altyd sy uitstaande leiers gelei het. Mnr. Armstrong het geweet, hoe om God toe te laat om hom te beheer en te lei. HY HET NIE EERS DIE KREDIET GENEEM, DAT HY DAARDIE BOEK GESKRYF HET NIE! Soos wat ons aangaan sal ons sien, dat Josua in *gebreke* gebly het om toe te laat dat Christus, hom met die Heilige Gees lei. Hy het Serubbábel se voorbeeld verwerp—en dit is waaroor hoofstukke 3 en 4 van Sagaría, handel.

Selfs al is mnr. Armstrong dood, het hy vir ons 'n VOLTOOIDE HUIS agtergelaat. Ons taak is om die huis te veredel en te onderhou (met ander woorde, ons moet in sy voetspore volg)—EN NIE DIT WAT HY GEBOU HET, AFBREEK NIE. Mnr. Armstrong het alles herstel (Matthéüs 17:10-11)—hy is oorlede nadat hy die Werk, verbonde aan die Filadelfia era, voltooi het. Hy is egter nie dood voordat hy GOD SE WERK VOLTOOI HET NIE. Wat beteken dit alles? Dit is dieselfde waarskuwing as wat Maleági gegee het: "onthou" wat Elía geleer het (Maleági 3:16; 4:4-6). ONS MOET OOK ONTHOU wat en hoe Serubbábel (mnr. Armstrong) gebou het.

Die *"Anchor Bible Commentary"* sê dat die Serubbábel insetsel "nie vreemd is om in die geheel te verstaan nie." Met ander woorde, terwyl die Serubbábel insetsel 'n heeltemal afsonderlike gedagte, van die omliggende Skrifgedeeltes is, is dít steeds krities, om hierdie twee hoofstukke te kan verstaan. DIE INSETSEL WORD 'N "OPVALLENDE ONDERBREKING" GENOEM, bedoelende dit onderbreek vir 'n essensiële rede: Wanneer die insetsel ingevoeg word, kan verstaan word wat dit behels om *steeds* 'n Filadelfiër, *na* mnr. Armstrong se afsterwe, te bly. DIT WAT CHRISTUS DEUR HERBERT W. ARMSTRONG TOT STAND GEBRING HET, MOET NAGEVOLG WORD!

Mnr. Armstrong het gesê, dat daar gedurende die 70's mense was wat hom uit die weg wou hê—sommiges wou selfs hê dat hy moes sterf. En noudat dit gebeur het, kyk net die ramp wat dit tot

gevolg gehad het. Die WKG leiers het feitlik alle Bybel gebaseerde opdragte, van mnr. Armstrong verwyder. Hulle wou hom ook uit die pad hê. Hulle "vrugte" openbaar 'n totale verkeerde gesindheid. On moet veranderings uit die Bybel *beproef.*

DIE FILADELFIA KERK VAN GOD, SAL *NIE* GOD SE FILADELFIESE STANDARD VERLAAT NIE. Dit is vandag, die louwarm leiers WAT VERTREK. Hulle is besig om 'n Laodicese *draai* WEG van Christus af, te neem—omdat hulle ignoreer wat CHRISTUS deur Serubbábel (mnr. Armstrong) DAARGESTEL het.

Die insetsel beskryf dieselfde probleem wat in Openbaring 3:7-21 bespreek word, naamlik, 'n veranderings van 'n Filadelfiese gesindheid na 'n louwarm gesindheid.

Die Laodiceërs "verag die dag van klein dinge"—of die voorbeeld wat deur "Serubbábel" gestel was. Hierdie uitdrukking is 'n deel van die insetsel. Waarom? Dit openbaar hulle probleem, en hulle word vertel hoe hulle 'n klinkende sukses kan wees, maar HULLE DRAAI van hierdie geskiedenis af WEG. Dis net nog 'n manier om te sê dat hulle "verraderlik jeens die vrou van hul jeug was"—en hulle aandag daarop te vestig dat hulle na Serubbábel moet opsien, om enigsins suksesvol te wees. DIE "VRUGTE" TOON DAT HY GEWEET HET HOE OM GEESTELIK TE BOU! Verskeie hoof profesieë wys ons, dat ons heil alles afhang van hoe ons CHRISTUS SE INSTRUKSIES DEUR MNR. ARMSTRONG, NAVOLG. U sal meer van hierdie profesieë sien, soos wat ons aangaan.

Die insetsel se hoofdoel is—om Josua se sonde uit te lig en te openbaar hoe ons daardie sonde kan vermy. HY VOLG NIE SERUBBÁBEL SE VOORBEELD NIE. Dit dring deur tot die kern van wat 'n Laodiceër is. Hulle draai weg van dit wat Christus deur mnr. Armstrong daargestel het. Die Laodicese sonde wentel om hierdie OPSTAND! Hierdie insetsel, wat deur Christus geïnspireer was, is deur die redakteurs ingevoeg om vir die *huidige* Kerk van God, as 'n *waarskuwing* te dien!

Satan se grootste aanval op die Kerk in hierdie eindtyd, is *van binne.* Ons grootste toets, is om sy bedrog en verleiding te weerstaan. Josua het misluk—terwyl Serubbábel geslaag het. Die insetsel vertel ons *hoe* en *waarom* dit gebeur het. *Onthou* egter dat dit nie moontlik is om die "uitverkorenes" te

mislei nie (Matthéüs 24:24). God se "uitverkorenes" sal Satan se misleiding onderskei deur God se Heilige Gees te *gebruik* (Sagaría 4:6). Alleenlik deur God se Heilige Gees te gebruik, kan ons van misleiding bewaar word.

Die Serubbábel insetsel is 'n ander manier om aan te dui dat mnr. Armstrong oorlede is. Dit is asof God aan ons almal dieselfde opdragte gee, soos wat Paulus, toe hy in die gevangenis was en nie meer in staat was om langer by hulle te wees nie, aan die Fillippense gegee het: "Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae" (Filippense 2:12-13). "En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees" (Fillippense 4:9). God gee vandag presies dieselfde opdragte aan ons. Wat julle "beide geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het,"—of in mnr. Armstrong—"*DOEN DIT!*" Paulus vertel hulle om God se Heilige Gees te gebruik—en "hulle eie heil met vrees en bewing uit te werk." Daardie "vrees en bewing," is wat by die leraars in Maleági 2:4-9, ontbreek. Ons moet dus nie hulle voorbeeld volg nie. Volg Paulus en mnr. Armstrong se voorbeeld!

Mnr. Armstrong is oorlede, maar ons moet wat ons by hom geleer het en sy voorbeeld, wat deur Christus geïnspireer was, *onthou*. Ons *moet* "onthou" en "*DOEN!*"

Dit is waar Josua en "sy vriende" heeltemal misluk. Mnr. Armstrong se "tradisies" word net soos in die 70's, opsy gestoot.

Mnr. Tkach het gesê dat mnr. Armstrong nie "vanuit die graf sal regeer nie"—bedoelende dat hy nie sal toelaat dat mnr. Armstrong se woorde sy elke beweging voorskryf nie. En hy moet ook nie. Dit is egter so dat God se leiers tog tot 'n sekere mate "vanuit die graf moet regeer." Mnr. Tkach moet kennis neem wat Christus deur dooie mense daargestel het—soos Paulus en mnr. Armstrong en dit "*DOEN!*" Indien mnr. Tkach dit wat Christus voorheen

DAARGESTEL HET, NIE NAVOLG NIE, DAN VOLG MNR. TKACH SE VOLGELINGE NET 'N *MAN!*

God is besig om Kerkeras hier te bespreek. Die tydvak is net voor Christus se wederkoms. Die Filadelfia en Laodicense eras is die onderwerp onder bespreking.

Serubbábel het die "skietlood" of "loodlyn"—'n meetinstrument, waarmee enige struktuur getoets kan word vir afwyking van 'n ware lyn. Dit simboliseer Serubbábel, wat die akkuraatheid van die waarheid of die afwyking van voorheen geopenbaarde waarheid, toets. Sou ons nie baie VERSIGTIG EN PRESIES ONS WAARHEID TOETS NIE, is dit maklik om weg te beweeg na 'n Laodicese denkwyse. Indien ons nie die oë gevestig hou op mnr. Armstrong se boumetode nie, staar ons in die toekoms 'n ramp in die gesig.

## *TWEE SEUNS VAN OLIE*

Ons moet altyd die oorsig in gedagte hou. Weereens, daar is sewe lampe of Kerkeras wat die oë van God is, soos in Sagaría 3 en 4 (Sagaría 3:9, 4:2, 10) vermeld is. Hierdie sewe eras strek vanaf Christus se eerste koms tot by sy Wederkoms. INDIEN ONS HIERDIE OORSIG NIE BEWAAR NIE, SAL SATAN ONS MISLEI.

Christus is die Steen, of Hoof van al sewe Kerkeras, wat alles God se toedoen is. Dit is nie 'n menslike projek nie. ONS MOET DIT DEUR DIE OË VAN GOD SIEN.

"En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: Ek sien daar 'n kandelaar, heeltemal van goud, en sy oliekan bo-oor hom en sy sewe lampe op hom Ook *twee olyfbome* langs hom, een aan die regterkant van die oliekan en een aan die linkerkant daarvan. Daarop het ek begin spreek en aan hom gesê: Wat beteken hierdie twee olyfbome aan die regterkant van die kandelaar en aan die linkerkant daarvan?" (Sagaría 4:2-3, 11). Een olyfboom is aan die regterkant van die kandelaar met sewe lampe: die ander een is aan die linkerkant daarvan. Beide hierdie olyfbome simboliseer God die Vader en sy Seun, vanwaar ons die olyfolie, 'n *tipe* van God se Heilige Gees, verkry. Ons verstand word deur God oopgemaak en sy waarheid word deur die Gees aan ons geopenbaar.

"En ek het toe nogmaals gespreek en vir hom gesê: Wat beteken die twee olyftakkies aan die kant van die twee goue pype wat goud uit hulle laat uitstroom? Toe antwoord hy my en sê: Weet jy nie wat dit beteken nie? En ek het gesê: Nee, my heer. En hy sê: Dit is die twee gesalfdes wat by die Here van die ganse aarde staan" (verse 12-14). Hierdie *twee olyftakkies* is die twee *gesalfdes*—in Hebreeus, *seuns van olie*. Dit is *alleenlik* deur hulle wat God nuwe openbaring aan hierdie laaste twee eras bekend maak. Die goue olie vloei vanuit die twee olyfbome in die olyftakkies in.

Die heilige Gees is aan al die lidmate van God se Kerk gegee. Daardie Gees bemagtig hulle. Deur die Heilige Gees, moet elke lidmaat onderskei aan wie, God se nuwe openbaring vir die kollektiewe Liggaam van die ware Kerk gegee is. Lidmate moet die twee mense ken, deur wie die goue openbaring van God vloei, aangesien hul ewige lewe op die spel is.

Die laaste twee eras van God se Kerk word in hoofstukke 3 en 4 van Sagaría bespreek maar die tydvak is die van die laaste era, oftewel, die era van die Laodicense.

Die eerste gesalfdes was Herbert W. Armstrong. Hy was besiel om 50 boeke en boekies te skryf met nuwe openbaring vir die sesde era. *Net* hy alleen het hierdie nuwe openbaring vir die Kerk van God in die Filadelfia era, ontvang. Net hy alleen, het alles herstel. (Matthéüs 17:10-11). Daardie verklaring word in die boek *Geheimenis Van die Eeue* bewys.

Alhoewel die sewende en laaste era afgedwaal het, het God nog steeds sy goue olie deur die takkie ('n gesalfdes) in die goue pype, gestuur. Die goue olie vloei nog steeds na God se uitverkorenes toe. Al hierdie nuwe openbaring van die sewende era, wentel om die boek wat u in u hande het! Sonder hierdie boek, sal ons glad nie weet wat met God se Kerk in hierdie laaste era gebeur het nie.

'n Onwettige Josua het 95 persent van God se mense laat afdwaal. God het egter 'n gesalfde wat deur 'n klein oorblyfsel ondersteun word, om God se goue olie te laat vloei! (Vir meer bewyse hiervan, bestel my gratis boekie, *Wie Is "Dié Profeet?"*

Ter aanvulling van *Maleági se Boodskap* het God ons nuwe openbaring gegee waaroor ek in meer as 30 ander boekies in hierdie era van die Laodicense geskryf het.

Die Heilige Gees maak ons verstand oop om te weet dat die nuwe openbaring vir die ware Kerk, van God af kom. God probeer om die belangrikheid van die Heilige Gees wat die openbaring bring, te beklemtoon—DIT IS DIE GOUE OLIE WAT DEUR DIE GOUE PYPE VLOEI.

AL HIERDIE KOSBARE OPENBARING IS ONVERVALSTE GEESTELIKE GOUD! Dit is my hoop en bede dat elkeen van u, God sal smeek om aan u te openbaar, hoe waardevol dit waarlik is.

# 5

# Eindtyd Josua in Gevangenskap

Mnr. Armstrong het ons ook geleer dat hy die eindtyd vervulling van Serubbábel was. Hy het ook geglo dat daar 'n eindtyd vervulling van Josua sou wees. Dit beteken dat die boodskap aangaande die eindtyd Josua, dringend deur ons almal verstaan moet word.

Daardie boodskap is 'n profesie van 'n hedendaagse Josua en "sy vriende," wat nalaat om te bou op die manier wat Serubbábel dit gedoen het. Hulle het die wêreld se geleerdes, se benadering tot die Bybel aangeneem, wat tot een van die grootste rampe ooit, in God se Kerk, sou lei! Laat ons hierdie profesieë, aangaande Josua en "sy vriende," ondersoek.

## *Wie is Josua?*

"Daarna het Hy my Josua, die hoëpriester, laat sien, terwyl hy voor die Engel van die Here staan, en die Satan aan sy regterhand staan om hom aan te klae. Toe sê die Here aan die Satan. Mag die Here jou bestraf, o Satan! Ja, mag die Here, wat Jerusalem verkies het, jou bestraf! Is hierdie een nie 'n brandhout wat uit die vuur geruk is nie?" (Sagaría 3:1-2).

Net soos wat mnr. Armstrong 'n eindtyd tipe van Serubbábel was, so moet daar ook 'n eindtyd tipe Josua wees wat daarvoor verantwoordelik is dat die Laociceërs mislei word. Hierdie Josua simboliseer die Laodicese opstand.

Die konteks wys dat geestelike Israel in die Groot Verdrukking gedompel word—en uitgepluk word. Dit gaan 'n "brandhout wat uit die vuur geruk word," wees.

Die meeste van God se mense sal in die Verdrukking wees—en dan uitgepluk word—of nie uitgepluk word nie! Niemand kan hierdie skrifgedeelte beter as 'n Laodiceer vervul nie. Vyftig persent van die Laodiceërs sal hul ewige lewe kwyt wees (Matthéüs 25:1-10). 'n *Bekeerde* Laodiceër sal voorwaar 'n "brandhout wat uit die vuur geruk word," wees.

Wanneer ons al die stukkies bymekaar bring, kan ons sien dat Josua en Serubbábel, die laaste twee Kerkeras verteenwoordig! Sagaría 3 en 4, handel oor die Josua era. Die Serubbábel insetsel is daar om aan Josua te beklemtoon, waar hy die spoor byster geraak het—hoedat sy klere geestelik vuil geword het. En dit moet alles net voor Christus se Wederkoms gebeur (Sagaría 3:8). DIT MOET DIE ERA VAN DIE LAODICENSE WEES! Baie mense gaan 'n Josua tot in die Groot Verdrukking volg—'n Josua met *vuil klere*. Daar is ander Bybel profesieë wat feitlik dieselfde daaroor sê. Meer daaroor later.

"En Josua was bekleed met vuil klere, terwyl hy voor die Engel staan" (Sagaría 3:3). Die Hebreeuse woord vir "vuil," dui aan dat dit 'n uiterste toestand van smerigheid is. Die woord kan selfs as "ontlasting" gebruik word. DIE HOËPRIESTER, JOSUA, HET NIE MET VUIL KLERE BEGIN NIE. Die *"Companion Bible"* sê "was" beteken "het so geword." Dit is duidelik dat Satan hom in sy mag gekry het.

"En Josua was bekleed met vuil klere, terwyl hy voor die Engel staan. Daarop het Hy aangehef en gesê aan die wat voor Hom staan: Neem die vuil klere van hom weg. Toe sê Hy vir hom: Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere. Daarop sê ek: Laat hulle 'n rein tulband op sy hoof sit. En hulle het die rein tulband op sy hoof gesit en hom die klere aangetrek, terwyl die Engel van die HERE daarby

staan" (verse 3-5). Josua was geklee in vuil klere. Dan moes daar 'n mate van berou gewees het gedurende die tyd wat hy in beheer geplaas was. God het sy vuil klere weggeneem en selfs 'n skoon myter of rein tulband, wat gesag of regering simboliseer, aan Josua gegee. Dit beteken dat hy in beheer was en oor die laaste era van God se Kerk regeer het. God het aan hom 'n majestueuse geleentheid gebied. Sy beheer oor die Kerk van God het egter skroomlik geëindig.

Josua se heil was *voorwaardelik* (vers 7). "*As* jy in my weë wandel." "*As* jy my verordeninge onderhou." 'n *Spesifieke* individu in 'n *spesifieke* opset. "Dan sal jy my huis bestuur." "En Ek sal jou vrye toegang verleen." Die beloftes is almal *voorwaardelik*. Hier word 'n definitiewe persoon, wat 'n spesifieke priesterlike item het—'n tulband—wat REGERING simboliseer, aangespreek. Josua se ondergang het om regering gedraai.

Die hoof handeling is die plaas van 'n rein tulband. Sy groot probleem was HOE HY REGEER HET—EN VERSUIM HET OM SERUBBÁBEL SE VOORBEELD TE VOLG! Hierdie profesie sê dat daar 'n leier in God se Kerk gaan wees met 'n ernstige REGERINGSPROBLEEM!

Die WKG leiers sê nou dat lidmate van die Filadelfia Kerk van God, 'n regeringsprobleem het. Die waarheid is nie wat mense beweer nie—maar wat God sê. En Hy sê dat DIE LAODICESE LEIERS DIE REGERINGSPROBLEEM HET!

"Luister tog, o Josua, jy wat die hoëpriester is, jy en *jou vriende* wat voor jou sit—ja, wondertekens is hulle. Want kyk, Ek sal my Kneg, die *SPRUIT* [Christus] laat kom!" (vers 8).

Bostaande verwys na 'n leier met GROOT GEESTELIKE PROBLEME net voor die Wederkoms van Christus. Daar is ook ander leiers by hom—"sy vriende"—wat beteken dat daar volgelinge moet wees—naamlik die Kerk van die Laodicense. Hierdie ander leiers het ook 'n ernstige regeringsprobleem.

## *"JOU VRIENDE"*

Die *"Anchor Bible"* sê, die woord "sit" kan "regeer, gesag uitoefen" beteken. Josua is egter nie alleen nie. Dit is Josua, "en

jou vriende." *"Strong's Concordance,"* sê hierdie uitdrukking kan as "jou leraars" vertolk word. "Jou" (of joune) is 'n besitlike voornaamwoord, wat besitting aandui (die motor se enjin, die kind se speelding, ensovoorts). Hulle BEHOORT aan Josua—hulle is "*SY* vriende." Hulle BEHOORT nie aan Christus nie. HULLE IS NAVOLGERS VAN 'N MAN! *DIT IS DIE GROOT PROBLEEM!* Hulle is ook nie geestelik gemotiveerd soos hulle behoort te wees nie (Sagaría 4:6—want onthou, hierdie vers is 'n deel van die Serubbábel insetsel). Indien hulle behoorlik gemotiveerd was, sou hulle nie die opstandige Josua gevolg het nie. Hulle minag Serubbábel (mnr. Armstrong) en dit wat hy geleer het, sodoende dwaal hulle van die Filadelfia standaard af weg.

"So sê die HERE van die leërskare" As jy in my weë wandel en as jy my verordeninge onderhou, dan sal jy my huis bestuur, sowel as my voorhowe bewaak, en Ek sal jou vrye toegang verleen onder diegene wat hier staan" (Sagaría 3"7). "ONDERHOU MY VERORDENINGE," beteken die handeling om te *bewaar.* Dit meen "'n plek waar wagte uitgesit word." DIE GROOTSTE *SONDE* VAN JOSUA EN SY VRIENDE, IS DAT HULLE NIE DIT, WAT HULLE GEHAD HET—WAT MNR. ARMSTRONG NAGELAAT HET, BEWAAR HET NIE. (Maleági 2:7, het dieselfde betekenis vir die woord "bewaar"). Hulle taak is om vasberade, dit wat Christus deur mnr. Armstrong daargestel en aan die Kerk gegee het, te bewaar. DIE LAODICESE LEIERS VERWERP VANDAG, SO BAIE VAN DIE KENNIS WAT DEUR GOD, GEOPENBAAR WAS.

Dit is ook dieselfde probleem soos in 2 Thessalonicense 2:15. Hulle verwerp "tradisies" of "voorskrifte," van die verlede.

Daar is ook goeie nuus. Josua se vriende is 'n TEKEN dat die wederkoms van Christus baie naby is (Sagaría 3:8). Die *"Soncino Commentary"* sê, "want hulle is mense wat 'n *teken* is." *Die "Jamieson Fausset and Brown Commentary"* vertaal dit ook as "teken." Dit kan ook lees "wonderteken," *oor dit wat daarop volg*—CHRISTUS SE WEDERKOMS! (Verse 8-10).

Dit is *dieselfde* TEKEN wat ons in 2 Thessalonicense 2:1-3 sien, van die WEGVAL, wat ook aandui dat Christus se wederkoms baie naby is! Dit is feitlik dieselfde taal, as wat in Sagaría 3 gebruik word. Dit is ook dieselfde storie as dié

in Openbaring 3—aangaande die Kerk van die Laodicense. TEKENS MOET GELEES, VERSTAAN EN OP AG GESLAAN WORD—ANDERS VERDWAAL ONS.

Daar is ‘n ander Josua wat in die vroeëre profete genoem word, wat ons ook moet bestudeer.

## *DIE JOSUA WAT MOSES OPGEVOLG HET*

Die boeke van Josua, Rigters, 1 en 2 Samuel en 1 en 2 Konings word die *vroeëre profete* genoem. Hulle bevat ook profesieë, maar konsentreer meer op leierskap. Mense van ‘n kerk of ‘n nasie volg gewoonlik die leiers. Die vroeëre profete dui die soort leierskap vir God se volk aan, wat vir sukses nodig is. Die boeke van 1 en 2 Samuel en 1 en 2 Konings dui vir ons aan *hoe* of *hoe om nie, koning-priesters* te wees. Die verhaal van Josua vertel ons, hoe gelei moet word wanneer ‘n groot man soos Moses, sterf. Deur daardie voorbeeld te bestudeer moes die leiers in Pasadena geweet het hoe om te lei—óf nie te lei nie—toe mnr. Armstrong gesterf het—en die gevolge van elk. DIT MAAK HIERDIE BOEKE BAIE PROFETIES!

Die doel van hierdie boeke was om die PROFETIESE GESKIEDENIS van God se mense, te vertel. Ons weet dat geskiedenis hom altyd herhaal. Dus kan ons *voorspel*, wat met God se mense vandag gaan gebeur, sou hulle hul GESKIEDENIS herhaal. Indien hulle ‘n leier soos *hierdie* Josua, wat vir Moses gevolg het, volg, sal die resultate wonderlik wees. Dit sal katastrofies wees as die teenoorgestelde waar is. Dit gee aan hierdie boeke ‘n swaar *profetiese* inslag.

Aangesien hulle vroeëre *profete* is, beteken dit dat hulle VANDAG, baie belangrike boodskappe vir ons het.

“Dink aan die saak wat Moses, die kneg van die HERE julle beveel het toe hy gesê het: Die HERE julle God verskaf ‘n rusplek aan julle en sal hierdie land aan julle gee.” (Josua 1:13). Hierdie Josua het aan die Israeliete gesê om die woorde wat Moses hulle beveel het, te “onthou.” DIT WAS NADAT MOSES REEDS OORLEDE WAS. So moet ons ook DIE WOORD WAT MNR. ARMSTRONG ONS BEVEEL HET, ONTHOU! Dit is presies wat God

ons vertel oor wat mnr. Armstrong ons geleer het—"onthou" (Maleági 4:4-6).

"En die priesters wat die ark gedra het, het bly staan in die middel van die Jordaan tot alles volbring was wat die HERE Josua beveel het om aan die volk te sê, VOLGENS ALLES WAT MOSES BEVEEL HET…" (Josua 4:10). God het Josua beveel om te spreek "volgens alles wat Moses beveel het." Daarom moet ons vandag, baie versigtig wees om mnr. Armstrong se voorskrifte na te volg. Kort na mnr. Armstrong oorlede is, het die WKG glad 'n klankopname uitgestuur, waarin hierdie Josua met mnr. Tkach vergelyk word.

"DAAR WAS GEEN WOORD VAN ALLES WAT MOSES BEVEEL HET, WAT JOSUA NIE VOORGELEES HET VOOR DIE HELE VERGADERING VAN ISRAEL…" (Josua 8:35). JOSUA, HET NIE EEN WOORD uitgelaat van dit wat Moses beveel het nie—NIE EEN WOORD NIE! En Moses was dood! Hoekom sien ons nie hierdie gesindheid by die louwarm leiers vandag nie?

"Soos die Here, Moses, sy kneg, beveel het, so het Moses aan Josua bevel gegee, en so het Josua gehandel…" (Josua 11:15). Moses het God se bevel gevolg en dit oorgedra aan Josua, wat gehoorsaam het en "…hy [Josua] het niks nagelaat van alles wat die HERE Moses beveel het nie." LANK NADAT MOSES OORLEDE IS—HET JOSUA NOG STEEDS DIE OPDRAGTE VAN MOSES UITGEVOER. Hy het net soos Moses gebou!

"Neem net noukeurig in ag die onderhouding van die gebod en die wet wat Moses, die kneg van die HERE, julle beveel het, om die HERE julle God lief te hê en in al sy weë te wandel en sy gebooie te onderhou en Hom aan te hang en Hom te dien met julle hele hart en met julle hele siel" (Josua 22:5). Aan die einde van sy lewe het Josua hulle steeds vermaan, om *ywerig* op wat Moses gesê het, ag te slaan! Hy het voortdurend dit WAT MOSES ONDERRIG HET, hulle voor oë gehou. Josua het *geweet* dat hy nie op dieselfde vlak as Moses was nie en het hy *nooit* probeer om homself tot op daardie vlak te verhef nie.

"Maar julle moet daar baie vas by staan om sorgvuldig te doen alles wat geskrywe staan in die wetboek van Moses, dat julle daar nie regs of links van afwyk nie" (Josua 23:6). Israel het

lojaal gebly tot na Josua en al die oudstes onder hom, uitgesterf het—wat die vrugte van Josua se besondere leierskap getoon het. Moses was dood, MAAR JOSUA HET HOM IN DIE OË VAN ISRAEL BAIE *LEWEND* GEHOU. HY HET VIR HULLE GESÊ OM NIE REGS OF LINKS AF TE WYK VAN WAT MOSES HULLE GELEER HET NIE. Ons merk nie so 'n houding by die Laodicese leiers vandag nie. Lidmate word dikwels geleer om af te wyk van wat "Elía" ons geleer het! Dit is *waarom* die administrasie van die WKG en ander Laodicese groepe, teen God opstandig raak!

Onthou, dat die boek van Josua een van die vroeëre *profete* is. Dit bevat 'n BOODSKAP VAN PROFESIE VIR ONS VANDAG. Dit sê, dat die leiers van die WKG en diegene wat hulle navolgers is, op 'n ramp afstuur! Jy kan jou lewe op die spel plaas—inderdaad, jy *sal* jou EWIGE LEWE op die spel plaas!

"Hierop het Moses klaargemaak en Josua, sy dienaar. En Moses het op die berg van God geklim" (Exodus 24:13). Dit was 'n vergadering met die majestueuse God. Josua het egter net 'n gedeelte van die berg op, saam met Moses gegaan—om God se gebooie te ontvang! 'n Besonderse geleentheid.

Mnr. Tkach, het ook besondere opleiding van mnr. Armstrong ontvang. Mnr. Tkach word deur God aanspreeklik gehou, soos geen ander man op aarde nie! Daardie man het met die verheerlikte God te doen. (Exodus 24:15-16; 19:16-21). God behoede die mens wat dit vergeet!

## *WAAR IS JOSUA SE MOED?*

Dit wil voorkom asof die Josua van Moses se tyd, een uitstaande eienskap gehad het—geestelike *moed* (Josua 1:5-7). God het hom onderrig hoe om hierdie kwaliteit te gebruik—hom daarop gewys dat hy dit baie nodig gaan hê.

*Geestelike moed* MAG NOU DIE VERNAAMSTE BEHOEFTE in die Kerk van die Laodicense wees. Sonder dit is AL DIE ANDER, DEUGDE VAN MIN WAARDE! God se mense kan nie van vrees ineenkrimp en nog steeds in God se liefde groei nie. God sê, "die regverdiges voel hulle veilig soos 'n jong leeu" (Spreuke 28:1).

Die Kerk se opdrag is om die wêreld te waarsku. Mnr. Tkach het gesê dat die *wêreld* in 'n Filadelfia fase was, terwyl mnr. Armstrong gelewe het. Nou sê hy, is die wêreld in 'n Laodicese fase. Daarom kan die Kerk nie die wêreld waarsku soos mnr. Armstrong dit gedoen het nie, aangesien mense eenvoudig nie die boodskap sal aanvaar nie, het hy gesê.

Hoe sou Paulus op so 'n strategie gereageer het? Hy was gevloek, geslaan, gestenig en vir dood gelaat—en uiteindelik onthoof, omdat hy DIESELFDE BOODSKAP verkondig het, as dié wat mnr. Armstrong later verkondig het! Hierdie boodskap moet verkondig word of die mense dit aanneem, aldan nie. God sê WAARSKU hulle! Christus en al God se boodskappers, was wreed behandel omdat hulle die Evangelie verkondig het aan 'n mensdom, wat nie God se waarskuwingsboodskap wou aanneem nie.

Hierdie volk het die grootste vermoë ooit, meer as enige ander nasie op aarde. Die wil egter, om dit te gebruik, ontbreek by hulle (Levítikus 26:19). Die WKG het vandag die grootste vermoë om die waarheid van God te verkondig, groter as wat enige ander Kerkera ooit gehad het—MAAR DIE WIL OM DIT TE DOEN ONTBREEK!

Die WKG se leiers het in die gees van hierdie eeu verstrengel geraak. DIT IS DIE LAODICEËRS SE SIEKTE. Vandag ontbreek die begrip en die *moed,* om GOD SE KRAGTIGE BOODSKAP uit te dra.

Die "*World Tomorrow*" program was altyd 'n KRAGTIGE BOODSKAP. Na mnr. Armstrong se afsterwe, is die Bybel baie minder in die nuwe program se formaat aangehaal en dikwels is daar na wêreldse instansies verwys. Die gevolg? 'n Drastiese afname in reaksie op die program. Dit het aanleiding gegee tot hierdie ongelooflike besluit wat vroeg in 1994 geneem is: "Na hierdie huidige televisieseisoen, sal ons televisie in 'n nuwe, meer effektiewe manier gebruik. Instede van die halfuurlikse program, gaan ons spesiale advertensies vir *'The Plain Truth'* en ander literatuur, op plaaslike stasies uitsaai in gebiede waar ons gemeentes het" (24 Februarie 1994 lidmaatbrief). Mnr. Tkach het die drastiese besluit, op die "buitensporige en stygende televisiekoste" geblameer en het dit selfs betwyfel of televisie "'n geskikte medium was om die evangelie te

verkondig!" ("*Worldwide News,*" van 15 Februarie 1994). 'n Beslissing waarmee mnr. Armstrong, sekerlik sou verskil het. Voordat hy oorlede is, was hierdie uiters suksesvolle televisieprogram, op naastenby 400 televisiestasies, wêreldwyd!

Ek het baie artikels in die *"Wall Street Journal"* en ander nuusbronne gelees, wat meer om die lyf het as die WKG se artikels en boekies! Nou het hulle ook nie eens meer 'n televisieprogram nie. Die Kerk is deur God opgedra om die wêreld te WAARSKU! *"The Book of Revelation Unveiled at Last,"* was waarskynlik die beste boek wat die WKG gehad het om dié werk te doen en hulle gaan en staak die gebruik daarvan. Ongelooflik!

God praat van die "*mag* van die heiliges," wat "verstrooi" gaan word (Daniël 12:7). God het aan die WKG die *vermoë* om te kommunikeer gegee. Hulle gebruik net nie daardie vermoë, ooreenkomstig God se weg nie.



**NA MNR. ARMSTONG SE AFSTERWE,** het die WKG Big Sandy heropen, Pasadena gesluit en die Big Sandy kampus grootliks uitgebrei met nuwe geboue. In 1994 het die kollege akkreditasie ontvang. Dit was alles veranderinge wat mnr. Armstrong nooit wou maak nie.

Die hongersnood van God se Woord nader vinnig. Dan sal die twee getuies, die finale waarskuwing aan die wêreld, net voor Christus se wederkoms, verkondig en sal vir die waarheid van God, om die lewe gebring word. Ons het LEIERS in God se Kerk nodig, wat bereid is OM VIR GOD TE STERF! Baie van hulle by wie hierdie bereidheid ontbreek, sal in die Verdrukking sterf!

Etlike jare gelede, te "Big Sandy," het mnr. Tkach gesê, "In die verlede, het ons te veel klem op profesie gelê." Dis net 'n ander manier om mnr. Armstrong en die opdrag van die Kerk af te kraak! Die WKG behoort nou *meer* klem op profesie te plaas—nie MINDER NIE. Waarskynlik is daar tien keer meer profesie vervul sedert laat 1989, as in die vorige vyftien jaar gekombineerd en die WKG plaas nou minder klem op profesie AS OOIT TEVORE!

DIT VERG MOED OM DIE WÊRELD TE WAARSKU.

## ***"DIE GELEERDE EN DIE TABERNAKEL"***

Josua se "vriende" maak meer en meer gebruik van die wêreld se geleerde benadering om die Bybel te verstaan.

God sê hy gaan die "geleerdes" uitroei (Maleági 2:12). Die woord "geleerdes" beteken "iemand wat kan antwoord"—MAAR NIE NOODWENDIG DIE REGTE ANTWOORD NIE.

Die profeet Maleági het gepoog om 'n GELOOFSKRISIS, wat veroorsaak was deur 'n *priesterskap* wat meer en meer op menslike, geleerde beredenering vertrou, te korrigeer. Dieselfde toestand heers vandag in die WKG. Wanneer te veel op hierdie geleerdes staatgemaak word, is dit omdat die WKG te veel gesag aan hulle verleen. Die leiers het die gesag om die geleerdes in die tabernakel in te nooi. Wat verder beteken dat diegene in beheer "die spoor byster geraak het." Dit is dieselfde rigting waarin baie van die WKG leiers in die 70's beweeg het, toe mnr. Armstrong DIE DOKTRINÊRE NAVORSINGSKOMITEE MOES AFSKAF.

Volgens dr. Donald Ward word die "anti-opvoedkundige vooroordeel in die Kerk en Kollege" nou verwyder. Dit het ook in die 70's gebeur. Beteken dit nie, dat die WKG leiers baie van wat mnr. Armstrong oor hedendaagse opvoedkunde onderrig

het, verwerp nie? Die "vooroordeel" waarvan dr. Ward praat, het mnr. Armstrong dit nie ingestel nie? Natuurlik het hy! Mnr. Armstrong MOET DIE EEN WEES! Hulle het dit geweet—maar sal nie na vore kom om dit reguit te sê nie.

Weereens is dit die *rigting* waarin beweeg word, waaroor ons bekommerd moet wees—weg van die Filadelfia standaard af.

Mnr. Armstrong het ons geleer om opvoedkundige gebiede soos sielkunde, sosiologie, die wêreldse teologie en baie van die menslike wette, te vermy. Ons hoor nie dieselfde vermaning van die huidige WKG leiers nie.

Dr. Ward het ook gesê, dat hierdie *anti-opvoedkundige vooroordeel,* "VIR JARE IN DIE KERK EN KOLLEGE WAS." Klink asof mnr. Armstrong vir jare 'n ernstige fout begaan het, wat Kerkgeleerdes nou moes regstel! Wat nie so is nie! Eintlik is hulle "verraderlik teenoor die vrou van jou jeug" en beweeg hulle weg van "tradisies" en "voorskrifte" soos in 2 Thessalonicense 2:15 genoem word.

Lees wat mnr. Armstrong in 'n spesiale uitgawe van die "*Worldwide News*" van 24 Junie 1985, gesê het: "DIT WAS GEDURENDE DIE [LAAT 70'S]... DAT DIE KWESSIE, OM BY GEORGANISEERDE AKKREDITASIE-VERENIGINGS VAN SEKULÊRE OPVOEDING, ERKENNING TE BEKOM, 'N PROBLEEM GEWORD HET. DIE LIBERALISTE IN PASADENA WOU AKKREDITASIE VERKRY. Hulle wou nie erken word as 'n Bybelkollege nie, maar as 'n volle mededingende kollege of universiteit. In daardie geval, sou die kollege onder die reëls van 'n sekulêre vereniging, geakrediteer word, wat min of meer beleid en leerplanne sou bepaal.

Die uiteinde van hierdie poging van die liberaliste, het die inskrywing van die kollege van ongeveer 500 studente by benadering, wat die limiet was wat ek bepaal het, na bykans 1,400 en meer verhoog. [Vroeg in 1992 was dit 1,500!] DIT WAS NIE MEER GOD SE KOLLEGE NIE. Die gevaar van 'n studente liggaam van meer as 500 studente, inwonend op kampus, het ek terdeë besef en het dit as 'n besliste kollege beleid bepaal. Maar gedurende daardie jare wat ek meestal nie by Pasadena Hoofkantoor was nie, IS VERANDERINGE GELEIDELIK, IN KOLLEGE BELEID, ASOOK KERKLEERSTELLINGS AANGEBRING.

Jesus Christus het die kollege as God se kollege, deur my gestig. Ek het die mate waartoe HOËR OPVOEDING, TOT MATERIALISME GEDRYF HET, besef. Sedelike en geestelike waardes, word by kolleges en universiteite feitlik heeltemal oor die hoof gesien. Ek het die geweldige verantwoordelikheid besef, om hierdie ontbrekende dimensie in opvoeding, ten tye van '*Ambassador College*' se stigting, nie te vermy of te verontagsaam nie" (klem myne).

Hier volg nog 'n aanhaling uit 'n brief van mnr. Armstrong, gedateerd 19 Maart 1981: "Ons kan nou kwalifiseer vir akkreditasie vir beide Pasadena en Big Sandy—maar ons sal nie, omdat die REGERING van die kolleges dan ooreenkomstig dit wat van toepassing in die wêreld se opvoedkundige instellings is, moet wees—God se regering sal moet gaan. ONS HET ALREEDS DIE HOOGSTE ERKENNING—DIE VAN DIE ALMAGTIGE GOD!" (Klem syne).

Soos u weet, is die kollege nou geakkrediteer Dit *kan* sommige van die Ambassador studente help om *werk* te bekom. Maar GEEN HOEVEELHEID VOORDELE ONTVANG KAN DIE VERWYDERING VAN GOD SE REGERING, OOIT REGVERDIG NIE! Ons moet nie vergeet dat God, veel meer voordele aan dié gee wat Hom gehoorsaam is!

Let op en luister na nuus oor *"Ambassador University."* Hulle herhaal die foute van die verlede. Hulle het alreeds erkenning ooreenkomstig wêreldse voorskrifte, instede van *God s'n,* aanvaar! [*"Ambassador University*" het in 1997 gesluit.] In Augustus 1979, het mnr. Armstrong 'n *"Good News,"* artikel genaamd, Hoe Satan Vals Leerstellings Inspuit, geskryf: "Selfaangestelde 'geleerdes,' het in ons dag, in God se Kerk, opgestaan in, wat hulle noem 'n 'doktrinêre komitee' en hulle toegewy, NIE om nuwe waarheid te vind nie—maar om die WARE LEERSTELLINGS, wat Jesus Christus in sy Kerk, deur sy apostel daargestel het, te WEERLÊ en vals leerstellings in die Kerk van God in te bring.

Dieselfde ding het in die dae van Paulus en die oorspronklike apostels plaasgevind. En Satan HET DIEGENE WAT GOD SE WAARHEID MET EERLIKE HARTE AANVAAR HET, VERBLIND EN MISLEI!

Broeders, dink ons, dat ons soveel beter is, as diegene in die eerste, tweede en derde eeue, dat Satan nie sou getrag het om God se WAARHEID ook vandag te verdraai nie?” (Klem syne).

Te veel mense het in denke verval, dat God se Kerk vandag, nie mislei kan word nie. Mnr. Armstrong het ons teen so ‘n gesindheid gewaarsku. God waarsku ons om nie ons vertroue in geleerdes wat afgesny gaan word, te plaas nie!

# 6

# "Mens van Sonde"

God se Kerk, het 2 Thessalonicense 2:4 meeste van die tyd, op die wêreld van toepassing gemaak. Maar dit is nie op hierdie wêreld van toepassing nie. Daar is geweldige bybelse steun wat aandui dat dit op God se Kerk, van toepassing is.

Die "mens van sonde" is nie 'n godsdienstige persoon in die wêreld nie. Hy sit "in die tempel van God." Selfs ander uitleggings, soos die van "*The Interpreter's Bible Commentary*" sê: "Die opstand, streng gesproke, is binne-in God se Kerk." Indien mense in die wêreld dit verstaan, moet God se mense, dit sekerlik ook verstaan!

Ons weet al vir jare dat die tempel van God, die Kerk is.

Indien ons sorgvuldig na 2 Thessalonicense 2 kyk, kan ons sien dat die brandpunt geheel en al op God se Kerk is—en nie die wêreld nie. Die onderwerp hier is die Wederkoms van Jesus Christus en die einde van die wêreld. Dit is *op hande* of dreigend. Dit kan *baie* dreigend wees!

"Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here Jesus Christus en ons vereniging met Hom, om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie—deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees—asof die dag van Christus al daar is. Laat niemand julle

op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, SODAT HY IN DIE TEMPEL VAN GOD AS GOD SAL SIT en voorgee dat hy God is" (verse 1-4).

"Die Dag" is God se tyd om in die sake van mense in te meng, met die wederkoms van Jesus Christus om die nasies te *regeer.*

Eerstens, laat ons kyk na dit wat *nie* hier gesê word nie. Dit word *nie* aan 'n wêreldse godsdienstige figuur in 'n Jerusalem tempel gerig nie. Baie van God se leraars glo reeds dat die Arabiere nooit die bou van 'n tempel in Jerusalem sal toelaat nie. SELFS AL WORD 'N TEMPEL IN JERUSALEM GEBOU, SAL DIT NIE DIE TEMPEL VAN GOD WEES NIE! Die Jode is nie soos Serubbábel en Salomo van ouds, opgedra om God se Tempel te bou nie. Sou hulle 'n tempel bou, sal dit die *Jode* se tempel en NIE God se tempel wees nie—net soos dit die "Jode se Huttefees" was (Johannes 7:2) en NIE God se Huttefees nie.

Vers 1 van 2 Thessalonicense 2 spreek die "broeders"—of God se mense aan. Vers 3 sê, "laat niemand *julle* op enige manier mislei nie …" Mnr. Armstrong het ons geleer dat "*julle*" God se heiliges is. In Matthéüs 24, verse 4 en 9, sê Christus *julle,* verwysende na sy dissipels en dit word by herhaling, dwarsdeur die Bybel, gebruik.

Twee onderwerpe word in 2 Thessalonicense 2 bespreek: die wederkoms van Christus en "'n afval." Waarvan word daar weggeval? GOD SE WAARHEID (verse 10, 15). DIT IS 'N HELE KERKERA WAT VAN GOD SE WAARHEID AF WEGVAL! Dit het op die Laodiceërs—God se mense, betrekking. Hulle het die waarheid gehad, maar dit nie liefgehad nie. Sommige van hulle *vergaan geestelik,* omdat hulle nie hierdie boosheid onderskei nie. Hulle verwerp nie geheel en al God se waarheid nie, maar hul bederf grootliks dié geloof.

Wat het hierdie "wegval" met 'n valse geestelike leier in Jerusalem te doen? Eintlik niks direk nie.

"EERS moet die wegval" kom (vers 3). "Eers" is 'n sleutelwoord (wat in die oorspronklike Grieks ook so lees). Die wegval is *eerste*—die wederkoms van Christus *tweede.* Hierdie is die twee

hoof besprekingspunte, met die klem meestal op die "afval" wat in hierdie hoofstuk bespreek word.

Die "mens van sonde" is deel van die afvalligheid. Indien nie, sou vers 3, moontlik soos volg gelees het: "Daar is *eerstens* die wegval en *tweedens* die 'mens van sonde' …" Dit lees egter nie so nie. Die onderwerp van vers 3 is 'n wegval *eerste;* vervolgens, die openbaring van "die mens van sonde," WAT 'N DEEL VAN DIE AFVALLIGHEID IS. Hierdie kronologie word gegee om ons te help verstaan wat net voor Christus se wederkoms, binne-in God se Kerk gebeur. "Dit [die Dag van die Here en Christus se wederkoms] sal nie kom voordat die opstand nie heel eerste plaasvind, *met* die openbaring van die mens van sonde nie…" (vers 3). Dit is 'n "opstand" of "afvalligheid" van God se waarheid, wat tydens die openbaring van die "mens van sonde" *moet* plaasvind. Dit is 'n REUSAGTIGE OPSTAND TEEN GOD SE REGERING!

In hierdie hoofstuk is daar nie 'n *enkele* vers wat 'n valse profeet in Jerusalem bespreek nie. Alles is MIDDE IN GOD SE KERK.

'n Vals, godsdienstige leier in Jerusalem, sal nie in die oorblywende gedeelte van die hoofstuk inpas nie. Lees die hele hoofstuk sorgvuldig. Dit dek *hoofsaaklik* die wegval—wat deurentyd op God se mense gemik is. Die "mens van sonde" word *TYDENS* DIE AFVALLIGHEID VAN GOD SE WAARHEID, GEOPENBAAR.

Paulus sê, God se mense "kan hul verstand verloor" (in die *"King James Version"*—"shaken in mind") óf "verskrik" word (vers 2)—wat 'n hewige ontsteltenis te kenne gee. (In Handelinge 16:26, word dieselfde Griekse woord *saleuo* wat hier as "kan hul verstand verloor" vertaal word, gebruik om te beteken "geskud", om die skud van die fondamente van die gevangenis deur 'n aardbewing, aan te dui). "Verskrik" is selfs 'n kragtiger woord soos "angsbevange." God se mense gaan nou sulke tye tegemoet. Sommiges kan ook sê dat God sy Kerk versaak het. Die waarheid is egter, dat God ons feitlik 2,000 jaar gelede oor hierdie tragiese gebeurtenis gewaarsku het en het Hy ons ook ontstellende *besonderhede* daaroor gegee.

Dit is nou 'n tyd, wat mense BINNE-IN die Kerk *mislei* word (2 Thessalonicense 2:3). Die woord wat as "mislei" vertaal is kan beter vertaal word as "bedrieg." Dit beteken nie net om 'n valse indruk te skep nie, maar waarlik op 'n *dwaalspoor te bring.* Die woord dra ook somtyds die gedagte van *doelbewuste misleiding.* Word sommige van hierdie leerstellings verander, terwyl die Laodicese leiers van beter weet?

Die laaste waarskuwing aan die Filadelfia era was "Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie" (Openbaring 3:11). Hierdie opdrag was gegee net voor Christus begin het om die Kerk van die Laodicense te waarsku (verse 14-19). Die Filadelfiërs gee ag op die waarskuwing. Baie Laodiceërs gaan toelaat dat 'n mens hulle van hul beloning ontneem—en sommige gaan selfs hul kroon, of ewige lewe, verloor.

Dit is 'n kragtige *waarskuwing* aan almal van ons. Daar gaan 'n opsetlike poging van "'n mens van sonde" wees om God se eie mense te mislei. (Natuurlik, nes met Josua en "sy vriende" gaan die mens van sonde ook helpers hê). Valse leerstellings gaan deur die leiers, onder God se eie mense, versprei word. Dit alles gebeur BINNE-IN GOD SE KERK—net voor Christus se wederkoms! Meeste kommentare noem dit 'n "groot wegval." Soos die verhaal ontplooi, sal ons sien dat dit waar moet wees. *Baie* mense is betrokke. Onthou, dat *baie* betrokke is—moontlik derduisende!

Die "wegval" word in sommige vertalings as 'n "groot opstand" genoem, insluitende die "*Williams*" vertaling. Die opstand is so groot dat God dit as 'n *teken* gebruik. Dit is nie maar net 'n klein, niksseggende gebeurtenis nie. God gee een *teken* aan die wêreld dat die einde van hierdie eeu naby is (Matthéüs 24:14) en Hy gee selfs 'n meer dringende *teken* aan sy mense! Daardie lidmate met 'n Filadelfia gees, sal dit sien en op die teken ag gee. Hulle sal agterkom wie die werklike opstandiges teen God se REGERING is!

Die afvalligheid van die waarheid, is 'n TEKEN wat al God se mense—net voor Christus se wederkoms, kan sien! Dit lei die Groot Verdrukking en Christus se wederkoms in. Ongelukkig gaan baie nie op hierdie teken *ag slaan* nie.

Ander vertalings van 2 Thessalonicense 2:3 lees: "... want dit, [Christus se wederkoms] kan nie plaasvind tensy die AFVALLIGHEID eerste plaasvind nie" (*"Weymouth")*; "... want dit kan nie plaasvind voordat die GROOT OPSTAND plaasvind nie" (*"Williams"*); "Daardie dag kan nie kom voordat die FINALE OPSTAND teen God plaasvind nie." (*"New English Bible"*). "Daardie dag"—die wederkoms van Christus—*kan nie* plaasvind voordat die afval van die waarheid in GOD SE KERK PLAASGEVIND het nie!

Die uitdrukking "op hande" (*"at hand"* in die *"King James Version,"* 2 Thessalonicense 2:2) beteken ook "aan die gang sit" (sien die *"Interpreter's Bible").* Die punt is, 'N GEBEURTENIS IS "AAN DIE GANG GESIT" WAT *REGSTREEKS* BY DIE WEDERKOMS VAN JESUS CHRISTUS AANSLUIT! Hierdie "afvalligheid" dui op die wederkoms van Christus wat voor die deur is. Met ander woorde, wanneer hierdie "wegval" van die waarheid wat God ons deur mnr. Armstrong geleer het, plaasvind, is dit tyd om ernstig na te dink oor Christus se wederkoms wat naby is—BAIE NABY!

Weereens, dit is nie 'n onbenullige gebeurtenis nie. Dit is 'n *teken* wat elkeen in God se Kerk sal sien—of hulle dit verstaan, of nie. So 'n opstand teen God se waarheid, is nie iets wat vir die lede van God se Kerk verberg kan word nie. Dit is *kolossaal. Dit is 'n algehele* Laodicense Kerkera wat afdwaal—HULLE VERTROOS HULSELF IN HUL GETALLE! Hulle rebelleer teen die *regering* van God! Wat alles deur *een persoon* begin is. Laat "*niemand* jou van jou kroon ontneem nie."

Hierdie "wegval" maak die probleme van die 70's feitlik nie eens noemenswaardig nie. Sommige van die WKG leiers het op daardie tydstip gedink dat mnr. Armstrong sou sterf. Met die gevolg dat ons mense teen 'n verstommende tempo, sien verander het. Hul ware karakter het na vore gekom. Dit was egter 'n klein *tipe* van dit wat die Kerk nou belewe.

Wat die Kerk voorheen oor die hoof gesien het, is dat hierdie "mens van sonde" IN hierdie wegval van God se waarheid, geopenbaar word. Dit is hoe en wanneer hy "openbaar" of "ontmasker" word. Die leier van die Kerk van die Laodicense

lei hierdie rebellie, of hy gee baie gesag aan iemand anders om dit te doen. Die "mens van sonde" sit in GOD SE TEMPEL OF KERK (1 Korinthiërs 3:16-17; 2 Korinthiërs 6:16; Efésiërs 2:21; Openbaring 3:12). Hy sit in God se Kerk en gebruik regering om *sy eie* doelwitte, wat in teenstelling met "voorskrifte van die verlede" is, te bereik.

Indien hy "voorgee dat hy God is" moet "die mens van sonde" 'n BAIE PROMINENTE LEIER wees. Hy *gee voor dat hy* God is—hy *sê* nie, dat hy God is nie. Hy het egter groot mag, wat hy gebruik om nie noodwendig God se mense te tiranniseer nie, maar om hulle te *mislei!*

Nietemin, diegene wat hierdie "mens van sonde," teenstaan deur standpunt in te neem ten opsigte van wat Christus en mnr. Armstrong onderrig het, gaan ERNSTIG ONDERDRUK word—solank as wat hulle in die WKG bly! Onthou, hierdie mag veroorsaak dat sommige van God se mense "geskud" óf "verontrus" is.

Hierdie "mens van sonde" kry mense om na HOM op te sien, pleks van God en sy opdragte wat Hy in die verlede aan ons gegee het. Hy lei baie van God se mense na die poel van vuur! (Vers 10). NIKS kan ernstiger as dit wees nie!

## *"DIE SEUN VAN DIE VERDERF"*

Die "mens van sonde" word "die seun van die verderf" genoem. DIESELFDE BENAMING WAT CHRISTUS AAN JUDAS ISKÁRIOT GEGEE HET—EN SLEGS VIR JUDAS (Johannes 17:12)—totdat van die "mens van sonde," in 2 Thessalonicense gepraat word.

Mnr. Armstrong het dikwels gesê dat die Bybel 'n gekodeerde boek is. Die verband tussen Judas en die huidige "mens van sonde" is 'n goeie voorbeeld. Christus deel ons mee dat die "mens van sonde" 'N AFGRYSLIKE VERRAAD GAAN PLEEG—NET SOOS JUDAS ISKÁRIOT GEDOEN HET! Daardie verraad is waaroor die "afvalligheid" gaan. Verraad en afvalligheid van God se waarheid is ook waaroor die Kerk van die Laodicense gaan.

Dit is geensins 'n geringe verraad nie. DIT IS 'N ERNSTIGE VERRAAD—SOOS WAT JUDAS CHRISTUS VERRAAI HET! 'n Hele

Kerkera sal verraai en mislei word. Die dissipels was onbewus van Judas se verraad, tot daardie laaste nag. Sal die Kerk in sy "laaste nag" wees, wanneer die "mens van sonde" geopenbaar word?

Hoe kon so 'n verraad, plaasvind? "Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie? En nou, julle weet wat hom teëhou, [Grieks, "*katecho*" wat "teëhou" of "terughou" beteken] sodat hy [die mens van sonde] OP SY TYD GEOPENBAAR KAN WORD. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, [weer "*katecho*" wat bedwing beteken] UIT DIE WEG GERUIM IS" (2 Thessalonicense 2:5-7).

Die "*Phillips*" vertaling het vers 6 as, "Julle sal seker ook onthou hoedat ek [Paulus] gepraat het van 'n 'weerhoudende krag' wat sou werk totdat die tyd sou kom vir die verskyning van hierdie man." "*Phillips*" vertolk vers 7 as, "... maar sy aktiwiteite word weerhou, totdat wat ek die 'weerhoudende krag,' noem, uit die weggeruim is."

Die "teëhouer" in vers 6 word in die *onsydige* geslag ("wat hom *teëhou*") gebruik—wat na God se Heilige Gees verwys. In vers 7, egter, word daar van die "teëhouer" in die *manlike* geslag gepraat ("hy" wat nou teëhou," nie "wat," soos in vers 6 nie). Dus, in vers 7 word die "teëhouer" verpersoonlik, wat aandui dat dit *'n man* is "wie" teëhou. Die Heilige Gees is agter dit alles en word in vers 6, daarna verwys. Die Heilige Gees is nie 'n persoon nie, daarom dan die *onsydige* geslag. Maar God gebruik wel 'n *man* om sy Werk te doen, daarom dan die *manlike* geslag in vers 7. Ons kan dus duidelik sien dat *'n man* deur die Gees van God gebruik word.

Daar was altyd mense in God se Kerk wat Satan kon gebruik, tensy hulle beheer word. God het nou daardie beheer verwyder om almal van ons te wys wie is wie. Nie meer 'n GEHEIM nie!

Wie is die "hy" wat "uit die weg geruim moet word?" Ons weet dat Christus die krag hier is, maar dit is nie Christus wat uit die weg geruim word nie. Christus het vir Paulus gebruik om die sataniese krag in sy tyd, teë te hou, wat ook in 2 Thessalonicense 2 aangedui word.

Was daar in hierdie laaste dae 'n *opvallende* man, of 'n "hy," wat soos Paulus, bose invloede weggehou het? Natuurlik, dit

was Herbert W. Armstrong wat die liberale magte, veral in die 70's in toom gehou het en ook gedurende sy hele geestelike lewe. Toe, op 16 Januarie 1986, is "hy uit die weggeruim." Mnr. Armstrong is oorlede—al het sy dokter gesê dat hy nog vir 20 jaar, kon gelewe het.

Mnr. Armstrong het in die *"Worldwide News,"* van 24 Junie 1985, die volgende geskryf: "'n Laaste persoonlike woord. Binnekort, sal ek 93 jaar oud wees. VIR ETLIKE JARE AL, is daar diegene wat, soos aasvoëls, WAG DAT EK MOET STERF. Hulle wil graag terugkom en in my plek, die leierskap van die Kerk, oorneem. Ek was diep besorg daaroor, maar geensins bekommerd nie. Hierdie is die Kerk van God, nie van enige mens nie. Jesus Christus is die lewende Hoof van die Kerk, nie ek nie" (klem myne).

Hy het aangegaan, "Broeders, plaas julle vertroue in Christus en die lewende God, en nie in my nie. INDIEN CHRISTUS MY SOU VERWYDER …" (klem myne). Christus HET mnr. Armstrong verwyder—hy was deur die dood "uit die weggeruim."

Dit is 'n "verborgenheid van die ongeregtigheid" (vers 7) omdat dit verskuil was. Dit durf nie na vore kom nie, vanweë "hy" wat teëgehou het. Hy, Herbert W. Armstrong, was 'n gesiene *man,* wie se gesag gevrees was.

Die *"Jamieson, Fausset and Brown Commentary"* vertaal vers 7 as volg: "… die aanhoudende werk van die verborgenheid van die ongeregtigheid is NET totdat hy, wat teëhou, uit die weggeruim is. DAN SAL DIT NIE LANGER IN DIE GEHEIM WERK NIE, MAAR IN OPENLIKE MANIFESTASIE." Toe mnr. Armstrong "uit die weggeruim is"—HET DIE VERBORGENHEID VAN DIE ONGEREGTIGHEID OPENLIK BEGIN WERK!

Die ongeregtigheid "is al aan die werk." Dit was aan die werk voordat mnr. Armstrong gesterf het—maar nie openlik nie. Byvoorbeeld, die Australiese Werk van God het nooit na die 1970 opstand, "herstel" soos meeste van die ander gebiede nie, omdat die werklike probleme vir mnr. Armstrong verberg was. Die Filadelfia Kerk het talryke briewe van Australiërs ontvang, waarin die misleiding wat voor mnr. Armstrong se dood plaasgevind het, breedvoerig beskyf is. Dit is 'n voorbeeld

van wat God bedoel wanneer Hy sê, die ongeregtigheid "is al aan die werk."

Die Gees van God hou nie hierdie "mens van sonde" teë nie. Dit is sy probleem. Wat hom teëgehou het was iemand wat uit die weggeruim is—iemand wat hom en andere vir jare beheer het! DIT WAS DIE GEES VAN GOD WAT DEUR MNR. ARMSTRONG GEWERK HET, wat die "man van sonde" teëgehou het.

GOD GAAN DIE WERK VAN DIE LAODICEËRS VERWOES! (vers 8). Dit is God se driepunt plan. Eerstens, moet "die mens van sonde" *geopenbaar* word. Maar hoe? "In daardie tyd het Jesus gespreek en gesê: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het" (Matthéüs 11:25). God het sy waarheid aan kindertjies geopenbaar. Waarheid word deur God *geopenbaar.* God se waarheid is nie iets wat 'n mens, kan verstaan, sonder God nie. Dit moet *openbaar* word.

Maar God sal dit slegs aan "kindertjies" openbaar—heiliges met 'n kinderlike gesindheid. Bo alles, moet God eerstens die "mens van sonde" openbaar. Hy het dit deur *Maleági se Boodskap* gedoen. Dit is waarom die WKG leiers *Maleági se Boodskap* vrees. Die geopenbaarde waarheid van God sal hul bose bedrieëry verwoes. Talle WKG lidmate bestudeer *Maleági se Boodskap* en sien dat die WKG die spoor byster geraak het. Hierdie boodskap veroorsaak 'n onrustigheid in die lewe van baie wat in die WKG gebly het en veroorsaak ook dat baie WKG lidmate die Kerk van die Laodicense verlaat en die Filadelfia Kerk van God bywoon.

In die *tweede* fase, "hy, wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg" (2 Thessalonicense 2:8). Die bose sameswering is geopenbaar en word deur God se mond, *verdelg*—sy waarheid. Dit word gedoen deur die lering en prediking van God se waarheid (baie daarvan, deur *Maleági se Boodskap).* In Hoséa 6:5, sê God, "Ek het hulle gedood deur die woorde van my mond " (sien ook Jesaja 11:4). Eers openbaar God die fout en dan begin Hy dit te verdelg. Aan die begin is dit 'n stadige proses. Baie sal dit wat gebeur sien. Tog, dit wil

voorkom asof die meerderheid nie God se waarheid oor die "mens van sonde" sal aanvaar, tot en met die Verdrukking nie (Eségiël 33:31-33).

Dan in die *derde* fase, sal God [die bose werk] "deur die glans van sy verskyning vernietig" (2 Thessalonicense 2:8). Die woord "vernietig" kan ook as "onskadelik maak" of "kragteloos maak" vertaal word. Al die oorblyfsels van die WKG se bose werk sal vervang of vernietig word, met Christus se wederkoms. Diegene wat nalaat om gedurende die Verdrukking tot bekering te kom, sal hul saligheid verloor. Selfs God weet *nog* nie, wie gaan tot bekering kom en wie nie, daar Hy verkies om nie te weet nie.

Die Laodicese werk van rebellie, IS BESTEM OM VERNIETIG TE WORD. Dit kan op geen ander manier eindig nie, want God is daarteen.

'n "Afvalligheid" het ook in Paulus se dae plaasgevind—maar net as 'n *tipe* van dit wat vandag gebeur. Kan hierdie verse in 2 Thessalonicense 2, net in Paulus se tyd gegeld het? Nee, hierdie "afval" is 'n *teken* om God se mense te waarsku dat Christus se wederkoms baie naby is (verse 1-3). Dit is dieselfde "wonderteken" wat deur *"Soncino"* in Sagaría 3:8 as—Josua se afval, genoem word—wat op Christus se vinnig, naderende wederkoms dui. Hierdie "afval" moet *na* mnr. Armstrong se afsterwe, in die werklike tyd van die einde, plaasvind.

Daarby sit die "mens van sonde" in GOD SE KERK. DIT IS 'N ERNSTIGE GEBEURTENIS BINNE-IN GOD SE KERK, WAT NOOIT VOORHEEN PLAASGEVIND HET NIE—SLEGS IN DIE WERKLIKE EINDTYD. Soos wat daar in die verhaal van Josua aangedui word (Sagaría 3), vind hierdie gebeurtenis, ook net voor Christus se wederkoms plaas. Beide Josua en die "mens van sonde" word deur Satan beïnvloed (Sagaría 3:1; 2 Thessalonicense 2:9).

Ons sien uit Maleági 2:14-16, dat iemand verraderlik die Kerk van sy "tradisies" weglei (2 Thessalonicense 2:15), weg van die tradisies en leerstellings, wat God ons deur "Elía" (mnr. Armstrong), geleer het.

Ons sien ook hoe Openbaring 3 daarop wys dat die Laodicense Kerk van die Filadelfiese standaard, wegbeweeg.

Al hierdie Skrifgedeeltes verwys na die Laodiceërs wat van die "stam van die boom" wat deur Christus—deur mnr. Armstrong, vasgestel is, wegbeweeg. Sou ons hierdie Skrifgedeeltes noukeurig ondersoek, openbaar hulle 'n "verraad"—net soos 2 Thessalonicense 2, se verraad.

Dit is die groot oorsig wat ons moet onthou.

## ***TEKENS EN WONDERS VAN DIE LEUEN***

"Hy wie [die 'seun van die verderf'] se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen" (2 Thessalonicense 2:9). Die woord "tekens" word in die *"Revised Standard Version"* vertaling, as "bedrieglike tekens" vertolk. Hierdie "seun van verderf" is erg deur Satan beïnvloed. Satan het ook 'n sterk houvas op Serubbábel se Josua gehad (Sagaría 3:1).

Volgens *"Vincent's Word Studies in the New Testament,"* is "tekens en wonders van die leuen," die letterlike vertaling. "[V]an die leuen" kenmerk die twee woorde "tekens" en "wonders" en beide dra die stempel van "bedrog."

Hierdie selfde twee woorde "tekens" en "wonders," word ook deur Paulus, in van sy ander boeke gebruik. Byvoorbeeld, in 2 Korinthiërs 12:12 sê dit, "Die kentekens tog van 'n apostel is onder julle verwerklik met alle volharding deur *tekens* en *wonders* en kragtige dade." Paulus bespreek hier TEKENS EN WONDERS VAN 'N APOSTEL. In die algemeen het die wêreld nie vir Paulus as 'n apostel wat TEKENS EN WONDERS gedoen het, aanvaar nie, maar God se mense het wel.

Het die apostel Herbert W. Armstrong tekens en wonders verrig? Natuurlik het hy. Sy hele werk was 'n *wonderwerk* van God! Daar was baie *tekens* en *wonders.*

"Want ek sal nie waag om iets te sê van dinge wat Christus nie deur my gewerk het nie om die Heidene tot gehoorsaamheid te bring, met woord en daad, deur die krag van *tekens* en *wonders,* deur die krag van die Gees van God, sodat ek die evangelieverkondiging van Christus volbring het van Jerusalem af en rondom tot by Illírikum;" (Romeine 15:18-19).

Hier gebruik Paulus dieselfde twee Griekse woorde, *tekens* en *wonders*—wat deur die krag van die Heilige Gees gemanifesteer is.

"Hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid verontagsaam wat, nadat dit eers deur die Here verkondig is, aan ons bevestig is deur die wat dit gehoor het, terwyl God ook nog saam getuig het deur *tekens* en *wonders* en allerhande kragtige dade en bedélinge van die Heilige Gees volgens sy wil?" (Hebreërs 2:3-4).

Weer sien ons dieselfde twee Griekse woorde—*tekens* en *wonders*. God se Werk word altyd deur Sy Heilige Gees volbring. Dit is 'n wonderwerk met tekens en wonders, alhoewel die wêreld in die algemeen, dit nie so insien nie.

In 2 Thessalonicense 2, bespreek Paulus *tekens* en *wonders van die leuen* van 'n vals leier of 'n apostel wat 'n aartsleuenaar is (Openbaring 2:2). Hierdie leier is in beheer van God se Kerk, maar sy *tekens* en *leuenagtige wonders* is *nie* van God se Heilige Gees nie. Sy dade is bedrieglik en deur Satan die duiwel, geïnspireer.

Laat ons die Bybel se vertolking toe, is dit duidelik wat die bedoeling is. Talle mense *veronderstel* dat hierdie twee woorde asemrowende *tekens* en *wonders* in die hemel of iets dergeliks, moet wees. Dit word nie deur die Bybel bevestig nie. Bestudeer *"Strongs Concordance"*, nommer 4592 (tekens) en 5059) (wonders) indien verdere studie hieroor, verlang word.

Dit is alles 'n monsteragtige *bedrogspul* wat BAIE van God se mense geestelik mislei—en dit wil voorkom asof dit uiteindelik minstens 144,000 gaan wees! Hulle is almal slagoffers van 'n sataniese bedrogspul, wat BINNE-IN GOD SE KERK plaasvind.

Die Josua van Sagaría hoofstuk 3 en die "mens van sonde" is *nie* dieselfde persoon nie. Die "mens van sonde" lei 'n *algehele* OPSTAND teen God, net voor Christus se wederkoms en hy doen dit deur 'n leierskapsrol *in* God se Kerk. So ook Josua. Dit wil voorkom asof die mens van sonde met Christus se wederkoms, hier sal wees.

"En dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond [sy waarheid] sal verdelg

en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak” (2 Thessalonicense 2:8). Hierdie “mens van sonde” hoef nie tot die ewige dood verdoem te word nie, maar hy en sy werk gaan “tot ‘n einde” kom met Christus se wederkoms. Dit is selfs moontlik dat hy berou oor hierdie verskriklike sonde van hom, om God se mense te verlei, kan hê. Hy is ‘n tipe van Judas en die Bybel sê nie dat Judas sy ewige lewe kwyt is nie.

Dit is selfs denkbaar, dat hierdie man nooit tot bekering gekom het nie. (Mnr. Armstrong het gesê dat hy glo dat een van die vernaamste evangeliste wat in die 70s’ weggegaan het, nooit ‘n bekeerling was nie). So die “mens van sonde” kan moontlik fisies vernietig word (en nie geestelik nie) met Christus se wederkoms—net soos baie ander ook. Ons weet egter, dat hierdie sondaars van 2 Thessalonicense 2 oor die algemeen *geestelik* vernietig word. Hulle moet berou hê om die poel van vuur te vermy. Ons weet dat baie in die Verdrukking tot bekering sal kom.

In hoofsaak, sê God in 2 Thessalonicense 2, dat Hy die *werk* van die “mens van sonde” gaan vernietig. Dit sal beslis *daardie mens* insluit—*sou* hy nalaat om berou te hê.

Die Moffat vertaling het ‘n effe anderse standpunt: "die Here Jesus sal met die asem van sy lippe [of sy woorde] vernietig en deur sy verskyning en koms onderdruk” (vers 8). “[S]odat almal wat geloof in die waarheid verwerp, gedoem kan wees …” (vers 12). Dus is al hierdie sondaars van 2 Thessalonicense 2 gedoem—maar net, indien hulle weier om berou te hê. Hulle word deur die Filadelfia Kerk van God gewaarsku en deur God ‘N KANS GEGUN.

Verskeie vertalings noem 2 Thessalonicense 2 die “GROOT EN FINALE OPSTAND.” Openbaring 3, Sagaría 3 en die boek van Maleági openbaar dat hierdie dié Kerk van die Laodicense moet wees. Om 2 Thessalonicense 2 te begryp, moet ons fokus op die Laodiceërs wees.

## *GOD STUUR “STERK DWALING”*

Baie van God se mense gaan deur Satan se misleiding verower

word, indien hulle nie WAKKER WORD NIE! "DIE VOLLE KRAG VAN DIE BOSE SE DWALING" word deur God toegelaat en gestuur. (2 Thessalonicense 2:11, *"Phillips" v*ertaling), asook "kragvolle kettery tussen hulle" *("Norlie"* vertaling).

Kan ons die "VOLLE KRAG" van die bose se dwaling verstaan? Die volgende paar maande en jare, sal baie insiggewend—vir God se mense *en* vir God wees.

Geliewe die volgende woorde van mnr. Tkach in die *"Worldwide News*," van 10 Oktober 1989, te analiseer: "Wie het Jesus kinders van die duiwel genoem? Diegene wat gedink het dat hulle 'n hoek op die geestelike mark het. DIEGENE WAT GEDINK HET DAT HULLE DIE ENIGSTE WAS, WAT 'N VERHOUDING MET GOD KON HÊ. Hulle gesindheid van VERWAANDE GEESTELIKE MEERDERWAARDIGHEID, het hulle deelgenote van Satan se gesindheid gemaak" (klem myne).

Is ons "kinders van die duiwel" as ons dink dat ons 'n plek op die "hoek van die geestelike mark," het? U HET NOOIT GEHOOR DAT MNR. ARMSTRONG SO 'N STELLING MAAK NIE! Dit is omdat hy geweet het dat ons WEL 'n "hoek op die geestelike mark" het. Maak dit van mnr. Armstrong 'n "KIND VAN DIE DUIWEL?" Jesus Christus het met mnr. Armstrong saamgestem. Slegs kinders wat deur ons hemelse Vader verwerk is het God se Heilige Gees en is deur God geroep (Johannes 6:44). God het tans net 'n "klein kudde" geroep om sy Gees te ontvang. Gedoopte lidmate van God se Kerk is *DIE ENIGSTE* WIE 'N OPREGTE GEESTELIKE VERHOUDING MET GOD KAN HÊ—die res van die wêreld het nie God se Heilige Gees nie. Dit is nie "die gesindheid van die duiwel nie"—DIT IS DIE WERKLIKHEID! DIT IS DIE WAARHEID VAN GOD!

Ons beter almal op ons hoede wees vir sulke verwarrende en misleidende stellings, wat van die WKG afkomstig is. Hulle is besig om sommiges tot 'n skrikwekkende einde te lei!

"Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie. En elkeen wat 'n woord spreek teen die Seun van die mens, dit sal hom vergewe word; maar elkeen wat spreek teen die Heilige [Gees], dit sal hom nie vergewe

word nie, in hierdie eeu nie en ook in die toekomende nie" (Matthéüs 12:31-32). Wie sê ons het 'n "hoek op die geestelike mark?" GOD SE HEILIGE GEES SÊ DIT! Dit is die Heilige Gees wat ons verwekte kinders van God maak—en so 'n seldsame volk op hierdie aarde. Die Heilige Gees het 'n groot werk deur mnr. Armstrong tot stand gebring. Die Heilige Gees is gebruik om "alle dinge te herstel" en ons 'n "hoek op die geestelike mark" te gee. Om dit te ontken is GEVAARLIK NABY AAN LASTER!

Het sommiges in die Kerk vergeet *wie* hulle is? Hoe UNIEK die Eerstelinge is?

Mnr. Tkach se stelling is in die kategorie van "STERK DWALING." God stuur, NOU—*op hierdie oomblik*—VIA DIE WKG LEIERS, sterk dwaling! Let noukeurig op wat jy lees, want dié soort stellings deur mnr. Tkach, is deesdae algemeen in die WKG se literatuur.

'N WKG leraar het hom sterk uitgespreek oor *Maleági se Boodskap*. Die bandopname was aan verskeie WKG kerke gestuur. Dit het 2 Thessalonicense 2 omvat. Daarin het hy gesê: "God stuur nie sterk misleiding aan sy mense nie—nie 'n genadige God nie. Mnr. Flurry se God moet 'n hardvogtige God wees, die een wat die Protestante van praat—NIE MY GOD NIE. Daar is geen bewys hiervoor nie.

Tog sê die apostel Paulus, "En met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom *SAL* GOD HULLE DIE KRAG VAN DIE DWALING STUUR om die leuen te glo" (2 Thessalonicense 2:10-11).

Geen bewyse nie? Asseblief lees weer vers 11. Dit sê, "*SAL* GOD hulle die krag van die dwaling STUUR!" En vers 10 sê mense *GAAN* geestelik VERLORE—teenwoordige tyd! ("*New International Version*"). Hulle het die waarheid maar het dit nie lief nie. Dit kan *nooit* op hierdie wêreld van toepassing wees nie. Die wêreld het nog *nooit* God se waarheid gehad nie. Hier word oor God se Kerk gepraat! En baie WKG lidmate word verlei—en druip 'n TOETS wat deur God gegee is.

God sê dat Hy die "die krag van dwaling" sal stuur, om sy mense te TOETS. Hy wil weet of hulle Hom en sy waarheid

meer as 'n persoon, of 'n kerk, of selfs hulle eie lewens, liefhet (Lukas 14:26). Dit is waaroor 2 Thessalonicense 2 gaan!

Broeders, ek hoop julle besef die Kerk van die Laodicense se *gevaarlike* rigting. Sommige mense gaan vir ewig verlore wees. DIE LIDMATE VAN DIE KERK VAN DIE LAODICENSE VAN GOD MOET WAKKER SKRIK! Andersins gaan hulle sluimerend die Groot Verdrukking in.

Deurgaans in die Bybel, sê God dat net 'n klein groepie *eerstelinge* in hierdie tydperk geroep word. In die lig van wat mnr. Tkach hierbo gesê het, moet ons onthou, dat Serubbábel (mnr. Armstrong) die "Gees" gebruik het om God se Werk te doen (Sagaría 4:6). Hierdie vers is 'n deel van die Serubbábel insetsel. Daar is nie 'n verklaring van die aard, in die Josua gedeelte van die boek van Sagaría, gemaak nie. Kan dit wees dat Josua nie 'n behoorlike begrip van die Gees van God gehad het nie? Is dit omdat Josua werklik *nie* 'n "hoek op die geestelike mark" *het nie*—wat hy eintlik moet hê?

Laat ons in ag neem wat mnr. Armstrong oor die Kerk se unieke verhouding met God en "'n hoek op die geestelike mark," gedink het. In die hoofstuk "Wie en Wat is God?" in *Geheimenis Van die Eeue*, het hy die volgende geskryf: "Die biljoene wat nou op die aarde leef is nie net onkundig oor die belangrikste kennis—WIE en WAT God is—dit wil voorkom asof hulle *NIE WIL WEET NIE!* HULLE IS GEWILLIGLIK ONKUNDIG OOR HIERDIE MEES BELANGRIKE KENNIS EN VERHOUDING WAT IN 'N MENS SE LEWE MOONTLIK KAN WEES!

*Verbasend*—maar WAAR!

En waarom is mense GEWILLIGLIK onkundig oor die mens se belangrikste verhouding? Slegs een verduideliking is moontlik! Alle nasies is *MISLEI* (Openbaring 12:9). En die *FEIT* van hierdie wêreldwye misleiding, verseker die werklikheid van 'n bomenslike BEDRIEËR!" (Klem myne).

Is dit nie duidelik dat slegs God se Kerk 'n geestelike *verhouding* met God kan hê nie? Die hele wêreld is mislei. Mnr. Armstrong was God se eindtyd Elía. Die naam *Elía* beteken "my God is God." Die res van die wêreld aanbid 'n vals god of glad geen god nie.

Lees asseblief die hele hoofstuk "Wie en Wat is God" in *Geheimenis Van die Eeue.* Regdeur die hele hoofstuk, sê mnr. Armstrong presies die TEENOORGESTELDE VAN DIE AANHALING DEUR MNR. TKACH.

Was hierdie hoofstuk deel van die "baie betekenisvolle foute" wat die WKG leiers in *Geheimenis Van die Eeue,"* gesien het? Is daardie hoofstuk die hoofrede waarom die boek geskrap was?

God sê Hy stuur "sterk dwaling." God se mense sal moet besluit WIE HET SATAN SE GESINDHEID! En wat 'n belangrike besluit is dit nie. So baie word deur hierdie keuse bepaal.

Dr. Ward het op 2 Desember 1989, te Big Sandy, tydens 'n preek, hierdie Skriflesing gebruik: "Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan ..." (Maleági 3:1). Hy het gesê dat Johannes die Doper die boodskapper was wat die weg voorberei het vir Christus se eerste koms. Hy het geen melding gemaak dat mnr. Armstrong *die man* is, wat die hedendaagse Johannes die Doper was nie. Hy het gesê ons is *almal* "seuns van Levi" (Maleági 3:3)—dat ons *almal* BOODSKAPPERS is. Klink goed, maar DIT IS NIE BYBELS KORREK NIE. Die profesieë DUI OP EEN BOODSKAPPER *wie ons almal ondersteun*. Dr. Ward se aanhaling is net nog "groter misleiding," om Laodiceërs aangaande God se eindtyd Elía en Johannes die Doper—Herbert W. Armstrong, te mislei.

Dr. Ward het verduidelik hoe die WKG hul siening, om skenkings aan orkaan en ander rampfondse te gee, *hersien*. Dit gaan egter dieper as om net skenkings aan rampslagoffers—wat wel hulp nodig het, te maak. Hierdie is 'n *verandering* van die Kerk se *opdrag*, wat CHRISTUS—deur mnr. Armstrong, gevestig het. Pleks daarvan dat geld spandeer word om mense te WAARSKU oor die rede *waarom* rampe gebeur, help die WKG hulle finansieel. Die WÊRELD GAAN LETTERLIK BINNEKORT MET RAMPE OORSTROOM WORD! God gaan dit as 'n straf beskik. Sou dit hul benadering wees, sal tiendes en offergawes *tevergeefs* bestee word.

Dr. Ward het gesê dat die Kerk 'n *eiegeregtige* gesindheid in die verlede gehad het. Hy het gesê dat Kerklidmate oor ons kennis van profesieë "gespog" het. Daarmee verskil ek. Dit was

nie werklik 'n *spoggery* met profesieë nie; dit was die vervulling van ons God gegewe opdrag.

Dr. Ward het gesê dat mnr. Armstrong die wet gevestig het, maar vandag word die "geestelike toepassing, op 'n individuele grondslag," deur die Kerk beklemtoon. ASOF DIT NIE DEUR mnr. Armstrong GEDOEN WAS NIE! Broeders, ek vertrou dat julle kan insien hoe hierdie verklaring, dit wat Christus deur mnr. Armstrong gedoen het, veroordeel. God noem dit "sterk misleiding!"

Daarna het Dr. Ward dié gewone tyd bestee, op hoeveel liefde die WKG deesdae opbou. Eségiël sê "WANT HULLE MAAK LIEFDESVERKLARINGE MET HUL MOND ..." (Eségiël 33:31). HULLE BETOON GEEN LIEFDE TEENOOR MNR. ARMSTRONG EN DIT WAT CHRISTUS DEUR HOM ONDERRIG HET NIE! Hulle het nie die waarheid van God so lief, soos dit hoort nie (2 Thessalonicense 2:10). "Hulle het *geweier* om die waarheid lief te hê" (*"Phillips")*.

Die louwarm leiers "het aan niks gebrek nie" (Openbaring 3:17). *Hulle* is die eiegeregtiges—wat die waarheid wat God in die Kerk gevestig het, op 'n arrogante wyse opsy stoot—presies, op die wyse soos God voorspel het sou gebeur!

God stuur "sterk misleiding!" God se mense word nou getoets.

Hoekom kan Satan God se volk bereik? Omdat sommige nie die waarheid *liefhet* nie. Dit wil egter voorkom asof hulle het—en dit is waarom dit 'n *raaisel* is. Iedereen wat hierdie verkeerde *gesindheid* het, gaan deur Satan mislei word!

Geen wensdinkery gaan hierdie geweldige profesieë van God verander nie!

## *HOE OM VAS TE STAAN*

"So dan, broeders, STAAN VAS EN HOU JULLE AAN DIE VOORSKRIFTE WAT JULLE GELEER IS òf deur 'n woord òf deur 'n brief van ons" (2 Thessalonicense 2:15). *"Thayer's Lexicon"* sê die woord "tradisies" kan as "opdragte" of "die inhoud van onderrig" vertolk word. "Voorskrifte" word ook in ander vertalings as "leer" en "die reëls" vertolk.

Dit is alles in die *konteks* van die ware evangelie (vers 14); wat oor die wederkoms van Christus, handel. Paulus sê ONS MOET BESORG WEES, om die evangelie, rein te hou.

"Tradisies" is waarheid wat beide mondelings en skriftelik gegee is. Die besorgdheid hier is oor "tradisies" en "opdragte"—wat van een era na 'n ander oorgedra word. Die leier se werk is om *God* se opdragte—nie sy eie—aan die mense oor te dra.

Die *"SDA Commentary,"* sê van die woord "tradisies:" "Die woord beteken dinge afgelewer, oorhandig, of oorgedra by wyse van lering of doktrine." *"Clarke's Commentary"* sê, dat in Grieks beteken dit, "enigiets wat in die sin van onderrig gelewer is." Die punt is egter, dat ons praat van OPENBARINGE VAN GOD, wat deur die "mens van sonde" verwerp word. Dit is presies wat die Kerk van die Laodicense doen. God sê vir ons, OM VAS TE STAAN, deur AAN DIE OPDRAGTE VAN DIE VERLEDE VAS TE HOU. Dit is hoe ons vashou. DIT IS ONS GEESTELIKE ANKER. Hierdie is opdragte wat deur JESUS CHRISTUS gegee is—nie Herbert Armstrong nie.

Die *"Revised Standard Version"* sê, "staan ferm." Sou ons nalaat om aan opdragte van die verlede vas te hou, KAN ONS NIE FERM STAAN NIE! Dit is kosbare kennis wat God ons gegee het om Satan se aanvalle te weerstaan. *Met* hierdie kennis is ons God se egte uitverkorenes wat *nie* mislei *kan* word nie (Matthéüs 24:24). *Sonder* hierdie kennis, *kan* ons dit *nie verm*y om mislei te word nie! Sonder hierdie geestelike wapenrusting is Satan heeltemal te subtiel vir ons (Efésiërs 6:11-19).

DIT IS WAAROOR DIE "WEGVAL" GAAN. ÒF ONS KLOU AAN WAT ONS GELEER HET, ÒF ONS IS ONS EWIGE LEWE KWYT! DIE VERRAAD DRAAI OM "TRADISIES" EN "OPDRAGTE VAN DIE VERLEDE" VAN EEN "WAT UIT DIE WEG GENEEM IS." Dit is dieselfde storie as Sagaría 3 en 4, Openbaring 3 en die boek van Maleági in geheel! Al hierdie Skrifgedeeltes beskryf een KOLOSSALE GEBEURTENIS in God se Kerk—DIE WEGVAL VAN DIE WAARHEID! 'N GROOT OPSTAND TEEN GOD SE REGERING!

Die "mens van sonde" en "die seun van die verderf" is afgryslike titels. God gee aan hulle hierdie titels, omdat geen sonde groter is, as om God se mense op 'n dwaalspoor te

bring nie! "Maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see" (Matthéüs 18:6). Die leier wat gewillig is om God se mense op 'n dwaalspoor te lei, is heel toepaslik die seun van die *verderf* of *verwoesting* genoem. Hy vernietig wat God geskep het en besig is om te skep.

Hierdie prominente persoon, die "mens van sonde," moet voor die wederkoms, deur Christus openbaar word.

"En met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie" (2 Thessalonicense 2:10). God praat van mense wat geestelik "verlore gaan!" Mense wat "GERED" of "NIE GERED," WORD NIE! Hulle het 'n kans om gered te word, maar bly in *gebreke* om dit te bereik. Hulle is besig om dood te gaan. Hoekom? Omdat hulle "die liefde tot die waarheid nie aangeneem het nie." Hulle het waarheid ontvang—maar het dit nie *lief* genoeg om aan dit vas te hou nie. "[S]al die liefde van die meeste verkoel" (Matthéüs 24:12). Slegs God se mense het ware liefde. Die wêreld het nooit God se waarheid of liefde gehad nie. SLEGS GOD SE MENSE KAN VAN DIE WAARHEID AF WEGVAL.

Ons praat van 'n Judas-tipe verraad wat een van die ERGSTE IN DIE GESKIEDENIS VAN GOD SE KERK IS! God het meeste van die teenstand teen hierdie misleiding met mnr. Armstrong se afsterwe verwyder, wat die verraad en misleiding van die broeders vergemaklik het.

## *DIE VERRAAD*

"Daar is niemand wat sy skoene kan vol staan nie, maar Vader ons doel is om sy voorbeeld na te volg." Hierdie verklaring is deur mnr. Tkach tydens mnr. Armstrong se begrafnis, gemaak. Wat het van daardie gesindheid geword? Vandag wonder baie hoe twee leiers van dieselfde organisasie so in denke kan verskil. Mnr. Armstrong se lewensverhaal word deesdae grotendeels as geskiedenis van die Werk gebruik—nie as 'n *voorbeeld,* om

na te volg nie. Tog moes mnr. Tkach beter as enigiemand anders op aarde, geweet het hoe om in die voetspore van mnr. Armstrong te volg.

God het belowe om die mens van sonde"—in "sy tyd" of "in sy seisoen" te *openbaar* (2 Thessalonicense 2:6). Het daardie tyd aangebreek? Daardie tyd is deur God bepaal en nie deur 'n mens nie. SONDER DIE BESONDERE OPENBARING DEUR GOD, KAN HIERDIE WAARHEID NIE BEKEND WORD NIE!

Die WKG *dryf nie weg* na 'n Laodicese houding nie—dit word met geweld en misleiding, met wreedheid van God "af verdryf!" (Jeremia 23:2; Eségiël 34:5. Vra die gratis boekie, *"Ezekiel: The End-Time Prophet,"* aan). Al die beperkings is verwyder. Daar is nie 'n sterk geestelike leier op die toneel om dit af te weer nie. Dit is waarom die veranderinge so vinnig plaasvind—ten spyte van sommige leraars se teenkanting.

Mnr. Tkach, het aan mnr. Armstrong se voete, vir sewe jaar gesit, voordat mnr. Armstrong gesterf het. Hy het gesien hoe mnr. Armstrong die WKG weer "terug op die spoor" geplaas het. Hy was daar, reg langs mnr. Armstrong en het hom gehelp om dit te doen. Is daar enigeen in die WKG wat meer verantwoordelik is vir dit wat nou gebeur? Hy was as mnr. Armstrong se grootste vertroueling, mees geliefde en lojale vriend, gereken. Soveel so, dat mnr. Armstrong, die beheer van God se groot Werk, aan mnr. Tkach, toevertrou het. Mnr. Armstrong het mnr. Tkach, meer as enige ander persoon in die Werk, *vertrou*. Soos Judas, was mnr. Tkach 'n *intieme dissipel*—meer as ander Kerkleiers—tydens daardie laaste sewe jaar van mnr. Armstrong se lewe.

Die leierskap wat in 2 Thessalonicense 2 bespreek word, *moet* vandag in Pasadena wees. Dit het alles na vore begin kom, toe Christus mnr. Armstrong deur die dood verwyder het.

Wat na sy dood van die WKG sou word, was mnr. Armstrong se GROOTSTE VREES. Van sy grootste vrese is verwesentlik. Tog weet ons dat alles volgens God se meesterplan verloop. Christus is steeds ten volle in beheer. Binnekort sal ons 'n kragtige demonstrasie daarvan sien! God het die Filadelfia Kerk opgerig, om die waarskuwing aan die WKG, uit te BASUIN.

Baie van ons liefde vir die waarheid draai om mnr. Armstrong en sy werk—wat deur God geïnspireer was.

Paulus het voorspel dat 'n groot bedrieëry aan die einde, net soos tydens die eerste eeu, sou plaasvind. "Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. JA, UIT JULLE SELF SAL DAAR MANNE OPSTAAN WAT VERKEERDE DINGE PRAAT OM DIE DISSIPELS WEG TE TREK AGTER HULLE AAN. Daarom moet julle *waak* en *onthou* dat ek drie jaar lank NAG EN DAG NIE OPGEHOU HET OM ELKEEN MET TRANE TE VERMAAN NIE" (Handelinge 20:29-31).

Laodicese leraars gaan sê dat hierdie verse na die FKG se bediening verwys, maar dit is *hulle* wat onttrek. Dit is *hulle* wat God se mense van die waarheid, wat Christus deur mnr. Armstrong herstel het, vervreem. Dit is *hulle* wat met misleidende veranderinge "dissipels wegtrek," agter hulle aan. U MOET VANUIT U BYBEL BEWYS wie is reg—en u *kan* dit doen!

Hierdie selfde verse toon dat Paulus sy bediening en teenwoordigheid as 'n beperkende invloed erken het. Dieselfde, was waar van mnr. Armstrong. Al wat God moes doen was om mnr. Armstrong uit die weg te neem, om die onderstroming van "verborgenheid van die ongeregtigheid," weer na die oppervlak te bring om te gedy, daar die beperkings verwyder was. Ons het ook in die 70's 'n demonstrasie daarvan gesien. Nou is dit egter baie erger. Ons moes uit die geskiedenis geleer het! Wanneer ons versuim om uit die verlede te leer, is dit ons voorland om die foute van die verlede te herhaal.

God het verkies om nie die uitslag van daardie Laodicese lede wat getoets word, te weet nie. Hy het Abraham getoets om te sien of hy sy enigste seun sou doodmaak. Nadat God gesien het, dat Abraham *gehoorsaam sou* wees, het Hy gesê, "[N]OU WEET EK dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie" (Génesis 22:12). Dit was die moeilikste toets van Abraham se lewe en God het nie geweet wat Abraham sou doen, tot *na* die toets nie. *Na* die toets van 2 Thessalonicense 2, SAL GOD, BAIE MEER, VAN ALMAL VAN ONS WEET!

Toe mnr. Armstrong in beheer was, was daar reeds ongeregtigheid in sommige mense wat hulle onderdruk het,

sodat dit nie deur ander gesien en beoordeel kon word nie. Daarom het God vir mnr. Armstrong verwyder, sodat hul ongeregtigheid na die oppervlak kon kom en duidelik word vir die uitverkorenes van God—wat nie mislei kan word nie (Matthéüs 24:24). Die *oorblywendes* van God se mense *sal* mislei word. Hierdie beproewing wat om die "mens van sonde" draai, is alles deel van GOD SE MEESTERPLAN OM SY FILADELFIESE UITVERKORENES VAN DIE LAODICEËRS, TE SKEI. Die uitverkorenes moet hierdie sataniese misleiding verwerp sodat hulle die Filadelfiese beloning kan ontvang. Om die skeiding tussen die Filadelfiërs en Laodiceërs te bewerkstellig, gaan nie so maklik wees soos baie in die Kerk voorheen gedink het nie!

Die "mens van sonde" word tereg die "seun van die verderf" genoem. Die Griekse woord vir "verderf" beteken "verwoesting, verdoemenis, vernietiging, totale ondergang." DIT WORD DIKWELS IN DIE NUWE TESTAMENT GEBRUIK OM NA INDIVIDUE WAT VAN DIE WAARHEID AFVALLIG GEWORD HET, TE VERWYS (Matthéüs 7:13; Fillippense 3:19; 1 Timótheüs 6:9; Hebreërs 10:39; 2 Petrus 2:1; 3:7).

Die woord "mislei" in 2 Thessalonicense 2:3 beteken "op 'n *dwaalspoor* bring." Moet dit nie vergeet nie. Dit dui ongetwyfeld op 'n *leier* wat valse onderwysing versprei, of onder God se mense toelaat! Die *"Interpreters Bible"* sê die woord *mislei* "omvat die idée van MOEDSWILLIGE MISLEIDING". DIT IS 'N JUDAS-TIPE VERRAAD. Het Judas geweet wat hy besig was om te doen? Hy moes baie van dit wat hy gedoen het, verstaan het!

God sê "Laat niemand julle op enige manier mislei nie…" (2 Thessalonicense 2:3). "Op *enige* manier!" Baie soorte maniere om te mislei sal gebruik word, maar laat "niemand jou kroon neem nie" (Openbaring 3:11).

Hierdie "mens van sonde," herken die waarheid, maar raak afvallig. Dit is hoe hy die "seun van die verderf" word. EWIGE LEWE OF EWIGE DOOD IS VIR BAIE VAN GOD SE MENSE, OP DIE SPEL! Baie van hulle gaan hom volg!

Die *samehang* van hierdie Judas-tipe verraad, dui daarop dat dit om die "mens van sonde" en "hy" wat "uit die weg geneem is" draai. Paulus het ons gewaarsku om "tradisies" en

"opdragte van die verlede" te behou. Baie van hierdie opdragte is vanselfsprekend van mnr. Armstrong ontvang—toe is "hy" "uit die weg geneem." 2 Thessalonicense 2:15 sê "staan vas" en "hou" julle aan die voorskrifte wat julle geleer is. Die letterlike vertaling vanuit Grieks beteken, "om stewig en versekerd, met die grootste kraginspanning, vas te hou." Hou aan hierdie goddelike besielende, waarheid van God vas. Dit is hoe ons in God se kosbare Woord (vers 17) gevestig word, sodat ons NOOIT, sal val nie!

Dit sê nie "'*n* mens van sonde" nie—maar "*die* mens van sonde." Omdat HY DIE WERK VAN GOD NEEM EN DIT AAN SATAN SE BEHEER OORGEE! (2 Thessalonicense 2:9; Sagaría 3:1-2). In 2 Thessalonicense 2 word ons vertel hoe die verandering van die Filadelfia era na die era van die Laodicense, plaasvind.

Indien ons mnr. Tkach se leiding, om nie sekere Skrifgedeeltes aan individue te koppel nie, sou volg, sal belangrike profesieë van die werklike eindtyd verkeerd verstaan word. Baie van God se mense sou verlei word en Satan sou sy vernaamste doelwit van misleiding, verwesentlik het. Satan is die primêre verleier. Hy is die ware sondebok—die aartsverleier, van wie mnr. Armstrong ons gewaarsku het.

Twee van God se werklike eindtyd leiers word in 2 Thessalonicense 2 beskryf. Een van hulle word verwyder. Die ander een is die "mens van sonde," wie die groot wegval gelei het.

Dit is een, vername rede waarom 2 Thessalonicense 2 nie in die 70's kon gegeld het nie. Die *liberaliste* was nie toe, in beheer nie. NOU is hulle.

Ek smeek julle broeders—soek God soos julle nog nooit voorheen gedoen het! "Vervloek is die man wat op die mens vertrou" (Jeremia 17:5)—*enige* mens, EN DIT SLUIT MY, BESLIS IN.

In die afsienbare toekoms gaan ons gebeurtenisse aanskou, wat die wêreld gaan skud soos nog nooit vantevore nie. TYD IS BESIG OM UIT TE HARDLOOP! Die tekens dui almal op dié rampspoedige einde—wat baie gou sal kom! DIESELFDE GOD, WAT ONS HIERDIE BOODSKAP STUUR IS REEDS BESIG OM *HIERDIE WÊRELD* OP 'N DRAMATISE WYSE, *OP SY KNIEË TE DWING!*

Mnr. Armstrong was die WKG se leier en is "uit die weg geneem." Mnr. Armstrong het begryplikerwys die beheer aan

die volgende leier gegee. Hoe kon daardie leier daardie posisie andersins bekom het? Ons stem nie in God se Kerk nie! Dit is *hoekom* hierdie so 'n veragtelike verraad teenoor God is, deur diegene wat *veronderstel* was, om mnr. Armstrong se opdragte na te kom! Alles het goed gelyk totdat mnr. Armstrong gesterf het. Dit is wanneer die verraad sou plaasvind—nie voor die tyd nie.

HIERDIE "MENS VAN SONDE" HET CHRISTUS, AS HOOF VAN DIE WKG VERVANG! Hy verhef homself bo Christus en wat Hy ons, deur mnr. Armstrong geleer het. Net soos Judas, bewys die "mens van sonde," dat hy 'n valse apostel is (Openbaring 2:2).

Die leiers van die WKG noem al hierdie onlangse veranderinge "groei in liefde." God noem dit "afvalligheid"—of "'n groot opstand" *("New International Version")*. DIT BEHELS 'N MAG DER MENIGTE—derduisende mense! Die "liefde van BAIE sal verflou" (Matthéüs 24:12). Hierdie is *agape* liefde, of die liefde van God—nie mense liefde nie. Dit is net God se mense wat hierdie liefde het. Hierdie is 'n profesie vir die WKG en ander Laodicese groepe vandag!

Satan het in die laaste nag van Christus se lewe op aarde, in Judas ingevaar (Lukas 22:3; Johannes 13:27), maar daar was ook ander tekens van Satan se invloed. "Toe sê een van sy dissipels, Judas Iskáriot, die seun van Simon, wat Hom sou verraai: Waarom is hierdie salf nie vir driehonderd pennings verkoop en die geld aan die armes gegee nie? En dit het hy gesê, nie omdat hy oor die armes besorg was nie, maar omdat hy 'n dief was en die beurs gehad het en die bydraes geneem het" (Johannes 12:4-6). Judas was die tesourier. Hy wou voorgee dat hy *grenslose liefde* gehad het. Maar sy motiewe was boos, daar hy *verdraaide prioriteite*, betreffende geld besteding vir die werk, gehad het. Hy en Christus het nie saamgestem nie en Christus stem ook nie saam met die wyse waarop die Laodiceërs huidiglik, baie van hulle geld bestee nie. DIE JUDAS GESINDHEID is vandag in die leierskap van God se eie Kerk teenwoordig. God sê so! Dit is waarom Christus die titel "seun van die verderf" gebruik!

Wanneer 2 Thessalonicense 2 die "seun van die verderf" bespreek (Judas Iskáriot se etiket), is dit vir 'n goeie rede.

Bestudeer die voorbeeld van Judas en jy sal baie meer verstaan oor wat vandag in die WKG en ander louwarm groepe gebeur.

God se mense moet GEWAARSKU word!

CHRISTUS HET JUDAS WAT 'N DIEF, LEUENAAR EN VERRAAIER GEWORD HET, GEKIES (Johannes 6:70-71). Dit is ook die boodskap van 2 Thessalonicense 2!

Kan so 'n groot opstand plaasvind, sonder dat God sy Kerk waarsku? Nooit! DIE GROOTSTE WAARSKUWING IN HIERDIE TYD VAN DIE EINDE, GAAN NA GOD SE MENSE—nie die wêreld nie. "'n Geheim beteken 'n waarheid wat *eens verborge* was—maar nou geopenbaar of geopenbaar sal word; 'N WAARHEID WAT SONDER SPESIALE OPENBARING ONBEKEND SAL WEES" (*"Vincent Word Studies in the N.T.")*. Hierdie toets openbaar waarheid oor almal van ons—NOU! God, sal *presies* weet wat ons glo en wat ons geestelike toestand is. Hierdie toets is hoe, Hy dit doen.

In Paulus se sendbriewe, is 'n *geheim* iets wat verborge en onbekend is—maar wat nou *openbaar* is (Romeine 16:25; Efésiërs 3:3, 9; 6:19; Kolossense 1:26). God moet ons geestelike toestand aan ons en aan Homself openbaar!

As *Maleági se Boodskap geopenbaarde* kennis is—moet dit van God kom! As ons dit so insien, dan het God dit ook so aan ons geopenbaar. Pleit by God om dit te kan begryp! HIERDIE WAARHEDE IS TE BELANGRIK OM TE VERWAARLOOS!

Een leraar het die ou *"Systematic Theology Project"* (STP) manuskrip, wat die liberaliste in die 70's geskryf het, behou. Hy het gesê, "Ons doen weer dieselfde ding." Dit is weer die 70's oor—net erger. Dit is geheel en al onvergeeflik! Elke Laodicese leraar behoort te kan sien wat aan die gebeur is—en daarvolgens *optree!* Ons moet *optree!* Dit is waaroor geloof gaan.

Wat beteken dit om "GELOOF IN DIE WAARHEID" te hê? (2 Thessalonicense 2:13). Dit is 'n aanduiding van opregte geloof. Dit mag beteken, om 'n fisiese of geestelike familie vir die waarheid prys te gee! Dit is nie net 'n geval om vanuit die Kerk van die Laodicense uit te kom nie. Dit kan in opstand gedoen word. Indien ons egter 'n sterk "geloof in die waarheid" het, *sal* dit ons uit enige groep wat verlei is, uitbring! Die Laodiceërs bring groot veranderinge aan oor regering, die eindtyd Elía,

gesondmaking, Kerkeras, die Sabbat, "wedergeboorte," redding deur genade alleen, die huwelik, die drie-eenheid, die Familie van God en profesie, om maar net 'n paar voorbeelde te noem. (Vir meer inligting, vra die gratis boekie, *"God's Family Government,"* aan). Hulle verwerp God se waarheid en God se leierskap! Ons "geloof in die waarheid" vereis dat ons WEIER om sulke veranderinge, *weg* van God se waarheid af, te volg.

Om God se waarheid te ontvang is somtyds nie maklik nie, maar daar is geen ander keuse indien die alternatief, oorweeg word nie.

Judas, het Jesus Christus verraai. TANS VERWERP DIE LOUWARM LEIERS NIE ALLEEN DIE WERK VAN MNR. ARMSTRONG NIE—*HULLE IS BESIG OM JESUS CHRISTUS TE VERRAAI!* Mnr. Armstrong was 'n mens, wat soos almal van ons, ook foute gemaak het. Mnr. Armstrong is nou oorlede, MAAR JESUS CHRISTUS IS NIE DOOD NIE—HY IS BESONDER LEWENDIG! Hy is steeds die Leier van die Filadelfia Kerk van God. Hy gaan Laodicese leiers en hulle navolgers oor hulle sondes, tugtig. Hy gaan diegene wat IN OPSTAND TEEN SY REGERING IS, STRAF! Hierdie is 'n ernstige waarskuwing aan almal van ons. God gaan sy mense *dwing* om te kies tussen Hom en "die krag van die dwaling." Is ons naby genoeg aan God om die regte keuse te maak?

# 7

# "Julle Mag nie Profeteer nie"

GEDURENDE DIE STREEK DIREKTEURS-konferensie in die lente van 1988, het dr. Herman Hoeh verklaar dat die Kerk van God die era van die Laodicense binne gegaan het. Daardie boodskap is baie vinnig deur die leiers van die WKG, stopgesit. Hulle het nie gedink dat dit op daardie stadium die tyd was om hierdie onderwerp te bespreek nie. God se profesie, vir die era van die Laodicense, is 'n *vername* profesie vir die eindtyd. Dr. Hoeh se verklaring sou *dringendheid,* by God se mense veroorsaak het.

Profesie is tweeledig. Byvoorbeeld, in die boek van Amos het ons die profesie ten opsigte van ou Testamentiese Israel. Alhoewel die verwesentliking in die geheel vir Israel, vir die werklike eindtyd is (Amos 9:11-15).

"En Ek het uit julle seuns profete en uit jul jongelinge nasireërs verwek. Is dit nie so nie o kinders van Israel? Spreek die HERE" (Amos 2:11). God sê dat HY, leraars en profete VERWEK HET. Hierdie is nie maar net 'n wêreldse geloof nie. Hierdie is leraars wat God verwek het—ware leraars van God! Neem baie deeglik daarvan kennis. God het hulle verwek, maar Satan, het talle van hulle verlei.

"Maar julle het die nasireërs wyn laat drink en aan die profete bevel gegee en gesê: Julle mag nie profeteer nie" (Amos 2:12).

Sommige van die WKG se gevestigde bediening, het baie "wyn" van hierdie wêreld gedrink. Hul geestelike visie het onduidelik geword. Hulle kan nie meer tussen die waarheid en dwaling onderskei nie. Dit behels dat sommige leraars nie 'n profetiese waarskuwing, soos wat hulle moet, bekend maak nie. Hulle bly in gebreke om waarlik die wêreld te WAARSKU!

Gewoonlik was profete gestuur wanneer leraars of priesters in gebreke was om hulle werk uit te voer. DIE OORGROTE TOONAANGEWENDE LERAARS HET HIERDIE FILOSOFIE, "JULLE MAG NIE PROFETEER NIE," AANVAAR. EEN VAN DIE HOOF ONDERWERPE VAN DIE WKG VANDAG, IS HOE DIE KERK IN DIE VERLEDE, PROFESIE HEELTEMAL TE VEEL BENADRUK HET. HULLE NEEM NOU 'N "JULLE MAG NIE PROFETEER NIE," HOUDING IN. (Nog 'n manier hoe mnr. Armstrong afgetakel word). "Julle mag nie profeteer nie," is nog 'n manier om te sê, "JULLE MOET NIE PROFETEER SOOS WAT MNR. ARMSTRONG DIT IN DIE VERLEDE GEDOEN HET NIE!" Die "julle mag nie profeteer nie" gesindheid, beteken dat daar 'n tyd was, toe die WKG 'n kragtige profetiese boodskap gehad het. Dit is egter nie meer die geval nie. Tans is dit feitlik die teenoorgestelde van die wyse waarop geprofeteer was tydens mnr. Armstrong se leierskap.

"En die draak was vertoornd op die vrou, en het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou" (Openbaring 12:17). Hier word van God se Kerk aan die einde van die eindtyd gepraat. God het hulle werk in twee verdeel: Eerstens, onderhou hulle die gebooie en tweedens, hulle het die "getuienis van Jesus," wat die "gees van die profesie is" (Openbaring 19:10).

Onthou die Laodiceërs is "louwarm." Hulle is teen God in opstand. Hulle *veroorsaak* "dat baie deur hul onderrig struikel" en hulle laat na om die gebooie van God te onderhou (Maleági 2:8). Daarby, "het" hulle die gees van profesie, wat deur mnr. Armstrong aan hulle gegee was. Maar hulle preek nie IN die gees van profesie nie! Hulle HET dit net! Die Laodiceërs hou aan om te sê, "moenie profeteer nie," of "moet nie profeteer, soos wat ons in die verlede gedoen het nie" (Amos 2:11-12). Nou moet hulle sê "moenie profeteer nie" omdat die WKG SO 'N STERK

PROFETIESE BOODSKAP GEHAD HET TERWYL MNR. ARMSTRONG GELEWE HET! Hierdie gesindheid van "moenie profeteer nie," is 'n *besondere* groot verandering in die WKG se leerstellings.

God beskou hierdie ontsaglike verandering as 'n ERNSTIGE SONDE! God wil hê dat sy Kerk van die naderende wêreldsmart, asook die wederkoms van Jesus Christus en die wonderlike Wêreld van Môre, wat op hande is, moet profeteer!


Onthou dat die aangewese tyd vir hierdie profesie omtrent die Kerk van die Laodicense wat nie profeteer nie, HEEL TEEN DIE EINDE is. Gaan asseblief terug en lees mnr. Armstrong se briewe en artikels wat hy oor profesie geskryf het en vergelyk dit met wat die WKG leiers vandag, daaroor te sê het. Dit is 'n skokkende teenstelling! Dan sal jy sien dat die PROFESIE VAN AMOS VOOR ONS OË VERVUL WORD? Hierdie benadering van "moenie profeteer nie" VOER TANS DIE BOTOON IN DIE KERK VAN DIE LAODICENSE.

Dit vervul nie God se opdrag om die wêreld te waarsku nie! Is Amos se profesie van toepassing op dr. Hoeh se opmerking dat die WKG louwarm is? Natuurlik is dit so. Die WKG leiers wil nie hê dat daardie waarheid verkondig moet word nie.

ONS LERAARS, MOET NIE VIR 'N GEES VAN "MOET NIE PROFETEER NIE," SWIG NIE. Indien ons getrou ons kant bring, sal God se boodskap nie onderdruk word nie! Sou ons egter onder die druk swig, sal ons geestelik dronk word van die "wyn" van misleiding en sodoende ons geestelike onderskeidingsvermoë kwyt wees. Per slot van rekening praat ons van God se Kerk—*nie* van 'n mens nie. God, het nog NOOIT 'n gees van kompromie ondersteun nie.

God sê, wanneer 'n *gevestigde* bediening, nalaat om berou te hê en sy werk te doen, SAL PROFETE OPSTAAN! (Amos 2:11-12; 3:7-8). GOD SE MENSE MOET DIE WAARHEID ONTVANG SODAT HULLE KAN KIES! Hulle moet 'n keuse hê! (Deuteronómium 30:19-20). Dit is God se weg.

Want die Here, HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie" (Amos 3:7). PROFETE VERSKYN OP DIE TONEEL IN 'N KRISIS TYD (in hierdie geval, beide 'n Kerk- en wêreldkrisis). "Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here HERE het gespreek, wie sal nie profeteer




**'N ANDER EVANGELIE** Soos wat die WKG se boodskap al hoe minder profeties geword het, het boeke soos dié, uitgedien geraak in daardie kerk.

nie" (vers 8). Profete of onderdanige leiers GAAN REAGEER OP DAARDIE VREESAANJAENDE, BRULLENDE WAARSKUWING! "Wie sal nie vrees nie?" (Sien ook Maleági 1:6; 2:4-6).

Paulus sê "Wee my as ek die evangelie nie verkondig nie!" (1 Korinthiërs 9:16). Hy het die "leeu" gevrees! Indien ons nalaat om die waarheid wat God openbaar, te verkondig, openbaar ons 'n gevaarlike gebrek aan goddelike vrees—vrees mense eerder as vir God. PROFETE PRAAT REGUIT EN HARD, WANNEER HULLE GESÊ WORD DAT HULLE "NIE MOET PROFETEER NIE!" Hulle luister vir God—nie vir 'n mens nie. So moet ons.

DIE GEHEIME VAN GOD WORD NIE LANGER AAN DIE LAODICEËRS GEGEE NIE. Hul leiers is in OPSTAND teen dit wat Christus deur mnr. Armstrong, geleer het. God sal nooit sy *geheime* aan diegene, wat teen sy *regering* in opstand is, *toevertrou* nie!

Fisiese en geestelike Israel gaan 'n krisis tegemoet, wat hulle nie naastenby kan begryp nie (net soos ander eras in Openbaring 2 en 3 ondervind het).

God praat van 'n "basuin" wat geblaas moet word (Amos 3:6; Eségiël 33:6; Jesaja 58:1). Dit is presies wat die WKG *nie* vandag doen nie (Amos 2:11-12). Mnr. Tkach sê dat die wêreld nie die boodskap soos wat mnr. Armstrong dit op televisie verkondig het, kan aanvaar nie.

Dit is egter nie hoe Amos sy roeping beskou het nie. Hy het as 'n "veewagter en die kweker van wildevyebome" 'n vreedsame lewe gelei (Amos 7:14). Dit is baie waarskynlik, dat hy nie hierdie vreedsame bestaan sou wou verlaat nie. God het hom egter "geroep om te sterf" (soos wat een uitleg, van al die profete sê). Hy was opgedra om 'n BASUIN te blaas en Israel te waarsku (wat 'n tipe van ons werk vandag is, Amos 7:10-17).

Tradisie sê dat hy deur Amásia, die hoëpriester, of die koning gedood is. Die wêreld, wou egter ook nie sy boodskap—vir baie lank aanvaar nie. Tog het Amos steeds die basuin bly blaas totdat hulle hom om die lewe gebring het. Dit is baie ver verwyder van die swak boodskap wat die WKG vandag uitstuur.

Vandag, word die basuin deur die FKG geblaas. Sou u graag op die poslys vir ons maandelikse uitgawe van die *"Philadelphia Trumpet"* geplaas wil word, moet u asseblief met ons by die adres en telefoonnommer, wat aan die einde van hierdie boekie verskyn, in verbinding tree en 'n gratis subskripsie aanvra. Ons gee God se profetiese oorsig van huidige gebeurtenisse op dieselfde wyse as wat die *"Plain Truth"* dit voorheen gedoen het. Alle navrae word vertroulik behandel.

## *DIE BOEK VAN OPENBARING WORD UITEINDELIK GEOPENBAAR*

In die November/Desember 1986 *"Plain Truth"* artikel, *"Four Horsemen of the Apocalypse,"* skryf David Hulme: "Wanneer ons hierdie [6de] hoofstuk in Openbaring en Matthéüs 24, langs mekaar plaas en toelaat dat die Bybel sy eie simbole vertolk, kan ons sien dat hierdie ruiters daardie tekens verteenwoordig wat Christus gesê het, die 'begin van smarte' is—die tyd wat sy wederkoms voorafgaan.

Dit is iets wat u onder oë moet sien, daarna moet u WEET HOE OM DIT TE ONTVLUG. Jesus het gesê dat dit moontlik was om te kwalifiseer om dit wat aan die kom was, te ontvlug.

In Lukas 21:36, lees ons: 'Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan.'

Hier is 'n WAARSKUWING om waaksaam te wees, om wêreldaangeleenthede dop te hou en om die REGTE KEUSES TE BEGIN MAAK. Ons het 'n boekie, *'The Book of Revelation Revealed at Last,'* wat u sal help om 'n begin te maak. Die era van die mens se verloop van tyd is feitlik verstreke en dit is NOODSAAKLIK DAT U DIE VERSKRIKLIKE TYE WAT VOORLÊ, ONTVLUG. Christus het 'n tyd van beskerming aan almal beloof wat ag sal gee op 'n weg van ONTVLUGTING. Dit is noodsaaklik dat u uitvind hoe.

'*The Book of Revelation Revealed at Last*' sal help om die bedoeling van hierdie profesieë, wat in die begin so moeilik blyk te wees, te verstaan" (klem myne).

Daardie aanhaling is bykans een jaar na mnr. Armstrong se afsterwe, gemaak. Hierdie boekie is ook nou afgeskaf. DIT IS JUIS NOU UITERS NODIG. Indien u nog oor 'n eksemplaar beskik, lees dit weer en oordeel self. Mnr. Armstrong het nie tot aan die einde van hierdie era geleef soos wat hy gedink het, hy sou nie. (So korrigeer daardie klein foutjie in die boekie). NOG NOOIT WAS 'N BOEKIE SE BOODSKAP MEER DRINGEND NODIG NIE. Christus het nie aangedui wanneer die einde *presies* sal plaasvind nie, nogtans het Hy gesê, dat dit die geveinsdes is wat "nie die tekens van die tye kan onderskei nie" (Matthéüs 16:3).

In daardie boekie het mnr. Armstrong aangedui hoedat Christus persoonlik, die WÊRELD VAN 'N DREIGENDE, GROOT SLAGTING waarsku! Daardie waarskuwende boodskap is 'n bestandeel wat jammerlik, vandag by die WKG ontbreek. Mnr. Armstrong was bewus dat die Kerk geroep is om die wêreld te WAARSKU. Tans is die WKG besig om van daardie verantwoordelikheid, weg te beweeg! Die huidige boodskap is geensins 'n kragtige waarskuwing nie! *"The Book of Revelation Revealed at Last" IS* 'n kragtige waarskuwing. Dit is *waarom* hierdie boekie afgeskaf was!

## *NOG 'N VERNAME BOEK, GESTAAK*

*Die Verenigde State en Brittanje in Profesie* was die boek in die WKG, wat die meeste aangevra was. Dit beteken dat dit waarskynlik die WKG, meer as enige ander boek wat ooit gedruk was, gebou het!

Lees wat mnr. Armstrong oor hierdie boek gesê het: "Die een sentrale sleutel ten opsigte van profesie in sy geheel, is die identiteit van die Verenigde State en die Britse volke, in hierdie profesieë vir vandag se tyd!.

DIE MEES BELANGRIKE SLEUTEL IS GEVIND!

Daardie sleutel is die kennis van die verbasende identiteit van die Amerikaners en die Britte—sowel as die Duitsers—in bybelse profesieë. HIERDIE VERBASENDE IDENTITEITSOPENBARING IS DIE STERKSTE BEWYS VAN DIE INSPIRASIE EN GESAG VAN DIE BYBEL! TERSELFDERTYD, IS DIT OOK DIE STERKSTE BEWYS VAN 'N BAIE AKTIEWE LEWENDE GOD SE BESTAAN!" *(Die Verenigde State en Brittanje in Profesie,* agtste oplaag, klem myne).

Lees asseblief weer hierdie aanhalings van mnr. Armstrong. Hulle is so diepsinnig. Dan kan u ook beter verstaan waarom SATAN hierdie boek aanval!

Enkele jare gelede het die WKG 'n opname oor *Die Verenigde State en Brittanje in Profesie,* aan die bediening en daarna aan baie van die mense gestuur. Hier is een van die vrae van daardie opname: "In die lig van die opdrag aan die Kerk, om met die evangelie na alle nasies te gaan, is hierdie boekie nie irrelevant, nie?" Die WKG, vra met ander woorde, "Is hierdie boekie vir die evangelie nog relevant?"

'n Groot gedeelte van die boek gaan oor die troon van Dawid, waarop Christus sal sit wanneer Hy kom om hierdie wêreld te regeer. (Lukas 1:31-32). *Niks* kan meer deel van die evangelie, as dit wees nie! Lees hierdie boek—dit is gevul met die evangelie.

HIERDIE IS NOG NET 'N VERDERE TEKEN, DAT DIE WKG 'N "ANDER EVANGELIE" VERKONDIG!

'n Vorige Assistent-direkteur vir Publieke Aangeleenthede, in die WKG, Michael Snyder, het gesê, dat die boek as blote "spekulasie geklassifiseer" kan word en permanent onttrek kan word, wat dan ook gebeur het. *Die Verenigde State en Brittanje*

*in Profesie* is uit sirkulasie onttrek—PERMANENT! Hulle het die boek inderdaad as spekulasie geklassifiseer.

"*The Watchman Expositor,*" 'n koerant wat deur die "*Watchman Fellowship*" uitgegee word, het in 1991 van *Die Verenigde State en Britttanje in Profesie,* die volgende geskryf: "Brits- Israeliese verwantskap, was nog altyd, 'n teorie sonder geloofwaardige bewyse. Tans word dit deur die *Wêreldwye Kerk van God*, hersien en sal vermoedelik gewysig word, indien nie afgewys word nie. HIERDIE LEERSTELLING IS DIE LAASTE OORBLYFSEL VAN HERBERT W. ARMSTRONG SE NALATENSKAP AS 'N VALSE PROFEET. Sal die huidige president, Joseph Tkach die moed hê, om dit soos hy met *Geheimenis Van die Eeue* gedoen het, terug te trek?" (Volume 8; klem myne).

Die huidige leiers van die WKG werk sedert 1989 saam met hierdie Protestantse groep, om die sekte status van die WKG te verwyder. Die *"Expositor"* glo, dat indien *Die Verenigde State en Brittanje in Profesie* verwyder word, dit die "LAASTE OORBLYFSEL VAN HERBERT W. ARMSTRONG SE NALATENSKAP AS 'N VALSE PROFEET" SAL VERWYDER! Hoe kon die WKG se leiers so intiem met so 'n groep saamwerk? Dink die WKG se leiers ook dat mnr. Armstrong 'n valse profeet was? Hul *dade* bevestig dat hulle wel dink dat mnr. Armstrong 'n valse profeet was. Ons moet oplet wat hulle besig is om *te doen*.

Die *"Expositor"* groep sien, dat die WKG LEIERS FEITLIK DIE GRONDLEGGING VAN ALLES WAT MNR. ARMSTRONG GELEER HET, VERNIETIG HET!

Hoeveel van die WKG LIDMATE sien dit?

Michael Snyder het die volgende aan die "*Watchman Fellowship*" gesê: "Met respek lê ek aan julle voor, dat indien die '*Watchman Fellowship*' die *Wêreldwye Kerk van God* wil help om in genade en kennis te groei, kan dit gedoen word deur inligting wat ter sake is, te druk" (ibid, klem myne).

Michael Snyder vra protestante, wat glo dat mnr. Armstrong 'n *leuenagtige valse profeet* was, "OM DIE *WÊRELDWYE KERK VAN GOD* TE HELP OM IN GENADE EN KENNIS TE GROEI!"

Hoe uiters laakbaar! GEEN WONDER DAT GOD HULLE UIT SY MOND UITSPOEG NIE!

"Dit is ongelooflik, dat te midde van hierdie leerstellingsverwarring, die *Wêreldwye Kerk van God* dit as 'n 'verdraaiing' beskou, om Herbert W. Armstrong, hul stigter, as 'n woordvoerder van hul huidige lidmate se geloofsoortuigings, aan te haal" (ibid).

*Glo jy daardie woorde?* WAT 'N SKOKKENDE VERRAAD! Mnr. Armstrong mag nie langer AS 'N WOORDVOERDER VAN DIE WKG AANGEHAAL WORD NIE! Die *"Watchman Expositor"*, sien dit. Sien die WKG lidmate dit?

Daarom is *Die Verenigde State en Brittanje in Profesie* en ander leerstellings van mnr. Armstrong opgesê. Die WKG vertel die *"Watchman Expositor,"* die waarheid oor hul menings van mnr. Armstrong, terwyl hulle 'n totaal ander weergawe aan hulle eie lidmate voorhou! WAT 'N DUIWELSE HUIGELARY! Dit is die 2 Thessalonicense 2 VERRAAD. Een man "word uit die weggeruim," dan word hy en Christus deur "die seun van die verderf," verraai! Nog, 'n Judas Iskáriot tipe verraad!

"En skryf aan die engel van die gemeentes in Filadelfia: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die SLEUTEL VAN DAWID het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie: Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie" (Openbaring 3:7-8). Hierdie "Sleutel van Dawid" draai hoofsaaklik om die kennis wat God aan sy Kerk in *Die Verenigde State en Brittanje in Profesie,* gegee het (indien u nie een het nie, vra dan 'n gratis eksemplaar, aan). Die "geopende deur" was die evangelie wat aan die wêreld verkondig is. Nie een van hierdie twee bestandele, is teenwoordig by die Kerk van die Laodicense nie (Openbaring 3:14-20). Die Laodiceërs is "blind,"—net soos wat God gesê het, hulle sal wees! Naas die Bybel, is *Die Verenigde State en Brittanje in Profesie,* moontlik die mees uitmuntende boek wat ooit ten opsigte van profesie geskryf was! Die WKG leiers val nie net 'n boek aan nie—hulle val God se WAARHEID aan, soos wat deur mnr. Armstrong geleer was.

## *'N OPDRAG VIR DIE WÊRELD*

Lees nou wat Joe Tkach, junior, in *"Reviews You Can Use,"* (September-Oktober 1989) geskryf het: "God se Kerk het 'n werk om te doen, 'n opdrag—om die Evangelie te verkondig en om diegene wat glo, te leer (Matthéüs 28:19-20). Wat is die opdrag aan die lidmate? Lidmate is nie net vir hulle eie heil geroep nie, hulle is ook geroep om die werk van die Kerk te ondersteun." Let op dat hy na Matthéüs 28:19-20 verwys, as die opdrag aan die Kerk.

In die *"World Tomorrow"* se spesiale huldeblyk program vir mnr. Armstrong, net na sy afsterwe, het hulle gesê, "Hierdie is die opdrag wat Jesus Christus aan sy Kerk gegee het, om die evangelie van die Koninkryk te verkondig…" Op daardie punt is "MATTHÉÜS 24:14" op die skerm vertoon.

Wanneer mnr. Armstrong 'n Skrifgedeelte, gebruik het om die Kerk se opdrag te omskryf, het hy gewoonlik na Matthéüs 24:14 verwys—nie na Matthéüs 28:19-20 nie. "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom" (Matthéüs 24:14). *Hoekom* nou, die verandering? Wat terloops, niemand in die WKG nog werklik verduidelik het nie. Verder bestaan daar nie 'n bybelse grondslag vir so 'n verandering nie.

U moet verstaan, soos wat mnr. Armstrong beslis verstaan het, dat Matthéüs 28:19-20 nie *ten volle* die Kerk se opdrag vir die wêreld, omskryf nie. Dit sluit nie 'n *waarskuwing* ten opsigte van die einde in nie, terwyl Matthéüs 24:14 die evangelie en die "einde" bespreek. Die *konteks* vertel ons dat die Kerk hierdie wêreld, moet WAARSKU oor wat *net* voor—en net *na* die wederkoms van Jesus Christus gaan gebeur. Matthéüs 24 in sy geheel, gaan oor die komende Koninkryk van God—en die verskriklike kernverwoesting, wat dit voorafgaan. Sonder 'n kragtige waarskuwing hieroor, bly die Kerk in gebreke om sy opdrag uit te voer.

Die WKG leiers het *"The Book Revelation Unveiled at Last"* gestaak. Hoekom? OMDAT DIE WAARSKUWING, TE KRAGTIG

WAS. Dit is die enigste rede daarvoor. Lees dit en oordeel self. Die waarskuwing MOET KRAGTIG WEES, om die boodskap doeltreffend oor te dra!

Die WKG het $100,000 aan die Orkaan Hugo fonds, en $100,000 aan die San Francisco aardbewingfonds, asook ander soortgelyke bydraes, geskenk. (Hulle sê egter dat hulle nie kan bekostig om *Geheimenis Van die* Eeue te druk nie). Die Kerk se *werklike opdrag* van Christus is, dat aardbewings gaan toeneem (Matthéüs 24:7, 14). God se geld sal baie doeltreffender spandeer word deur die wêreld in te lig, waarom hierdie rampe gebeur—die oorsaak daarvan. God se bevel aan die Kerk: "moet jy hulle van my kant waarsku" (Eségiël 3:17). Verder sê God, dat indien hulle nie gewaarsku word nie, die bediening aan hulle bloed skuldig sal wees (Eségiël 33:1-7, 11). Dit beteken dat die WKG en ander Laodicese groepe, saam met die wêreld in die Verdrukking gedompel sal word—omdat die wêreld se bloed op hul hoofde is.

Die hele boek van Eségiël, wat hoofsaaklik op die tyd van die einde van toepassing is, gaan oor 'n WAG WAT ISRAEL van hul naderende dood waarsku—tensy hulle tot bekering kom.

Het die WKG vergeet HOEKOM DIE KERK BESTAAN? 'n Groot gedeelte van die Kerk se opdrag, is om te WAARSKU (ons groei in karakter deur ons lewens aan God te wei, terwyl die wêreld gewaarsku word). Het die WKG vergeet dat God se Werk 'N BASUIN-BLASENDE WERK IS?

Hierdie is nog 'n wyse waarop Pasadena se leiers in mnr. Armstrong se voetspore behoort te volg. God gaan hierdie nasie met rampe vernietig—indien hulle nie tot bekering kom nie. Rampe gaan toeneem en geld van die WKG sal nie eers 'n duik maak nie. OOK MAG HULLE VIND, DAT HULLE GOD SE KORREKTIEWE SWAARD VERSTOMP! DIE KERK SE WAARSKUWENDE BOODSKAP IS ISRAEL SE ENIGSTE HOOP OM DIE VERDRUKKING VRY TE SPRING! Hul *enigste* hoop.

Die WKG kan nie vir baie langer voortgaan met ramp skenkings nie. Let maar op, rampe gaan hierdie nasie OORWELDIG. Kyk maar net wat het in die Verenigde State, sedert die San Francisco aardbewing gebeur. Gedurende 1992,

het oproerigheid in Los Angeles, van die ergste graad in die Verenigde State van Amerika se geskiedenis, plaasgevind. In dieselfde jaar het Orkaan Andrew 14 mense gedood en skade van $16 biljoen veroorsaak. In 1993, het die Midwes Verenigde State vloede ervaar terwyl die Ooskus deur droogte geteister was. Later, die jaar, het Kalifornië die ergste vure in die geskiedenis, belewe. Die jaar, 1994, het begin met die Northridge aardbewing in Suid Kalifornië, waar meer as 50 mense, gedood en 20,000 dakloos gelaat was. In 1995, het die ergste plaaslike terreur aanval in Amerikaanse geskiedenis, in Oklahoma City plaasgevind, waar meer as 160 mense tydens die bomontploffing in die Alfred P. Murray Federale Gebou, gedood was.

DAAR IS NIE WERKLIK HOOP DAARIN OM HIERDIE SKENKINGS TE GEE NIE, TERWYL DAAR IN GOD SE WAARSKUWENDE BOODSKAP HOOP IS! Die koste van die 1989 San Francisco aardbewing het biljoene beloop. Hoe het die Verenigde State, (die grootste, *skuldenaar-nasie* ter wêreld), die herstel van hierdie ramp gefinansier? Deur skatkis obligasies aan die Japanese (die grootste *krediteur-nasie*, ter wêreld) te verkoop. Die Verenigde State kan nie eers hul eie rampe finansier nie. Sou die WKG se skenking van $100,000 nie beter benut gewees het, indien hulle dit op ‘n spesiale boekie of artikel spandeer het wat die redes WAAROM, HIERDIE HELE NASIE OP DIE RANT VAN ‘N FINANSIËLE AARDBEWING STAAN; *openbaar nie?* Die ergste in mense heugenis! *Is hulle besig om die berisping en kastyding wat God aan hierdie wêreld stuur, te probeer bedek?*

So baie profesieë word tans vervul—en die WKG leiers ignoreer dit. Dit is ‘n ander manier waarop die leiers in Pasadena sê "My heer talm om te kom" (Matthéüs 24:48). Hierdie vers vorm ook deel van die Matthéüs 24 waarskuwing.

Mnr. Armstrong het God vir meer as 50 jaar gedien en die Kerk oor baie jare geleer oor ons opdrag vir die wêreld. Nogtans, kom die WKG leiers en verander hulle met *verwaandheid* dit wat God deur mnr. Armstrong aan die Kerk geleer het. Daar is sommige leraars wat selfs ontken dat enige veranderinge aangebring is! Op die minste, behoort hulle die massiewe

herstrukturering van hul opdrag, te erken. Waar is hulle GODDELIKE VREES? Lees Matthéüs 24 in geheel en sien wat die opdrag van die Kerk, *werklik* is.

Kyk in Openbaring 2 en 3 na die geskiedenis van die eras van God se Kerk. Hul grootste probleme was dat hulle hul eerste liefde verloor het, immoreel geword het en 'n kompromie met die wêreld aangegaan het. Terselfdertyd het hulle ook dit wat die Kerk in die verlede geleer het, onder verdenking gebring. Sommiges het ook nie die wil gehad om die WÊRELD TE WAARSKU nie! Dit is waarom die evangelie—en die *waarskuwing* daaraan verbonde—nie aan die wêreld verkondig was, totdat mnr. Armstrong op die toneel verskyn het nie!

Die mense van God moet wakker word vir die RADIKALE en GEVAARLIKE veranderings wat in die WKG aangebring word. Die WKG leiers het gesê dat hul lidmate "die werk van die Kerk, moet ondersteun." Hoe dit ookal sy, INDIEN HULLE DIE *VERKEERDE* WERK ONDERSTEUN, IS DIE GEVOLGE NOODLOTTIG!

# 8

# Kerkverdeeldheid

JOSUA WAS SERUBBÁBEL SE HOOF ASSISTENT. Beide hierdie twee mense is eindtyd-tipes, wat net voor Christus se wederkoms, saamwerk. Die Josua tipe van Sagaría, hoofstuk 3, het in opstand gekom en "die dag van klein dinge, verag." Hy het weggedraai van die dinge wat Serubbábel (mnr. Armstrong) gebou het. Dit is hoe Satan hom in die hande gekry het (Sagaría 3:1).

Die "mens van sonde" regeer tans in God se tempel (of Kerk) en verwerp die opdragte van die verlede, van "hom" wat "uit die weggeruim is" (2 Thessalonicense 2). Beide Josua en die "man van sonde" lei vandag, in ons tyd, 'n soort van Judas-tipe verraad.

'n Eindtyd onwettige Josua en die "mens van sonde," regeer tans in God se Kerk, net voor Christus se wederkoms (Sagaría 3:8; 2 Thessalonicense 2:1-3). Beide van hulle draai weg van vorige opdragte en beide van hulle dra vuil klere. Beide se vernaamste probleem is; hul versuim om hulle aan CHRISTUS SE REGERING te onderwerp.

In Maleági 2, word opregte leraars as "verraderlik" teenoor die vrou, of Kerk, van hul jeug, bespreek—die Kerk wat Christus deur "Elía" gebou het. Hierdie onderwerp is ook een van *verraad*. God se leraars word afvallig van "Elía" en daardie dinge wat hy herstel het (Maleági 4:4-6; Matthéüs 17:10-11)—net

soos die verhaal in Sagaría 3 en 4 en 2 Thessalonicense 2. Die tydstip van hierdie verraad is *net voor* Christus se wederkoms.

Openbaring 3:7-22, bespreek twee eras—net soos wat Sagaría 4 dit doen. Die laaste era word afvallig van die Filadelfiese standaard—weg van die "Elía" wat "alle dinge herstel het" (Matthéüs 17:10-11) en die Elía wat die Familie van God gebou het (Maleági 4:5-6), presies soos wat Josua se eindtyd era, weg van die Serubbábel standaard, beweeg het.

Al hierdie vername profesieë, vertel almal dieselfde storie. God gebruik hulle nou om ons *geloof* te toets. Mnr. Armstrong het talle kere herhaal, dat aan die "stam van die boom," vasgeklou moet word. In al hierdie vername eindtyd profesieë, sien ons dat 'n Kerk van die Laodicense, van die "stam van die boom," wegbeweeg.

## *WAT IS DIE "BANVLOEK?"*

"Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die Here aanbreek. En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die *banvloek* tref nie" (Maleági 4:5-6).

Wie word vervloek? Hierdie is 'n banvloek wat "algehele vernietiging" beteken. In die verlede was dit toegepas op die "algehele vernietiging" op al die inwoners van die Aarde. Dit is nie wat dit beteken nie! Die boodskap van Maleági was nie aan die volk van Israel of die wêreld gestuur nie. Die onderwerp is hoofsaaklik die *bediening* van God (Maleági 1:6; 2:1; 3:3). God prys sommige leraars (en mense) in hierdie boek en sê ander leraars (en mense) is vervloek.

Die woord "aarde," beteken hier ook die "inwoners van 'n gebied" (sien Jesaja 11:4 en 26:18 waar dieselfde woord "aarde," gebruik word). Die *samehang* openbaar dat die *inwoners* wat hier bespreek word, *in* die Kerk is. En hulle is oor die hele *aarde* versprei. Maleági bespreek hier die ondergang van die GETROUE LERAARS (en hul volgelinge) wat in gebreke bly om hul afvalligheid van God se vroeëre geopenbaarde waarheid,

te belei—en dit is hierdie *inwoners* wat met die banvloek getref sal word. DIE UITERSTE BANVLOEK IS OM JOU EWIGE LEWE TE VERBEUR—"algehele vernietiging." 'N VERLIES VAN EWIGE LEWE! Maleági 4:6, bespreek God se mense wat hulle na God wend en 'n goddelike familie van bekeerlinge bou. Hy sê verder dat diegene—selfs bekeerdes wat nalaat om dit te doen—is die *inwoners* wat vervloek sal word!

Hoofsaak, waaroor God hier praat, is DIE VERNIETIGING VAN DIE INWONERS VAN SY KERK, WAT WEIER OM 'N FAMILIE RONDOM GOD SE "ELÍA" EN GOD SE OPDRAGTE TE BOU! Mnr. Armstrong was in hierdie Werk, deur God vir 57 jaar, gelei. Òf, ons bou ons lewens om die "Elía" Familie, òf ons verloor alles.

Tans sien ons Laodicese leiers, wat al verder van God, wegbeweeg en afstuur op die Groot Verdrukking. God gaan nie aanvaar, dat hulle wegdraai van dit wat hulle oor so baie jare geleer het, sonder om hulle daarvoor te straf nie. Hulle kan nie maar "verraderlik teenoor die vrou van jou jeug" wees en verwag om God se felle tugtiging te ontvlug nie.

Twee afsonderlike Kerke word hier bespreek. Die Filadelfiërs gaan na 'n plek van veiligheid. Dit wil voorkom asof 50 persent van die Laodiceërs gedurende die Verdrukking berouvol sal wees (Matthéüs 25:1-10). Die Laodiceërs moet, *voor* "DIE GROOT EN VERSKRIKLIKE DAG VAN DIE HERE," berou hê of hul behoudenis, is verlore!

God gaan elkeen van ons dwing om gewigtige besluite te neem ten opsigte van dit wat ons geleer het! Ons ewige lewe hang in die weegskaal!

Dit is die banvloek van "absolute vernietiging" waarvan God praat. "*Thayers Lexicon*" sê die banvloek is, "alles wat aan absolute vernietiging, toegewy word," (sien Sagaría 14:11 en 1 Konings 20:42, waar dieselfde uitdrukking gebruik word).

Selfs die samehang van Maleági 4 (verse 1-3), is oor diegene wat hul verlossing verbeur ("geen wortel of tak," bly oor nie) en diegene wat die Koninkryk van God binnegaan (vers 2). Maleági 4 is NIE oor mense wat hul *fisiese* lewe verloor nie! Dit gaan ook NIE daaroor dat God, weens die probleme in sy Kerk, alle mense op die aarde dood nie.

Leiers in die wkg is tans besig om God se mense na hul ewige dood te lei! Indien ons in God se Koninkryk wil wees, moet ons—òf *nou* òf in die Verdrukking berou hê. Vandag lewe daar nie 'n "Elía" om, weereens die wkg, op die "regte spoor" te bring nie. Hy het gekom en gegaan. So, God stuur aan sy mense—diegene wat hul rug op die Elía werk keer—hierdie verskriklike waarskuwing van hoe gevaarlik naby hulle is, om hul ewige heerlikheid te verloor!

Diegene wat hul rug op die "Elía" voorbeeld en sy opdragte keer, gaan 'n verbysterende koste moet betaal! God se mense beskik oor gevaarlike kennis—selfs meer so, wanneer hulle in die bediening is (Jakobus 3:1).

Wanneer God sê "onthou" in Maleági 4:4 is dit 'n waarskuwing—'n *verskriklike* waarskuwing! Dit is presies, waarop 2 Thessalonicense 2:10 betrekking het—sommige word gered, terwyl ander *HULLE EWIGE LEWE VERLOOR!*

Hoekom lees die Jode altyd vers 5 van Maleági 4, weer na vers 6? Want Maleági het heelwaarskynlik die aakligste einde in die hele Bybel. Die Jode hou nie daarvan om die kleinere profete op so 'n hardvogtige noot te eindig nie.

As dit dan so hardvogtig is vir die Jode, hoeveel te meer, nie vir die Kerk nie—die einste mense tot wie hierdie waarskuwing gerig word? Alleenlik God se mense kan die ysige verskrikking van so 'n einde, begryp! Dis nie 'n *speletjie* nie. Ons leier is Jesus Christus wat steeds met groot outoriteit lei.

Onthou, die boek Maleági, is in die allereerste plek aan die bediening gerig (Maleági 2:1). Wanneer leraars 'n kompromie met God se waarheid tref, het hul boodskappe al minder en minder impak. Hulle merk dit moontlik nie eens op nie. Dit is egter 'n baie *gevaarlike* rigting waarin hulle beweeg. Die leraars is egter meer geneig om hul saligheid te verloor, sou hulle afvallig word van "Elía" se opdragte en versuim om daaroor berou te hê. Hulle *weet* van beter—vernaamlik na die 70's se gebeure.

Jesus Christus gee 'n skrikaanjaende *streng* waarskuwing aan sy Kerk. Heelwaarskynlik die mees ongenaakbare waarskuwing in die Bybel! Wat kan ernstiger wees as dit?

Kom ons kyk na 'n ander gekodifiseerde boodskap wat dieselfde storie vertel.

## *FAMILIE VERDEELDHEID*

"Ek het julle liefgehad, sê die HERE. Nogtans vra julle: Waarin het U ons liefgehad? Is Esau nie die broer van Jakob nie? spreek die HERE. Tog het Ek Jakob liefgehad, maar Esau het Ek gehaat en sy gebergte 'n wildernis gemaak en sy erfdeel aan die jakkalse van die woestyn prysgegee" (Maleági 1:2-3). Waarom Jakob en Esau? Hulle was broers met 'n lang geskiedenis van oorlog met mekaar. Sou ons dit op die Kerk van toepassing maak, sien ons dat God ons daarop wys dat die vernaamste probleem, FAMILIE VERDEELDHEID is. Dit is die vernaamste probleem wat Maleági aanval. SY BOODSKAP IS NIE VIR DIE WÊRELD NIE. DIT IS VIR DIE VERDEELDE KERK VAN GOD VANDAG, wat nou nog vinniger verdeeld raak.

Wanneer ons kyk, na 'n ander eindtyd profeet wat van Esau praat, word 'n gesindheid geopenbaar. Esau se HOOGMOED het hom *bedrieg* (Obadja 3). Dit is ook hierdie *hoogmoed* wat leraars in so 'n mate verlei, dat hulle mnr. Armstrong se opdragte, verwaand opsystoot. Hulle *hovaardigheid* is besig om hulle ook te verlei. Soveel so dat hulle baie van God se kosbare waarheid en sy *regering* verwerp.

Net die gedagte, om sommige van die besluite te neem wat die WKG leiers, geneem het, moet ons verskrik. Om *al* mnr. Armstrong se vernaamste boeke te staak, was nie 'n nederige handeling nie! Hierdie leiers word deur hul eie *trots* bedrieg.

"En jou helde sal verskrik wees, o Teman, sodat elkeen deur moord uit die gebergte van Esau uitgeroei sal word. Weens die geweld teen jou broer Jakob gepleeg, sal skande jou bedek, en JY SAL UITGEROEI WORD VIR EWIG" (Obadja 9-10). Dit is 'n streng en ongenaakbare waarskuwing wat aan God se bediening en mense, gegee word. (Dit is dieselfde waarskuwing, as die in Maleági 4:5-6). Esau het met geweld teenoor sy broer Jakob, opgetree. Tans, soos wat WKG leraars verder wegbeweeg van mnr. Armstrong se leerstellings, pleeg hulle ook geweld teen hul geestelike broers (Maleági 2:10).

Esau se einde (wat vir ewig uitgeroei word) is ook vir die bediening ‘n potensiële einde. Dit is waarom hierdie verhaal in die boek van Maleági is! Ons, in die bediening, moet hierdie foute vermy en indien ons dit doen berou hê—of ons sal vir ewig uitgeroei word!

Kon die Laodiceërs regtig na die oppervlak gekom het, indien mnr. Armstrong nog geleef het? Ek bedoel, sodat almal hulle kon sien? Mettertyd sal hulle in staat wees om hulle self te kan sien—vanweë hul *werke*.

Onthou, daar is drie boeke wat regstreeks na die tempel verwys—Haggai en Sagaría het gekom *terwyl* die tempel in aanbou was—en Maleági het gekom *nadat* dit voltooi was. DIE BOEK VAN MALEÁGI GAAN OOR HIERDIE HEDENDAAGSE SOORTGELYKE TYDPERK, WAARIN ONS *NOU* VERKEER!

Dit is waarom die boodskap van Maleági, nou gelewer moet word! Dit is alles ooreenkomstig God se groot meesterplan. God is besig om sy mense te dwing om te KIES!

Maleági het aangeteken wat na “Elía,” se afsterwe sou plaasvind—nadat die “huis” of era, voltooi is (Sagaría 4:9). Wat moontlik die mees hardvogtige waarskuwing in die Bybel kan wees, is hoofsaaklik teen God se leraars en (hul volgelinge) gemik. Diegene wat versuim om met mnr. Armstrong en sy God Familie opdragte te verenig sal nie in God se Koninkryk wees nie! Die feit dat mnr. Armstrong oorlede is, maak geen verskil nie! ONS WORD AANSPREEKLIK GEHOU VIR ELKE WOORD WAT GOD AAN ONS GEGEE HET (Matthéüs 4:4). Òf ons *onthou* wat Christus ons geleer het, òf ons ewige lewens word uitgewis!

Die Laodiceërs gaan die Verdrukking binne, omdat hulle nie “onthou” nie! Hulle verwerp so baie van dit wat “Elía” geleer het, dat hulle “louwarm” geword het (Openbaring 3:15-16). Maleági se boodskap moet afgelewer word. So baie hang in die weegskaal.

## ***“DIE MEESTER”***

God waarsku die Laodiceërs dat hulle besig is om hul vurigheid en ywer te verloor! “Mag die Here van die man wat so iets doen, uitroei hom [die MEESTER—*KJV*] wat roep en hom [die leerling

– *KJV*] wat antwoord gee uit die tente van Jakob, en hom wat 'n offer aan die Here van die leërskare bring" (Maleági 2:12). Die woord "meester" beteken, "vurig, ywerig, gereed te wees, wakker te maak." In Hebreeus beteken die woord letterlik, "een wat verontwaardiging wek." Hulle sal afgesny word, omdat hulle misluk om God se mense tot verontwaardiging te wek.

Lees hierdie kommentaar vanuit die WKG, *Pastoor-generaal se Verslag:* "NUUSSTASIE VRA KERK OOR PROFESIE: AS gevolg van die skouspelagtige nuus, oor die Berlynmuur wat oopgemaak is, het ons onverwags, van 'n nuusstasie in Seattle, 'n telefoonoproep ontvang. Die nuusredakteur was goed bewus van die *'World Tommorrow'* program en die feit dat die Kerk vir langer as 40 jaar, die eenwording van Europa, in een of ander vorm voorspel het. Hy het ons kommentaar oor die lug gevra, of die Kerk glo dat die heropening van die Muur, die begin van die eindtyd se profetiese gebeure is.

Ons het gereageer deur te sê dat dit TE VROEG is om sulke verklarings te maak, maar dat die Bybel duidelik was oor 'n konsortium van 10 nasies in Europa. Ons het ook daarop gewys, dat die geskiedenis aandui dat episodes tot Europese eenwording, vir die wêreld in die verlede, nie baie positief was nie en dat die Kerk sou aanhou om verwante gebeure dop te hou.

Die nuusredakteur was teleurgesteld dat ons nie wou aankondig dat hierdie die absolute begin van die eindtydgebeure was nie, alhoewel dit egter interessant was dat hy gesê het dat dit, wat die Kerk uit die Bybel voorspel het, besonder naby was aan wat aan die gebeur was" (21 November 1989; klem myne).

OPPERVLAKKIGE PROFETIESE BEGRIP soos dié, sal die WKG leiers laat dink dat die gebeure "te vroeg" is, TOT EN MET DIE TYD DAT HULLE IN DIE VERDRUKKING IS EN DIT ONDERVIND! Die WKG se antwoord op die nuusman se versoek, was nie die van 'n "wag" wat praat nie. Daardie leiers het geensins daardie tipe benadering by mnr. Armstrong geleer nie. Kan u uself voorstel dat mnr. Armstrong so iets sou antwoord? Net omdat mnr. Armstrong NIE VOLKOME WAS IN SY BEGRIP VAN PROFESIE NIE (net soos Paulus), gaan hierdie leiers tot kommerwekkende

uiterstes. Met die gevolg dat hulle nie *verontwaardiging* by die mense wek, soos wat 'n "meester" veronderstel is, om dit te doen nie.

Ek, net soos die nuusredakteur, was "teleurgesteld"—nee, ek was *ontsteld*—oor daardie antwoord! Huidiglik, word meer belangrike profesieë, as in die vorige vyftien jaar, voor mnr. Armstrong se afsterwe, vervul—en die WKG PROFETEER MINDER EN MINDER!

Hier volg 'n paar uittreksels van 'n brief wat mnr. Armstrong op 11 November 1985, geskryf het ongeveer 2 maande voordat hy oorlede is; "Maar eers, laat ek vir julle 'n kort oorsig gee van die wêreld waarin JULLE vandag lewe en wat die volgende paar jaar vir JULLE en vir my inhou. Tans lewe ons in 'n tyd van uiterste GEVAAR! Televisiekommentators saai dit uit: Alle getuienis dui daarop—besoedeling, ongekende misdaad en geweld, familielewe wat afgetakel word, morele standaarde in die geutput, terrorisme, plaaslike oorloë in Asië, die Midde-Ooste, Afrika, Suid-Amerika. ALLE tekens dui op die feit dat ons nou in die TYD VAN DIE EINDE, van hierdie beskawing lewe!.

Ons lewe nou in die mees droefgeestige dae van die wêreldgeskiedenis—die werklike EINDTYD, die EINDE van die huidige bose, ongelukkige wêreld vol geweld—net voor Christus se wederkoms.

Ons tyd is nou, KORT en word daagliks, korter! Wêreldprobleme sal toeneem soos wat daar nog NOOIT VANTEVORE WAS NIE en nooit weer sal wees nie. Dan egter, sal Jesus Christus, in al sy bonatuurlike KRAG kom om ons VREDE en WERKLIKE HOOP te bring, uiteindelik!

Ons nader nou vinnig die tyd van die wêreld se ergste KRISIS, wanneer hierdie mensgemaakte beskawing sal verbrokkel en tot niet gaan—en 'n NUWE WÊRELD VAN VREDE EN EWIGE VERLOSSING sal aanbreek met Christus se wederkoms, in MAG en MAJESTEIT! God het bepaal dat hierdie waarskuwende boodskap nou na die hele wêreld moet uitgaan (Matthéüs 24:14).

Hierdie is die boodskap van die wêreld se ENIGSTE en SEKER HOOP! Ons is beslis NOU in die 'TYD VAN DIE EINDE' waar die profeet Daniël sê, 'geeneen van die goddelose mense sal

verstaan nie, maar die verstandiges sal verstaan'" (Daniël 12:10, klem syne).

Niemand in die WKG, praat so vandag nie. *Hoekom?*

Jesus Christus het met *gesag* gepraat. En Hy het met *gesag* deur mnr. Armstrong gepraat. Wie is daar in die WKG, wat vandag met *gesag* praat? Waar is die GESAG VAN CHRISTUS in hulle boodskap? Hoekom so 'n dramatise ommekeer? Die WKG se geskiedenis van die 70's sal hierdie vrae kan beantwoord.

ONS HOOR NIE 'N STEM VAN "VERSKRIKKING EN VREES" OOR JAKOB SE PROBLEME NIE (Jeremia 30:4-9). SOOS WAT HIERDIE NASIE OP 'N KERNSLAGTING AFSTUUR, WORD DIE BOODSKAP VAN DIE WKG SWAKKER EN SWAKKER. God sê, dat daar baie "gerustes in Sion [die Kerk] is" (Amos 6:1). Dit is 'n profesie vir die hedendaagse Kerk van die Laodicense! Op hierdie huidige OOMBLIK!

Nog nooit vantevore was daar 'n meer dringende behoefte vir 'n aangrypende boodskap nie! DIE WKG PROBEER OM DIE WÊRELD TE WEN—NIE OM HULLE TE WAARSKU NIE! Dit gebeur alles presies net soos Maleági geprofeteer het. Niemand sal mnr. Armstrong beskuldig dat hy 'n meester was wat gefaal het om andere aan te spoor nie. Ongelukkig word sy voorbeeld nie vandag nagevolg nie.

In die *Pastoor-generaal se Verslag* van 27 Junie 1989, sê mnr. Tkach, "Is hierdie die tyd van die einde? Ons het alle rede om te glo dat dit so is." Hy het vervolg, "dit wil vir my *voorkom* asof die einde naby is. Dit *wil* voorkom asof wêreldgebeure in daardie rigting beweeg" (klem myne). Huidiglik is die WKG nie eens seker of die einde naby is nie—of dat wêreld gebeure SELFS IN DAARDIE RIGTING BEWEEG NIE!

In die "*Worldwide News,*" van 11 Desember 1989, het mnr. Tkach die volgende in sy "Persoonlike" kolom gesê, "Dink hieroor na: Wat sou julle doen sou daar nog 'n Wêreldoorlog plaasvind en Jesus het nog nie teruggekom nie? Sal julle geloof staande bly?"

Dink daaroor na. Mnr. Tkach sê dat 'n Wêreldoorlog, (dit sal sekerlik 'n KERNOORLOG wees), kan kom en dat dit nog steeds nie die einde van hierdie eeu aandui nie. Hy kan in die

Groot Verdrukking wees—wat 'n kernslagting sal wees—en vermoedelik, *steeds* nog nie seker wees dat Christus besig was om te kom nie! DIT IS NIE DIE WOORDE VAN GOD SE WAG WAT VERONDERSTEL IS OM DIE WÊRELD TE WAARSKU NIE! ENIGE WAG met so 'n mening is "BLIND!" (Eségiël 33:6-7; Openbaring 3:17). Dus Broeders, indien JULLE HOM VOLG IS KERNSLAGTING JUL VOORLAND!

Daar is 'n onmeetlike verskil in die wyse waarop mnr. Armstrong en mnr. Tkach, oor profesie—asook talle ander onderwerpe, onderrig gegee het. Ons moet verstaan *hoekom* dit so is. Ons toekoms in hierdie wêreld en in die toekomstige wêreld is op die spel! Waar is die DRINGENDHEID EN DIE GESAG in die boodskappe van die WKG vandag? Dit is asof die WKG leiers van mening is dat tyd net aangaan en nooit ophou nie en dat hulle nie meer seker is van enigiets nie. Dit is asof hulle "die dag van onheil veraf stel" (Amos 6:3) en indirek deur hul eie woorde en optrede sê, "My heer talm om te kom" (Matthéüs 24:48; 2 Petrus 3:4).

## ***SKRIFVERDRAAIING***

In die "*Worldwide News,*" van 24 Junie 1991, het David Hunsberger 'n artikel getiteld, "Wat die Kerk oor Maleági en sy Boodskap Leer" geskryf. In die artikel, waarsku mnr. Hunsberger WKG lidmate om "versigtig te wees en VALSE LEERMEESTERS WAT DIE KERK VERLAAT HET, te vermy" (1 Timótheüs 4:1-2).

Sê 1 Timótheüs 4:1-2, dat ons "VERSIGTIG MOET WEES OM VALSE LEERMEESTERS *WAT DIE KERK VERLAAT,* TE VERMY?" NEE, HOEGENAAMD NIE!

Lees dit weer, omrede dit 'n growwe verdraaiing van God se Woord is. Die Bybel sê, "dat sommige van DIE GELOOF afvallig sal word"—NIE DIE KERK NIE! Dit is die soort verdraaide redenasie waaraan die WKG tans op massiewe wyse, ly.

Hierdie skrifgedeelte was in verwysing na 2 Thessalonicense 2, gebruik. Die groot fout, is nie die verlating van God se Kerk, soos hulle sê nie. Die onderwerp is "AFVALLIGHEID VAN DIE GELOOF," of die "waarheid"—nooit

die Kerk nie! Daar is 'n definitiewe rede waarom God nie die woord "Kerk" geïnspireer het nie.

Soos vantevore gesê, daar word sewe Kerkeras in Openbaring 2 en 3 genoem—vyf van dié het afgedwaal. Johannes se navolgers is uit die Kerk uitgeskop (3 Johannes 10).

Die WKG sal graag wil hê, dat u moet glo dat 1 Timótheüs 4:1 en 2 Thessalonicense 2:3 en 10, oor Kerkverlating gaan—pleks van dié geloof of dié waarheid. Sodoende kan hulle daardie lidmate behou, wat geestelik slaap en aangaan om hulle tiendes en offers te ontvang.

Verlossing is 'n individuele aangeleentheid tussen *God en uself*—NIE TUSSEN U EN DIE KERK NIE! Satan inspireer hierdie grootskaalse verkeerde aanhalings wat vanuit die WKG kom (Sagaría 3:1; 2 Thessalonicense 2:9). Lidmate in die WKG moet WAKKER WORD, en sien hoe hulle verlossing "tot niet gaan!"

## *"MAG 'N MENS GOD BEROOF?"*

"Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawes. Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie! Bring die hele tiendes na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die Here van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie" (Maleági 3:8-10). Klaarblyklik spreek God die hele nasie van Israel hier aan. Die Kerk is egter *geestelike* Israel. Dus is hierdie boodskap *hoofsaaklik* aan die Kerk gerig. Die *konteks* van hierdie hoofstuk is die REINIGING VAN DIE BEDIENING (vers 3).

"Bring die hele tiende na die skathuis" gee te kenne, dat van die tiendes verkeerd aangewend word, (sien omtrent elke kommentaar) of dat sommige van die tiendes wanbestuur word. Dit bespreek die leraars wat die geld na die skathuis "bring"—of die bevoegdheid het om die besteding of niebesteding, daarvan te bepaal. Vandag verwys dit hoofsaaklik na daardie louwarm leiers wat in beheer is van die tiendes en die offergawes.

Die woord "beroof" is 'n seldsame woord wat net hier en in Spreuke 22:22-23, gebruik word. Die *"Companion Bible"* sê, "het beroof" dit beteken "word bedrieg." Om te bedrieg beteken VERDRAAIING VAN WOORDE—GOD s'n, in hierdie geval. Hulle doen nie wat God hulle opdra om te doen nie. HOEKOM WORD HIERDIE ONDERWERP OOR DIE ONEERLIKE GEBRUIK VAN TIENDES, VIR ONS TANS, SO BEKLEMTOON?

Die nommer een rede op die lys van die *Pastoor-generaal Verslag,* waarom *Geheimenis van die Eeue* gestaak was, was die KOSTE! Dis reg—die KOSTE! Dit is geestelike BEDROG! Hoe kan die WKG bekostig om $200,000 en meer aan verskeie rampverligtingsfondse te skenk en *dan nie* IN STAAT WEES *om God se geïnspireerde woorde te laat druk nie?*

Bedrog is 'n aanduiding van *misbruik* eerder as dat nie genoeg geld ontvang word nie. Onthou, die bediening bedien ook "verontreinigde spyse" (Maleági 1:7). Hoe doen hulle dit? GOD SE TIENDES WORD VERKEERD TOEGEWYS EN BESTEE.

Hier is 'n aanhaling van David Hulme, in die *"Worldwide News,"* van 14 Augustus 1989: "Die *'Ambassador Foundation,'* het deur die OORHANDIGING VAN 'N SKENKING deur die Voorsitter, Joseph W. Tkach, op 18 Julie, hier te London 'n besondere stap vorentoe geneem om internasionale begrip te bevorder.

Mnr. Tkach het die stigting se betrokkenheid gevestig, met die HERBOU VAN DIE *'GLOBE THEATER,'* waar talle van William Shakespeare se toneelstukke vantevore aangebied was.

Verre daarvan dat die *'GLOBE THEATER,'* alleenlik 'n uitvoerende kunste gallery is, sal die nuwe kompleks 'n kulturele sentrum en FASILITEITE VIR LITERÊRE LEERLINGE OM SHAKESPEARE SE WERKE TE BESTUDEER, insluit" (klem myne).

WKG leiers sê dat hulle *nie* die druk van *Geheimenis Van die Eeue kan bekostig nie,* MAAR HULLE KAN BEKOSTIG OM VIR "LITERÊRE LEERLINGE TE *BETAAL* OM SHAKESPEARE SE WERKE TE BESTUDEER?!" Die besluit om die "*Globe Theater*" met befondsing te help is geneem kort nadat die WKG besluit het dat hulle nie met DIE BELANGRIKE WERK VAN GOD SE "ELÍA," kon voortgaan nie. God hou hulle aanspreeklik VIR SULKE VERDRAAIDE PRIORITEITE!

God sê, "Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar SPYS in my huis kan wees…" God wil GEESTELIKE SPYS in sy Kerk hê. Die WKG spandeer duisende dollars om die *"Globe Theater"* te help herbou en die werke van Shakespeare te bevorder. Ongeveer dieselfde tyd het hulle *Geheimenis Van die Eeue*—WAT BAIE KRAGTIGE GEESTELIKE SPYS IS, gestaak! Hulle het AL mnr. Armstrong se vernaamste boeke afgeskaf—WAT SOMMIGE VAN DIE KRAGTIGSTE GEESTELIKE SPYS IS, WAT IN 2000 JAAR VOORTGEBRING IS! Talle kleiner boekies is ook hierby ingesluit.

By herhaling, het lidmate wat vanaf die WKG na die FKG oorkom, gesê dat die WKG lidmate nie geestelik gevoed word nie! God voorsien tiendes sodat sy mense met sterk, geestelike spys gevoed kan word. God se KRAGTIGE Woord word nie meer vanaf die WKG hoofkantoor verkondig nie. God sê die onbehoorlike gebruik van daardie tiendes, is 'n skandelike misdaad.

Ek glo dat ons nou kan begin voel waarom God met uiterste afsku, die Laodiceërs, uit sy mond spuug! HY HET NIE EENS EEN GOEIE DING OM VAN DIE KERK VAN DIE LAODICENSE TE SÊ NIE! Hy sê ook, "Ek ken jou werke " Die Laodiceërs *het* Kerkera werke maar die probleem is, dat dit *nie* goeie werke is nie.

Ons moet die *samehang* van die boek Maleági onthou. Die boodskap handel oor 'n bediening wat die *"naam van God verag"* (Maleági 1:6). Dit gaan oor 'n bediening wat "verontreinigde spys" geestelik bedien (vers 7) en *verraderlik* is, teenoor diegene wat getrou aan God se woord is (Maleági 2:14-16).

Moenie vergeet nie sê God, "dat Ek die seuns van Levi gaan reinig en hulle louter soos goud en soos silwer" (Maleági 3:3). Hier word van die bediening en hul volgelinge gepraat. Dis 'n BAIE ERNSTIGE WAARSKUWING! Goud en silwer word in 'n gloeiende oond gelouter—wat 'n tipe van die GROOT VERDRUKKING is! Ons, in die bediening, het 'n baie gewigtige verantwoordelikheid. Maleági is 'n boek oor die bediening—diegene wat God vrees en dié wat Hom nie vrees nie.

Hoe is dit moontlik, dat daar sulke ernstige bedieningsprobleme is soos dié wat in Maleági 1, 2 en 3

beskryf word en daar nie ook probleme ondervind word met onverstandige besteding van tiendes en offers nie? God gaan hul offers uit sy mond spuug.

## *WARE EVANGELIE EINDIG MET MNR. ARMSTRONG*

"Die hande van Serubbábel het die fondament van hierdie huis gelê, en sy hande sal dit voltooi; dan sal jy weet dat die Here van die leërskare my na julle gestuur het" (Sagaría 4:9). Mnr. Armstrong het al die WKG lidmate vertel dat hy hierdie Serubbábel amp vervul het. Wanneer ons na sy werk kyk—sy "vrugte"—weet ons dat dit die waarheid is.

God het gesê dat hy die bouwerk aan die huis sou "VOLTOOI"—of die Filadelfia era Werk. Indien mnr. Armstrong die bouwerk voltooi het, is dit geprofeteer, dat die wie sou volg, sou wegdraai van dit wat hy gebou het en dit selfs sou afbreek (Sagaría 3).

"En sy dissipels vra Hom en sê: Waarom sê die skrifgeleerdes dan dat Elía eers moet kom? En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dis waar, Elía kom eers en sal alles herstel" (Matthéüs 17:10-11). Beide mnr. Armstrong en mnr. Tkach het erken dat mnr. Armstrong die Elía amp vervul het. Hy het "alle dinge herstel." Wat het daarna gebeur?

"Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf" (2 Thessalonicense 2:3). Wat gebeur het is dat mnr. Armstrong uit die weggeruim is (verse 4-11) en dat die Kerk afvallig geword het, waarna die verkondiging van die evangelie gestaak is. Dit wat deur die WKG in die wêreld verkondig word, is nie meer God se ware evangelie nie.

Na hierdie ramp, is dit net die FKG wat aan die tradisies, of leerstelsels van die verlede—EN DIE WARE EVANGELIE "vashou" (verse 14-15). VERS 14, DUI AAN, DAT DIE EINDTYD WEGVAL, DIÉ VERWERPING VAN GOD SE WARE EVANGELIE SOU WEES. INDIEN ONS DIE "ROEM" WIL VERKRY, MOET ONS AAN, DIE WARE EVANGELIE "VASHOU!"

"En skryf aan die engel van die gemeentes in Filadelfia: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie: Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie" (Openbaring 3:7-8). Dit verwys na die Filadelfia era, wat deur mnr. Armstrong gebou was. Daar was 'n "geopende deur" en die evangelie was rondom die wêreld verkondig (Matthéüs 24:14).

Daarna kom die era van die Laodicense, wat afvallig word en wegdraai, van baie wat gedurende die Filadelfia era verkondig was (Openbaring 3:14-22). Die Laodiceërs het nie 'n "geopende deur" van God nie. Hulle is "ryk en het verryk geword"—wat "uiterlike besittings" beteken. Vanwaar hierdie fisiese rykdom? God sal sekerlik nie 'n louwarm gesindheid seën nie—net die teenoorgestelde

In hoofstukke 1 en 2 van Maleági sien ons dat die leraars "vervloek" is wat "besoedelde spys"—'n *besoedelde* evangelie bedien. Daarby is hulle ook "verraderlik teenoor die vrou [of Kerk] van jou jeug," wat die een is, waarvan mnr. Armstrong aan die hoof gestaan het. Dit beteken dat hulle die ware evangelie verdraai.

Elía moes in die eindtyd kom en 'n vername werk bou (Maleági 4:4-6). Hoe kan die WKG sulke kragtige, eindtyd profesieë ignoreer, WAT TALLE MENSE BEHOORT TE KAN SIEN? God sê dat dié wie so doen moet 'n skrikwekkende straf betaal.

Nou verkondig die WKG 'n "evangelie" OMTRENT CHRISTUS—die Boodskapper—pleks van die BOODSKAP wat Hy verkondig het (Matthéüs 24:5, 12). Daar is geen literatuur wat die kern van Christus se boodskap en die ware evangelie beter opsom, as *Geheimenis Van die Eeue,* wat die WKG gediskrediteer en gestaak het nie.

Die hele wêreld is mislei (Openbaring 12:9). Alleenlik God se Kerk verkondig die ware evangelie. Die WKG het na 'n vals evangelie gedraai. Tans is dit net die FKG wat God se ware evangelie verkondig—dieselfde evangelie wat mnr. Armstrong verkondig het.

Die enigste rede vir die FKG se bestaan, is die mislukking van die WKG na mnr. Armstrong se afsterwe.

Hou u vas aan God se ware evangelie?

## *STOP DIE BOODSKAP*

"Ag, was daar maar iemand onder julle wat die deure wou sluit, sodat julle nie tevergeefs vuur op my altaar kan aansteek nie?" (Maleági 1:10). Die *"New American Standard"* vertaling gee die vers weer as: "AG, DAT DAAR IEMAND ONDER JULLE WAS, WAT DIE HEKKE SOU SLUIT!"

God pleit by sy tempeldienaars—die leraars—OM STANDPUNT IN TE NEEM! Dit is 'n sterk pleidooi van God, om dit wat aan die gang is, STOP te sit! Die boodskap van die WKG word in so 'n mate AFGEWATER, dat God sê, dit is "besoedelde brood"—wat besoedelde geestelike spys, beteken (Johannes 6:48).

Mede leraars, wat gaan God van ons dink sou ons nalaat om op te tree? Kyk wat Christus gedoen het, toe die geldwisselaars die *fisiese* tempel verontreinig het. "En Jesus het in die tempel van God ingegaan en almal wat in die tempel verkoop en koop, uitgejaag en die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers omgegooi. En Hy sê vir hulle: Daar is geskrywe: My huis moet 'n huis van gebed genoem word. Maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak" (Matthéüs 21:12-13). Hy het dié wat in die tempel gekoop en verkoop het, uitgedryf en die geldwisselaars se tafels omgegooi!

Indien Christus so kragtig in die *fisiese* tempel opgetree het, wat sal Hy vandag in die *geestelike* tempel, waar die Laodicese leraars "besoedelde brood" aanbied, doen?

OM "EENHEID" TE PROBEER BEWERKSTELLIG, DEUR MENSE TOE TE LAAT, OM DIE TEMPEL OF DIE KERK, TE BESOEDEL, IS SATANIES!

Getroue leraars, moet teen geestelike besoedeling OPSTAAN en VEG—ongeag die gevolge.

Die "groot wegval" kon reeds in die 70's plaasgevind het. Maar die evangelie was op daardie stadium nog nie voldoende in die wêreld verkondig nie (Matthéüs 24:14; Openbaring 10:11). Derhalwe het God die "verborgenheid van ongeregtigheid"

weerhou, deur mnr. Armstrong aan die lewe te hou, totdat die werk voltooi was.

Die vernaamste werk NOU, is om die boodskap van Maleági by die Kerk van die Laodicense te kry. Die evangelie is verkondig. DIE LAODICEËRS MOET NOU GEWAARSKU WORD!

Dit is waaroor die hele boek van Maleági gaan. Dit is nie ʻn boodskap vir die wêreld nie. Die boodskap van Maleági word aan ʻn VERDORWE Kerk gestuur wat God nie langer dien nie. Tensy hulle tot bekering kom, is dit tyd om die DEURE *TOE* TE MAAK.

## *VOORBEREIDING VAN JUWELE*

Drie kommentare noem die Filadelfiërs (wat in Maleági 3:16-17 vermeld word)—die "oorblyfsel wat God vrees,"—die "min vromes in die land"—die "getroue minderheid." Selfs sekulêre kommentare sê dat diegene in die Kerk, wat God vrees, ʻn klein minderheid is.

Die *"Companion Bible"* gee ʻn beter verklaring van "My tot eiendom wees" in vers 17. Dit lees "Ek berei my juwele." Tydens die konflik in die Kerk, het hierdie groep deurgaans hul goddelike vrees, behou. GOD GEBRUIK HIERDIE EINDTYD KRISIS IN DIE KERK, OM SY JUWELE VOOR TE BEREI! HY GEBRUIK DIE LOUWARM TOESTAND VAN DIE KERK OM SY JUWELE TE BEKWAAM SODAT HULLE DIE GROOT VERDRUKKING KAN ONTVLUG (vers 17). Hierdie "juwele" is die Filadelfiërs wat weier om deur die Laodiceërs mislei te word.

Dit is ʻn voortgaande proses! God is besig om elkeen van ons te toets om te sien wat ons gaan doen. Dit is ʻn sorgvuldige plan wat daargestel is om die kwaliteit van ons karakter te openbaar.

Die enigste ding wat die wêreld van geskiedenis leer, is dat hulle nooit die lesse van die geskiedenis leer nie. Wanneer ons weier om die lesse van die geskiedenis te leer, is ons bestem om weer dieselfde foute te herhaal. Ongelukkig is dit ook op talle Laodiceërs van toepassing. Daar is vir ons geen verskoning, indien ons nie uit die 70's leer nie.

Hierdie *juwele* van Maleági 3:17, word ewige "pilare" in God se tempel (Openbaring 3:12). Hulle word op hierdie oomblik

voorberei! Geen ander hedendaagse groep sal ooit hierdie vlak van beloning bereik nie.

God se *juwele* kan tussen die regverdige en die goddelose onderskei (Maleági 3:18). Hulle ken die verskil tussen 'n Filadelfiese en 'n louwarm houding.

Wat beteken dit dat God diegene *spaar* wat Hom vrees? (Maleági 3:17). Die woord "spaar" beteken "deernis te hê, om medelye te hê." *Hoekom* is dit nodig dat God "deernis" en "medelye" moet hê? OMDAT DIE VERDRUKKING EN DIE "VERSKRIKLIKE DAG VAN DIE HERE" KOM! (Maleági 4:5-6).

Een groep ontvang God se medelye en bewaring terwyl die ander groep die Groot Verdrukking ingaan. Die Laodiceërs sal van die "verskriklike Dag van die Here" en die tweede dood bewaar word, INDIEN HULLE TOT BEKERING SOU KOM!

Die konteks dui daarop dat God diegene wat Hom vrees, *van lyding en die dood* sal red (Openbaring 12-14). Die Filadelfiërs sal na 'n plek van veiligheid geneem word.

Daar is sommiges wat "Hy in die dag van wraak nie sal *spaar* [dieselfde Hebreeuse woord] nie" (Spreuke 6:34). Dieselfde woord word in 1 Samuel 15:9, gebruik: "Maar Saul en die manskappe het Agag *gespaar*..." Waarvan het hulle Agag gespaar? Die dood. Ons het uiters dringend nodig om gespaar te word. Ons almal het die potensiaal om gruwelik te misluk. Diegene wat die boodskap van Maleági verstaan en ondersteun, sal "gespaar" word. Dit is hoe hulle kwalifiseer om na 'n plek van veiligheid te gaan.

"En hulle sal My tot 'n eiendom wees, sê die Here van die leërskare, op die dag wat Ek skep, en EK SAL MET HULLE MEDELYDE HÊ SOOS 'N MAN MEDELYDE HET MET SY SEUN WAT HOM DIEN. Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen DIE WAT GOD DIEN EN DIE WAT HOM NIE DIEN NIE" (Maleági 3:17-18). Hoe gaan u aan God wys dat u weet wie Hom vandag dien? Geloof sonder *werke* is dood (Jakobus 2:17). Ons moet werke hê om ons geloof te ondersteun of dit is 'n *dooie* geloof. Ons moet in geloof *optree!*

GOD GAAN *NIE* SY MENSE NA 'N PLEK VAN VEILIGHEID NEEM, TENSY HULLE DIEGENE WAT GOD DIEN, ONDERSTEUN

NIE! U moet vasstel wie hulle is en hulle *aktief* ondersteun. U moet kan waarneem waar God se "geopende deur" nou is (Openbaring 3:8). God gaan u DWING om te kies (Deuteronómium 30:19-20). Dit is die manier waarop Hy sy "juwele" voorberei.

God sê dat Hy hulle van die Verdrukking sal spaar, "soos wat 'n man sy eie seun spaar." Maar hulle moet kan onderskei tussen dié wat God dien en dié wie God nie dien nie (Maleági 3:18). Indien hulle daardie verskil kan onderskei, kan u, u voorstel dat God hulle sal beloon, omdat hulle draadsitters is? Indien hulle nie kan onderskei nie, is hulle mislei en sal in die Verdrukking ingestuur word.

Daar is egter 'n groot verskil tussen vandag en die 70's: mnr. Armstrong het nog geleef en kon hy die Kerk "op die regte spoor terugbring." Vandag moet Christus die probleem op 'n ander wyse oplos. God se mense *moet* onderskei hoe Christus dit vandag doen. Die diepte van ons bekering word streng getoets! Indien u die Bybel verstaan, moet u reeds weet dat God elkeen van ons op hierdie wyse sal toets.

Hierdie is ernstige profesieë. Bestudeer dit biddend en in diepte. U TOEKOMS WORD BEPAAL DEUR WAT U *NOU* DOEN!

# 9

# *Maleági se Boodskap*

Mnr. Armstrong se laaste opdragte aan mnr. Tkach was, "Ek het wêreldleiers bereik, jou werk is om die Kerk gereed te kry." 'n Paar dae vantevore, het mnr. Armstrong aan 'n evangelis gesê, dat die "evangelie verkondig was."

Dit is nie asof God vandag nie die evangelie en 'n waarskuwingsboodskap verkondig wil hê nie. Die wêreld moet nou, meer as ooit tevore, gewaarsku word! God, het egter geweet, dat die Kerk van die Laodicense dit nie sou doen nie en profesieë bevestig dit. Hulle offer "besoedelde brood" en die Kerk is besig om verdeeld, te raak. Dus, die evangelie opdrag aan die wêreld was voltooi toe mnr. Armstrong gesterf het. Daar is egter nog 'n werk van waarskuwing wat na die wêreld moet uitgaan. Dit is nou egter die taak van die FKG wat die wêreld en die Laodiceërs sal *moet* waarsku. Die Laodicese werk faal in sy opdrag—aan God se Kerk en die wêreld! Die Maleági boodskap het derhalwe nodig geword. God waarsku die Laodicense Kerk deur die Filadelfia Kerk, om berou te hê!

Net soos wat God 'n waarskuwende boodskap aan 'n sondige wêreld stuur—stuur Hy ook aan 'n sondige Laodicense Kerk, 'n waarskuwing.

Maleági se boodskap moet afgelewer word. Dit is die aanvanklike wyse waarop God aan die deur van die Laodiceërs klop (Openbaring 3:20). Hierdie verklaring word tot 'n *era* gerig. Die Laodiceërs gaan die klop hoor—as ons, Filadelfiërs, ons werk doen. Die Laodiceërs sal dit òf hoor en dadelik reageer—òf hul *enigste* hoop op saligheid, is om in die Groot Verdrukking berou te hê.

God het hierdie waarhede geopenbaar om die Laodiceërs tot bekering te bring.

Wat het eertyds gebeur, *nadat* Maleági by die tempel aangekom het? Kyk net na al die verwarring wat Christus 450 jaar later teëgekom het. Oor die algemeen, het die boodskap wat Maleági gebring het, nie baie mense tot God gekeer nie—en het hulle vreeslik gely. Ons weet ook dat 144,000 Kerklidmate, tot en met die Verdrukking, nie berou sal hê nie. Ander sal in die poel van vuur ingaan. Nieteenstaande, weet ons dat God se Familie geweldig gaan uitbrei.

Die vernaamste werk van God, vandag, is om hierdie boodskap van Maleági by sy mense te kry en hulle gereed te maak, om na 'n plek van veiligheid te gaan en hulle in sy koninkryk in te kry (Lukas 21:36). Diegene wat nie berou het nie, *gaan gewaarsku word* en hulle sal sonder verskoning gelaat word.

Eertyds, het Maleági na 'n tempel gekom wat in groot wanorde was—na Serubbábel se dood. Dieselfde geld tans vir Maleági se boodskap. Na mnr. Armstrong, ons hedendaagse Serubbábel se dood, is die Laodiceërs se rigting in 'n warboel. Talle leraars het 'n gebrek aan goddelike vrees (Maleági 1:6; 2:4-8) en hulle offers aan God, is besoedeld (Maleági 1:7-8). Die boodskap van die wkg is so besoedel dat dit beter sal wees om die boodskap te staak en die wkg, te sluit! (Vers 10). Besoedelde brood word bedien (vers 7) en die bediening, veroorsaak dat mense oor God se wet struikel (Maleági 2:7-8). Sommige leraars is onmenslik teenoor hulle medeleraars (vers 10). Ingeval u dit nie glo nie, glo dan vir God! Dit is besig om te gebeur. Die wkg is te geleerd—te akademies in wêreldse weë (vers 12). Talle leraars is

verraderlik teenoor die Kerk se opdragte van die verlede (verse 14 en 16) en word tiendes misbruik (Maleági 3:8-10).

Om in die Kerk van die Laodicense te bly sal tot gevolg hê dat u in hulle lot sal deel! Sommige mense sal dink dat dit onlojaal sal wees om Christus uit die WKG te volg. Die Sardiskerk, het mnr. Armstrong die trekpas gegee, omdat hy God en die waarheid wat Hy openbaar het, aangehang het. Nog leraars sal deur die WKG "ontslaan word", indien hulle hierdie boodskap van Maleági sou verkondig. Dit is nie sonde om die Laodicese Kerk te verlaat en na die FKG oor te gaan nie. Dit is sonde, indien ons nalaat om dit te doen! U sal nié, die Liggaam van Christus verlaat nie!

Ek glo, dat voordat al hierdie dinge verby is, sal enigeen wat waarlik Christus volg, die louwarm Kerk moet verlaat of "daaruit verban" word. "Sal twee met mekaar wandel tensy hulle eers afgespreek het?" (Amos 3:3). Òf ons klim van die trein af, òf ons is bestem om saam ten gronde te gaan!

Maleági se boodskap moet nou in hierdie hedendaagse tyd afgelewer word. Dit impliseer en beteken dat meer as een persoon die Werk sal doen. "Toe het die wat die Here vrees, met mekaar gespreek; en die Here het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die Here vrees en sy Naam eer" (Maleági 3:16). Dit handel oor 'n groep van God se mense wat die Werk van God doen. Dit is 'n profesie van 'n *APARTE* Filadelfia groep. Hierdie mense was mense wie "se lidmaatskap beëindig is," "uitgewerp is," of net die louwarm Kerk verlaat het.

Vir baie jare het leraars, in God se Kerk, gepraat oor die moontlikheid, van twee Kerke in die eindtyd, wat in Openbaring 12 bespreek word: "En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het; maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd" (verse 12-13). Hier is een groep van God se mense (Filadelfiërs) wat deur Satan vervolg word en na 'n plek van veiligheid geneem word. "En die draak was





vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou" (vers 17). Hier is 'n ander groep (Laodiceërs) wat deur Satan op 'n ander wyse, vervolg word, (hy "voer oorlog" teen hulle tydens die Verdrukking).

Die Filadelfiese groep word vervolg *voordat* hulle na 'n plek van veiligheid geneem word (vers 13) en hulle is *nie deel* van die Laodicese groep nie (vers 17). Hier en in Maleági 3:16, word geopenbaar dat hierdie twee groepe, 'n geruime tyd *voor* die Verdrukking, skei en nie "kan saamloop" nie. Word die Filadelfiërs in die voor-Verdrukking deur die Laodiceërs vervolg? Maleági 2:10, 14-16, gaan oor die Laodiceërs wat "verraderlik" teenoor die Filadelfiërs is en daardie verraderlikheid gebeur net voor en net na, hierdie twee groepe uitmekaar gaan.

Vervolging van Filadelfiërs deur die Laodiceërs word ook in 2 Thessalonicense en Sagaría 3 en 4 bespreek—by wyse van

kragtige insinuasie. Van hierdie vervolging word bevestig deur MENSE UIT DIE KERK VAN DIE LAODICENSE TE DRYF!

Net een van hierdie Kerke is regverdig genoeg om na 'n plek van veiligheid te gaan. CHRISTUS LEI HIERDIE GROEP. CHRISTENE IS IN GOD SE KERK; INDIEN HULLE CHRISTUS VOLG! (1 Petrus 2:21; Lukas 18:28-30). Dit is volgens God se Woord—die Bybel! Indien u die Skrifte navolg, is u in God se Kerk—nieteenstaande wat enigeen ookal sê! Onthou die BYBEL IS VOL VOORBEELDE VAN KERKLEIERS WAT MENSE MISLEI HET. Dit is hoekom *elke* geestelike tree wat ons neem, op die Bybel gegrond *moet* wees!

Die WKG was bestemd om te skeur. Daardie lidmate wat die *krag* gehad het om vas te hou aan dit wat "Elía" geleer het—oor die "stam van die boom"—gaan God se "juwele" wees wat na 'n plek van veiligheid geneem word en 'n ongelooflike beloning gegee word!

U kan dit nie ontvlug, om hierdie belangrike besluit te neem nie. Dit is wat dit beteken om in *geloof* te wandel. ALLE FILADELFIËRS MOET DIE GROEP WAT DEUR CHRISTUS GELEI WORD, VOLG—NIE MAAR NET *"IN DIE KERK BLY NIE."* Om net "in die Kerk te bly" kan 'n ernstige fout wees, wat na die Verdrukking lei—of die EWIGE DOOD!

Sedert die dae van julle vaders het julle van my insettinge afgewyk en dit nie onderhou nie. Keer terug na My, en Ek wil na julle terugkeer, sê die Here van die leërskare. Maar julle vra: Waarin moet ons terugkeer?" (Maleági 3:7). God roep hulle tot bekering. Maar die Laodiceërs sien nie 'n nodigheid om "terug" te keer nie. Hulle bevraagteken God. Daar is egter 'n groep *wat wel* "terugkeer" tot dit wat "Elía" geleer het. Die profesie hieroor verklaar dat ons na die leerstellings van "Elía" moet terugkeer, of ons is bestem om in die vuurpoel gewerp te word (Maleági 4:1-6).

'n Groot deel van die Filadelfiërs se werk is, om God te help om die Laodiceërs en die Filadelfiërs te skei (Maleági 3:17). Dit behoort nie lank te neem nie—maar dit *sal* pynlik wees! Ontsettend pynlik! In sommige gevalle sal families skeur. God het *geweet* dit sou gebeur (Lukas 14:26-27).

Mnr. Armstrong het die evangelie wêreldwyd verkondig. Die klem van ons Werk aan die wêreld, nou, is een van waarskuwing.

Amos het gesê "die land sal dit onder al sy woorde nie kan uithou nie," 'n profesie, wat deur die FKG vervul moet word. Dus is daar 'n werk tot die wêreld, wat ons moet uitvoer.

Die boek van Maleági is nie tot die volke gerig nie—soos baie ander boeke nie. Sy boodskap was, om *tempel* aanbidding "weer op die spoor te bring." Vandag is die tempel, God se Kerk. Die boek van Maleági is oor leraars, wat die naam van God verag en tempel aanbidding, ontheilig het (Maleági 1:6-13). Hul dade is baie boos, terwyl hulle maak asof hulle uitermate regverdig is. God gee sy opdragte aan die *bediening* (Maleági 2:1). Hulle het 'n gebrek aan goddelike vrees (verse 4-6). Hierdie leraars VEROORSAAK dat baie, deur hul onderrig in God se Wet, struikel. DIT KAN NET OP GOD SE KERK VAN TOEPASSING WEES, WAT ALLEENLIK GOD SE WET, WAARLIK TOEPAS. En God blameer regstreeks die ONTROUE bediening, vir hierdie eindtydkrisis in die Kerk!

God het gesê dat Hy Elía, die profeet sou stuur—en Hy het (Maleági 4:4-6). Mnr. Armstrong het baie teësinnig aan ons almal erken, dat *hy* hierdie profesie, vervul het—en niemand anders nie!

Die banvloek (vers 6), wat ons nog altyd gedink het op die wêreld van toepassing is—is in WERKLIKHEID OP DIE KERK VAN TOEPASSING. En dit is 'n verandering wat deur u Bybel GESTAAF word! Al hierdie onderwerpe wat bespreek is, kan òf vanuit u BYBEL BEPROEF òf WEERLÊ WORD.

Die hele Maleági storie wentel om 'n eindtyd Elía, mnr. Armstrong (Maleági 4:5-6; Matthéüs 17:10-11). Hierdie gebeure vind net voor die wederkoms van Christus plaas. Die Laodicese leraars is verraderlik teenoor die vrou [Kerk] van hul jeug (Maleági 2:14-16). Dit is die Kerk wat mnr. Armstrong of "Elía" gestig het en is ook die Kerk waarin die meeste van ons geestelik grootgeword het.

Kerkgeskiedenis, (Openbaring 3:1), bevestig dat God se Kerk geestelik dood was toe mnr. Armstrong op die toneel gekom het. Dit is dan ook een van die redes waarom hy "ALLE DINGE" HERSTEL HET. Daarna het die Filadelfia era begin (Openbaring 3:7-8); en word deur die era van die Laodicense

gevolg (Openbaring 3:14-19; 2 Thessalonicense 2; Sagaría 3 en 4).

Die WKG het (toe ek nog lidmaat was), altyd geleer dat Maleági 3:17, God se lojale mense is, wat die Groot Verdrukking ontkom. Die Verdrukking kom NA mnr. Armstrong se afsterwe en VOOR die Dag van die Here. Die Laodiceërs gaan in daardie selfde Verdrukking in om gestraf te word (Openbaring 3:19).

"Maar júlle het van die weg afgewyk…" (Maleági 2:8). Hulle was deur mnr. Armstrong, in God se weë gevestig en HET NA SY DOOD, daarvan "AFGEWYK!" Hulle het baie van dit wat Elía herstel het, verwerp. Dit kan alleenlik van toepassing wees op die Laodiceërs, wat dit wat mnr. Armstrong herstel het, verwerp. Die Filadelfiërs volg in die weg van Elía en kom uit die Kerk van die Laodicense (Maleági 3:16).

Onthou dat Maleági oor 'n eindtyd boodskapper gaan, net soos Johannes die Doper, wie die weg vir die wederkoms van Jesus Christus voorberei (Maleági 3:1-2). Dit gebeur alles net voor "die groot en verskriklike Dag van die Here." Gesonde verstand bevestig dat die voorvalle wat Maleági oor profeteer, nie tydens mnr. Armstrong se leeftyd, kon gebeur het nie. Daar was gedurende die 70's 'n tipe daarvan—wat hy gestop het en soos een FKG lidmaat gesê het, dit was die enigste keer sover bekend in sekulêre en Bybelse geskiedenis dat dit gebeur het! Die enigste tyd! Mnr. Armstrong het dit *gestuit* (2 Thessalonicense 2:6-7).

Hierdie profesieë in Maleági kan net volledig gebeur *na* mnr. Armstrong se afsterwe. DAAR IS EENVOUDIG GEEN ANDER VERDUIDELIKING VIR HIERDIE EINDTYD BOEK—indien ons deur God se Heilige Gees gelei word nie.

Hierdie hele aangeleentheid gaan voor "die groot en verskriklike Dag van die Here" tot 'n *beslissing* kom. Dit is op daardie tydstip wat die Laodiceërs tot bekering kom en *verseël* word—of hulle verloor hulle saligheid. TUSSEN DIE DOOD VAN MNR. ARMSTRONG (ELÍA") EN "DIE GROOT EN VERSKRIKLIKE DAG VAN DIE HERE" IS DIE ERA VAN DIE LAODICENSE. Daarna begin Christus persoonlik ingryp.

Die Bybel is inderdaad 'n *gekodeerde* boek, soos mnr. Armstrong gesê het. Dit is voorwaar! Die boek van Maleági is

hoofsaaklik oor die Kerk, vanaf mnr. Armstrong se afsterwe tot by "die groot en verskriklike Dag van die Here" (tot die punt waar die Laodiceërs verseël word—Maleági 4:5-6). Maleági openbaar wat tydens hierdie periode gebeur.

Mnr. Armstrong het ons, in die rigting van die Godfamilie *gedraai.* Die sonde van die Laodiceërs behels die WEGDRAAI van die Godfamilie en wat God deur mnr. Armstrong gedoen het. Maleági vertel ons *hoe* die Kerk vanaf die era van Filadelfia na die era van die Laodicense beweeg het. DIE LAODICEËRS DRAAI VAN DIE FILADELFIA STANDAARD AF WEG. Gesonde verstand bevestig dat dit so is. Die Laodiceërs sou Filadelfiërs gewees het—indien hulle nie *weggedraai* het nie. Hulle het *eie* standaarde vasgestel—*nie* Christus s'n nie!

Die "gedenkboek" en "verraderlik teenoor die vrou [Kerk] van jou jeug"—is sleutels wat openbaar, dat daar van dit wat God ons geleer het, weggedraai word. Die Laodiceërs laat na om te onthou. Hulle ontbreek nie net aan "dryfkrag en energie" nie. Hulle is VERRADERLIK daar hulle 'n deel van 'n Judastipe verraad is! (2 Thessalonicense 2). Dit is die toppunt van wat 'n Laodiceër is!

"En nou, priesters, TOT *JULLE* KOM HIERDIE GEBOD … En julle sal GEWAAR word dat Ek JULLE hierdie gebod gestuur het " (Maleági 2:1, 4). ALLE LERAARS VAN GOD GAAN WEET DAT *MALEÁGI SE BOODSKAP*, VAN GOD AFGEKOM HET—ONGEAG ÒF HULLE DIT NOU ÒF IN DIE GROOT VERDRUKKING BESEF! Hulle moet "weet." Dit is 'n beloftes van God. Die enigste vraag wat oorbly, is *wanneer* die bediening dit gaan besef. CHRISTUS GAAN SY LERAARS REINIG! (Maleági 3:3).

Medeleraars van Jesus Christus, God se mense het 'n *voorbeeld* om na te volg, bitter nodig. God het, sedert ek uit die Kerk uitgesit is, my met menige wonderwerke gehelp en sal dieselfde vir u doen. Al wat ons moet doen is om Hom te vertrou. TREE ASSEBLIEF OP IN GELOOF!

"En Ek sal my skape van hulle hand eis" sê God in Eségiël 34:10. Ons word geoordeel, na wat ons met God se kudde doen! Hy gaan elkeen van ons oordeel—en dit begin reeds nou! Die kritici en geleerdes sal tjank maar God se

Woord sal nie met een jota verander nie! Al wat hulle daardeur bereik, is om teen God te stry.

Dit gaan tyd neem vir God *om* verkeerde begrippe by sy mense los te wikkel. Deur gebed, vas en om hierdie boodskap *oor* en *oor* te bestudeer, sal 'n verheldering van begrip, vir talle van God se mense meebring—vir diegene wat 'n Filadelfiese gesindheid het. Diegene wat in GELOOF wandel, gaan dan agterkom dat HULLE VERRAAI WAS. God se mense moes nog altyd "die goeie stryd van die geloof stry" (1 Timótheüs 6:12). God se Kerk STAAR NOU DIE GROOTSTE KRISIS IN DIE GESIG! Indien ons al die stukke bymekaarvoeg, pas dit soos 'n verstommende legkaart inmekaar. Dit was na alles reeds vir duisende jare geprofeteer!

Oorspronklik het Maleági gekom om die vure van geloof in baie opstandige priesters opnuut weer aan te wakker. ONS WAT LERAARS IS, MOET TOELAAT DAT MALEÁGI ONS ROER EN TOT GROTER INSPANNING AANPOR! God het nou meer AS OOIT TEVORE, lojale leraars nodig!

*Geloof* is niks anders nie, as om net op die Woord van God TE HANDEL!

Ondersteuning en bystand van hierdie boodskap is u kaartjie na 'n plek van veiligheid en 'n grootse beloning. DIT IS HOE GOD SY JUWELE OPMAAK!

"Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het. Wie 'n profeet ontvang omdat hy 'n profeet is, sal die loon van 'n profeet ontvang; en wie 'n regverdige ontvang omdat hy 'n regverdige is, sal die loon van 'n regverdige ontvang" (Matthéüs 10:40-41). Profete word weer genoem (soos in Amos 2:11-12; 3:7-8). Maleági se boodskap *SAL* AFGELEWER WORD!

Die profete in Amos 2:11-12 en Amos 3:7 was nie deel van 'n goed georganiseerde bediening wat die spoor byster geraak het nie. HULLE HET TEEN DIE KERK GEPROFETEER. CHRISTUS WAS MET DIE PROFETE—*nie* die georganiseerde bediening, wat ook deur Hom daargestel was nie. In die Ou Testament het die profete iedere keer gekom om die priesters en die mense reg te ruk.

God se mense *moet* hierdie verse verstaan. Indien hulle 'n regverdige man ontvang in die naam van 'n regverdige man—ontvang hulle 'n regverdige man se beloning. DIESELFDE beloning!

Dit is hoe God die Filadelfiërs van die Laodiceërs gaan skei. Een groep het die geloof *van* Christus en die ander het nie. Indien mense nie 'n regverdige man in die naam van 'n regverdige man ontvang nie, is hulle louwarm—of erger. Hulle faal om hul *werklike leier*, JESUS CHRISTUS, te herken! U BELONING HANG DAARVAN AF, OF U DIE WARE VERTEENWOORDIGERS VAN GOD HERKEN! Daar is geen beloning in, om net 'n lidmaat te wees nie—SELFS IN GOD SE KERK! Die meerderheid van God se mense raak vandag die pad byster.

Mnr. Armstrong het die geloof gehad om van die dooie Sardiskerk af weg te loop. Nou moet *U* die geloof hê, om WEG TE LOOP VAN 'N LOUWARM KERK VAN DIE LAODICENSE, OF OM UITGESKOP TE WORD—ANDERS GAAN *U* DIE BELONING VAN 'N LAODICEËR ONTVANG.

DIEGENE WAT UITLOOP EN DIE FILADELFIESE STANDAARD IN 'N NUWE ORGANISASIE ONDERSTEUN *SAL* vir *ELKE* BYDRAE—al is dit net 'n glas water, *BELOON WORD!* (Matthéüs 10:42). God beloon elke klein, goeie daad.

Ons beloning draai daarom dat ons die boodskap van God ontvang—ONGEAG WIE DIE BOODSKAPPER IS. Dit *verg geestelike insig*, om te kan identifiseer waar God se boodskap gebring word. Dit is nou God se vernaamste toets.

Herbert Armstrong het oor die opstand van die 70's in die "*Worldwide News*," van 24 Junie 1985 geskryf. Hy het ons *gewaarsku* dat iets van die aard moontlik herhaal kan word. Hier is wat hy gesê het: "Ek wil hê, broeders, dat julle moet nadink en BEGRYP wat in God se Kerk gedurende die 70's gebeur het, SODAT DIE GESKIEDENIS NIE HERHAAL WORD NIE! Ek wil hê dat julle die 'vrug' van opstandigheid teen God se *weg* en God se REGERING, moet sien" (klem myne). DIE GESKIEDENIS HET HOMSELF WEER HERHAAL! Die "vrug" van die opstand teen God se *weg* en God se *regering* is daar vir almal om te sien.

Is ons, in die Filadelfiese Kerk, in opstand teen God se regering? NEE, ONS IS NIE! Ons ondersteun God se regering, deur God se openbaring te verkondig. LEIERS VAN DIE LAODICENSE KERK REBELLEER—deur op 'n BLATANTE WYSE, weg te draai van DIT WAT CHRISTUS DEUR MNR. ARMSTRONG AAN ONS GELEER HET!

Mnr. Armstrong het ONS GEWAARSKU DAT DIE GESKIEDENIS HOM SOU HERHAAL! Nou gaan Christus sien of ons die "opdragte" van "Elía" onthou (Maleági 3:16; 4:4-6).

Die leraar se plig is, om God se waarheid te verkondig—*nie* dit wat mense sê nie. God gaan elkeen van ons baie *streng* in hierdie opsig oordeel.

## *WIE DIEN GOD?*

U MOET KAN ONDERSKEI *tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie* (Maleági 3:18). DAAR IS GEEN REDE OM DIE WAT GOD DIEN TE ONDERSKEI NIE, TENSY U DAARDIE DIENS ONDERSTEUN! "Geloof, as dit geen werke het nie, is op sigself dood." Hoe anders, kan u een van God se "juwele" wees, wie na 'n plek van veiligheid gaan en in God se hoofkantoor tempel, wees? Diegene wat nie tussen een werk en 'n ander kan onderskei nie, is voorbestem om 'n tyd van die ergste lyding op hierdie planeet, te ondervind! En onthou, wanneer daar gepraat word van diegene wat God dien, dit in dieselfde hoofstuk is as die van tiendes en offergawes (Maleági 3:9-10, 18).

Ekself, is reeds vanaf 7 September 1961, in God se Kerk. Op Pinkster Sondag van 1973, is ek in God se bediening, bevestig. Sedert 1975, het ek by Kerke, pastorale diens verrig. Die WKG het my vanweë hierdie boodskap wat u nou sopas gelees het, uitgewerp. Maar Christus het nie! Ons is nie uit die Kerk van God nie—net uit die Kerk van die Laodicense! Sodoende het God ons gelei om 'n nuwe Kerkorganisasie te stig:

**FILADELFIA KERK VAN GOD**
Posbus 3700
Edmond, Oklahoma 73083
Telefoon: (405) 340-7474
24-uur faks: (405) 359-6280

(Sien asseblief, ter insae, die laaste bladsy van hierdie boek vir internasionale adresse). Die oorspronklike 12 lede van die FKG was almal in Edmond Oklahoma, woonagtig. "Edmond" beteken "beskermer van rykdom." Is dit nie wat God werklik van die Filadelfiese Kerk, wil hê nie? Wil Hy nie hê, dat ons DIE KOSBARE GEESTELIKE RYKDOM, wat Christus in Sy Kerk daargestel het, BEWAAR NIE? Is dit nie duidelik wat die Kerk van die Laodicense met God se geopenbaarde waarheid doen nie? AS DIE FILADELFIESE LIDMATE NIE GOD SE WAARHEID BEWAAR NIE, SAL DIT VAN HIERDIE PLANEET AF, VERDWYN!

Talle artikels en boekies word deur ons uitgegee. 'n Boekie oor die boek van Amos, wat die Kerk van die Laodicense geensins verstaan nie, is uitgegee. Baie van die profesie in die boek, beskryf juis dit wat huidiglik in die Laodicense- en Filadelfiese Kerke gebeur! Indien u 'n gratis eksemplaar verlang, vra dit net aan.

God se nuwe Kerkorganisasie is amptelik deur die Binnelandse Inkomstediens erken en geniet 'n belastingvrystelling status in die VSA. Dit beteken dat die FKG tiendes en offergawes mag ontvang en hierdie bydraes mag van die bydraer se belastingopgawe, afgetrek word. (Nie in Suid-Afrika van toepassing nie).

Natuurlik, sal die FKG beskuldig word van gierigheid. Paulus, was ook vir dieselfde gesindheid beskuldig en ek reageer daarop net soos wat hy dit gedoen het: "Ek soek nie wat julle s'n is nie"—met ander woorde, nie julle tiendes en offergawes nie "maar julleself…" (2 Korinthiërs 12:14). MENSE SE FISIESE EN EWIGE LEWENS IS OP DIE SPEL! Wie gee om vir wat die kritici sê Ek is van voorneme om God se mense te help soveel as wat ek kan. EK MOET MY DEEL DOEN! WEË MY AS EK DIT NIE DOEN NIE. EN EK GLO ABSOLUUT DAT GOD SAL AANHOU OM ANDER TE VOORSIEN OM BYSTAND TE VERLEEN, WANT DIT IS SO GEPROFETEER! (Maleági 3:16-17). Daardie bystand word elke dag meer en meer. God het 'n groepie mense opgedra om die waarskuwingsboodskap van Maleági te lewer. Die woord "Godspraak" in Maleági 1:1 beteken 'n profetiese spreuk—of *waarskuwing*. ONS MOET GOD SE MENSE WAARSKU! Diegene wat nalaat om te hoor, gaan verskriklike VERVLOEKING in die gesig

staar (Maleági 2:2; 4:5-6). Wat 'n seën om deel te wees van God se wonderlike Werk. Dink net aan die geweldige BELONING wat God aan diegene, wat hierin deel het, sal gee.

Leraars in die WKG, wat vashou aan dit wat Christus ons geleer het, kan baie vinnig ontslaan word. Wanneer dit gebeur, gaan hulle feitlik totaal en regstreeks van God afhanklik wees. Desnieteenstaande, moet Filadelfiese leraars wonderwerke verwag. God het ons baie wonderwerke getoon vandat ons uitgewerp was.

Enigeen wat vrae mag hê of kommentaar wil lewer of enige belangstelling in God se waarheid het, word aangemoedig om aan ons te skryf of te skakel.

Mnr. Armstrong het in September 1980, se *"Good News"* as volg geskryf: "'*The Plain Truth*' tydskrif het sy mees nederige buiging op 1 Februarie 1934, gemaak. Op daardie tydstip het ek reeds 'n intekenlys van ongeveer 350, insluitende ons eie en die Oregon-, Sardis lidmate gehad."

Mnr. Armstrong het aan TALLE SARDIS LIDMATE GESKRYF en hulle in hoofsaak meegedeel dat hulle Kerk dood was! Hy het hulle verder meegedeel dat God besig was om 'n nuwe werk op te rig! Mnr. Armstrong het 'n VOORBEELD gestel, vir wat die FKG nou doen!

Enige van julle leraars wat moontlik hierdie Filadelfiese Werk wil bespreek, geliewe my te bel of aan my te skryf. Alles sal absoluut vertroulik gehou word en ek verstaan dat u met baie omsigtigheid en wysheid te werk moet gaan, met enige kontak wat u maak.

*Maleági se Boodskap* was deur talle mense op 16 Januarie 1990, die gedenkdag (16 Januarie 1986) van mnr. Armstrong se afsterwe, ontvang. Ons het dit nie so beplan nie, maar is nogtans bly dat dit so gebeur het. U sal merk, dat die datum van sy afsterwe, al meer in die toekoms van groot belang sal word. John Amos en ek was op 7 Desember 1989—40 dae voor die herdenking van mnr. Armstrong se dood, uit die Kerk gewerp. Die nommer 40, is baie belangrik in die Bybel. Die derde 19-jaar tydsiklus, van die WKG se werk het op Januarie 1991 geëindig—dieselfde maand as die vyfde herdenking van

mnr. Armstrong se dood. In die oorspronklike weergawe van *Maleági se Boodskap* het ons gevra: "Sal ons dan enige dramatiese gebeurtenis in die wêreld of in God se Filadelfiese-en/of Kerk van die Laodicense sien?" DIE PERSIESE GOLF OORLOG HET OP 16 JANUARIE 1991, BEGIN! God beskou die datum van mnr. Armstrong se dood, as baie belangrik.

"Toe sê hy vir die tuinier: Kyk, DRIE JAAR kom ek om vrugte aan hierdie vyeboom te soek en ek kry niks nie; kap hom uit. Waarvoor maak hy die grond nog onvrugbaar? Maar hy antwoord en sê vir hom: Meneer laat hom nog HIERDIE JAAR staan totdat ek hom gespit en mis gegooi het. As hy dan vrugte dra, goed; maar so nie, dan kan u hom anderjaar uitkap" (Lukas 13:7-9).

God het die vyeboom *vier* jaar gegee om vrugte te dra. Indien dit nie vrugte dra nie, kap Hy die boom uit. NA MNR. ARMSTRONG SE AFSTERWE, HET GOD DIE WKG OOK VIER JAAR GEGEE OM VRUGTE TE DRA. Toe die WKG nie daarin geslaag het nie, het God die Filadelfiese Kerk opgerig om sy Werk te doen. Mnr. Armstrong is in Januarie 1986, oorlede. Die FKG het *Maleági se Boodskap* vir die eerste keer in Januarie 1990 gepos—PRESIES VIER JAAR LATER! Ons het dit nie so beplan nie—God het die beplanning gedoen.

In Handeling 5, het Gamáliël 'n belangrike boodskap vir diegene in magsposisies gehad toe hulle Petrus en die ander apostels vervolg het: "En nou sê ek vir julle, bly af van hierdie manne en laat hulle staan; want as hierdie voorneme of hierdie werk uit mense is, sal dit vernietig word; maar as dit uit God is, kan julle dit nie vernietig nie—dat dit nie miskien bevind word dat julle selfs teen God stry nie" (Handeling 5:38-39). As die FKG Werk vandag net 'n menslike poging is, sal daar niks van kom nie. Maar as God daaragter is, kan geen mens dit stopsit nie. Soos Gamáliël gesê het, die wat teen hierdie Werk stry, sal teen GOD self stry. En DIEGENE WAT DIE FKG ONDERSTEUN, ONDERSTEUN GOD.

## ***WIE HET 'N REGERINGSPROBLEEM?***

Lidmate van die FKG word daarvan beskuldig dat hulle teen

God en sy outoriteit in opstand is. ONS IS BESIG OM NET DIE TEENOORGESTELDE TE DOEN! Onthou vir Josua en "sy vriende." Josua het die probleem met *outoriteit* gehad. Dit is die hoof fokus van die storie. "Sy vriende" volg *hom*—nie vir Jesus Christus nie! Die "mens van sonde" is ook 'n verhaal OOR OPSTAND VAN BO-AF. Die Laodiceërs is in opstand teen wat Christus ons in die Filadelfiese era geleer het. Die leiers wat in Maleági genoem word, is *verraderlik* teenoor dit wat Christus ons, deur mnr. Armstrong, geleer het en hulle is ook verraderlik teenoor lede van God se Kerk.

Wie het 'n probleem met *regering*? Die volle stryd wat ons in die gesig staar is die stryd om aan CHRISTUS SE REGERING VAS TE KLOU. Die FKG verlaat Christus NIE—maar dit is geprofeteer dat baie van God se mense dit wel sal doen. Indien u met vaste tred uitstap en Christus *gehoorsaam*—ONS LEIER, gaan u MEER blydskap en vrede hê—nie minder nie!

ONS IS NIE IN OPSTAND NIE—ONS BIED WEERSTAND TEEN DIÉ WAT DIT DOEN!

## *KERKEENHEID IS AAN DIE KOM*

Laodicese leiers in die WKG kan nie regtig begryp waarom die FKG so suksesvol is nie. Hulle weier om te sien dat God die Werk ondersteun! Hulle oë is toe (Matthéüs 13:15). Die FKG is deur God opgedra om die Laodiceërs oor hul sonde te waarsku. Die hele boek van Maleági handel oor hierdie opdrag. *Maleági se Boodskap* is deur God GEOPENBAAR! ELKE MENS OP HIERDIE AARDE SAL METTERTYD DAARVAN BEWUS MOET WORD!

Christus het gesê dat ons aan die deur van die Laodicense moet "klop" (Openbaring 3:20). Amos en verskeie ander profete bespreek die opdrag aan die FKG.

Jesus Christus ondersteun die werk. NIEMAND SAL DIT KAN STOP NIE!

Die WKG moet die boodskap van die Filadelfia Kerk aanvaar, of in die Groot Verdrukking ingaan! Dit blyk asof 50 persent van die Laodiceërs, hul saligheid gaan verloor (Matthéüs 25:1-10).

Hoekom kan hulle God en sy waarhede nie meer ernstig opneem nie? Hoekom moet hulle so verskriklik ly, net om te leer om God gehoorsaam te wees?

Ons dank God, dat Jesus Christus binnekort sal terugkeer om sy Kerk te bestuur en dit na die eenheid wat dit vandag behoort te wees, te bring.

Ons moet besef dat al hierdie dinge geprofeteer was om te gebeur. Ons kan verheug wees dat die einde van hierdie eeu baie naby is.

Broeders, geliewe hierdie boodskap te bestudeer en dit te verwerk en ernstig te bid dat God u sal lei. Glo u Bybel—nie mense nie! U ewige lewe is op die spel.

# Naskrif

Joseph Tkach Senior, is gedurende September 1995, vanweë kanker oorlede. Voordat hy oorlede is, het hy gereël dat sy seun hom as Pastoor-generaal opvolg. (Mnr. Tkach Junior, het voor dit, die pos as Direkteur van Kerkadministrasie, behartig).

In 1997, het mnr. Tkach Junior, "*Transformed by Truth,*" geskryf, waarin hy mnr. Armstrong en sy leerstellings veroordeel. Op daardie tydstip, was leiers van die WKG trots op hul "ongekende" veranderinge, alhoewel hulle dit vroeër verswyg het. Kort na mnr. Armstrong se afsterwe het hulle die veranderinge wat hulle gemaak het, ontken. Toe hierdie veranderinge egter gedurende die 90's meer duidelik geword het, het mnr. Tkach Senior, WKG lidmate vertel dat mnr. Armstrong hom op sy sterfbed, versoek het om al die veranderinge te maak. Maar teen 1997, het mnr. Tkach Junior en WKG amptenare mnr. Armstrong as 'n ketter uitgemaak en hulself die krediet toegeëien, dat hulle die WKG "uit die duisternis na die lig gelei het."

Samelopend met hierdie talle veranderinge van leerstellings en tradisies het die werk van die WKG 'n gestadigde agteruitgang belewe. Teen 2004, het hul jaarlikse inkomste na $18 miljoen gedaal—minder as een tiende van wat dit in die laat 80's was.

Soos vroeër in die skrywe genoem, is die *"World Tomorrow"* program, voorheen op meer as 400 stasies, sedertdien gekanselleer. Beide kollege kampusse, in Pasadena en Big Sandy, het nou gesluit en is verkoop. Kerklidmaatskapsyfers is ver onderkant die 100,000 dooplidmate, wat dit in die 80's was. Ontevrede lidmate is deur baie splintergroepe, gelok. (Selfs sleutelfigure in die WKG wat in hierdie boek genoem is, soos Donald Ward en Larry Salyer, het hul afsonderlike weë gegaan).

Intussen het die FKG aangegaan, gegroei en gefloreer. In Januarie 1997, het ons besluit om mnr. Armstrong se finale boek *Geheimenis Van die Eeue,* te herdruk en te versprei. Enkele weke daarna het die WKG 'n hofgeding teen ons aanhangig gemaak om ons te stuit, waarop ons 'n teeneis ingedien het—die herdruk en verspreiding van 18 *addisionele* werke van mnr. Armstrong, wat ons beskou as sentraal tot ons geloof.

In Maart 2003, verkry ons die kopieregte ten opsigte van *Geheimenis Van die Eeue* en die 18 ander werke van mnr. Armstrong wat ons met ons teeneis aangevra het. In minder as 'n jaar, het ons feitlik almal herdruk en word aan enigiemand wat hierdie lewensveranderende werke, verlang, gratis aangebied.

Die WKG mag mnr. Armstrong, postuum uit hul kerk uitgewerp het, maar hulle sal nooit kan ontslae raak van sy leerstellings nie. Soos wat hierdie storie verder ontplooi en die WKG hulle self vernietig, kan u verseker wees dat die werke van mnr. Armstrong nooit sal sterf nie. God se eindtyd boodskap van Maleági, sal uitgestuur word. Die Werk sal voortgaan.

# KONTAK INLIGTING

**Om die Filadelfia Kerk van God te bereik vir die bestelling van literatuur, sowel as 'n besoek deur 'n leraar aan te vra:**


### POSADRESSE WÊRELDWYD

**Verenigde State:** Philadelphia Church of God,
P.O. Box 3700, Edmond, OK 73083

**Kanada:** Philadelphia Church of God,
P.O. Box 400, Campbellville, ON L0P 1B0

**Karibiese Eilande:** Philadelphia Church of God,
P.O. Box 2237, Chaguanas, Trinidad, W.I.

**Brittanje, Europa, Midde-Ooste:** Philadelphia Church of God,
P.O. Box 16945, Henley-in-Arden, B95 8BH, United Kingdom

**Afrika:** Philadelphia Church of God, Postnet Box 219,
Private Bag X10010, Edenvale, 1610, South Africa

**Australië, Indië, Sri Lanka en die Pasifiese Eilande:**
Philadelphia Church of God, P.O. Box 293,
Archerfield, QLD 4108, Australia

**Nieu-Seeland:** Philadelphia Church of God,
P.O. Box 6088, Glenview, Hamilton 3246

**Fillipyne:** Philadelphia Church of God, P.O. Box 52143,
Angeles City Post Office, 2009 Pampanga

**Latyns-Amerika:** Philadelphia Church of God,
Attn: Spanish Department, P.O. Box 3700,
Edmond, OK 73083, United States

### SKAKEL IN BY ONS

**Besoek ons webwerf:** www.dieBasuin.com
**E-mail:** briewe@dieBasuin.com



GERALD FLURRY is die pastoor-generaal van die “Philadelphia Church of God”. Hy is reeds vir meer as 30 jaar ‘n ingewyde leraar. Mnr. Flurry is onder andere ook die hoofredakteur van die “Philadelphia Trumpet”-tydskrif wat ‘n lesersomvang van meer as 1 miljoen het, en is ook die aanbieder van die “Key of David” televisie-program, wat ‘n potensiële gehoor van 400 miljoen kykers, wêreldwyd bereik. Hy is ook kansellier van “Herbert W. Armstrong College” en voorsitter van die Armstrong Internasionale Kultuurstigting.

Mnr. Flurry het voorheen onder Herbert W. Armstrong as leraar in die “Worldwide Church of God” gedien. Nadat sy lidmaatskap van die “Worldwide Church of God” onttrek is, as gevolg van sy weerstand teen die oorweldigende doktrinêre veranderinge, het hy in 1989 die “Philadelphia Church of God” gestig.

Mnr. Flurry het al meer as 20 lande besoek, insluitend die Verenigde Koninkryk, Duitsland, Israel, Suid-Afrika, die Fillipyne, China, Australië en ander. Hy is die outeur van meer as 40 boeke en boekies en het hy suksesvol vir die kopieregte om mnr. Armstrong se belangrikste boek, “Mystery of the Ages” en 18 ander werke, suksesvol in ‘n regsgeding verdedig . Deur Persoonlike Optrede Veldtogte, profeteer hy weer in die tradisie van Herbert W. Armstrong en lewer hy God se finale brandwag-waarskuwing aan die wêreld.